# RYPHEID EN AFLEGGING VAN GELOOFSBELYDENIS

deur

B. v.d. Walt, B.A., Th.B

Verhandeling voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad Theologiae Magister aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

VRYBURG
DESEMBER 1976

# DANKBETUIGINGS

Dit is in diepe dankbaarheid en erkentlikheid teenoor die HERE dat hierdie verhandeling aangebied word.

Dit was 'n besondere voorreg om onder leiding van prof. dr. P.W. Buys as leier en prof. dr. J.J. van der Walt hierdie verhandeling te kon begin en voltooi. Hulle inspirasie en meelewing sal altyd 'n dankbare en aangename herinnering bly.

Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Vryburg se belangstelling en aanmoediging tot verdere studie en die daadwerklike tegemoetkoming deur studieverlof toe te staan erken ek met diepe waardering. Ook was die belangstellende gesindheid van die gemeente vir my 'n bron van groot inspirasie en aanmoediging.

Aan die tiksters, mej. Marthie Bure, mevv. Bessie Viljoen en Annatjie Olivier, wat met groot nougesetheid hulle taak verrig het, my innige dank.

Die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek en die biblioteek van die Teologiese Skool te Potchefstroom bedank ek vir hulle hulpvaardigheid in die verskaffing van literatuur.

My besondere waardering aan prof. dr. H. Venter dat hy te midde van baie werk bereid was om hierdie verhandeling taalkundig te versorg.

Aan my vrou, Stephanie, en my twee dogters, Andie en Elma, my innige waardering vir hulle vertroue en ondersteuning wat vir my onontbeerlik was.

My wens is dat hierdie studie 'n bydrae mag wees tot die verdieping en uitbouing van die Diakonologiese vakke in die Gereformeerde Teologie, in die besonder die Kategetiek.

# INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING .......................... | 1 |
| 1.1 | Probleemstelling .................... | 1 |
| 1.2 | Aktualiteit ......................... | 2 |
| 1.3 | Leemtes in bestaande literatuur .... | 8 |
| 1.4 | Doel, begrensing en metode van die studie ............................ | 9 |
| 1.5 | Werkplan ........................... | 11 |
| 2. | HISTORIESE OORSIG VAN RYPHEID EN AFLEGGING VAN GELOOFSBELYDENIS .... | 13 |
| 2.1 | Die Nuwe Testament ................. | 13 |
| 2.2 | Die vroeë Christelike kerk ......... | 14 |
| 2.3 | Die Middeleeue ..................... | 16 |
| 2.4 | Die voorlopers van die Reformasie .. | 20 |
| 2.5 | Die Reformasie ..................... | 21 |
| 2.5.1 | Luther ............................. | 22 |
| 2.5.2 | Zwingli ............................ | 24 |
| 2.5.3 | Bucer .............................. | 25 |
| 2.5.4 | Calvyn ............................. | 29 |
| 2.6 | Die Na-Reformatoriese tyd .......... | 34 |
| 2.7 | Suid-Afrika ........................ | 38 |
| 2.8 | Samevatting en kritiese terugblik .. | 43 |
| 3. | AFLEGGING VAN GELOOFSBELYDENIS EN DIE VEREISTES WAT DIT AAN DIE KATKISANT STEL ...................... | 45 |
| 3.1 | Geloof ............................. | 45 |

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 3.1.1 | Die betekenis van die woord "geloof" . | 45 |
| 3.1.2 | Die oorsprong en werksaamheid van die geloof .......................... | 47 |
| 3.1.3 | Geloof as vermoë en daad ............ | 50 |
| 3.1.4 | Die wese van die ware geloof ........ | 52 |
| 3.1.5 | Die inhoud van die geloof ........... | 56 |
| 3.1.6 | Voorwerp van die ware geloof ........ | 58 |
| 3.1.7 | Geloof wat nie vrug van die wedergeboorte is nie ..................... | 58 |
| 3.2 | Aflegging van belydenis ............. | 60 |
| 3.2.1 | Die wese van belydenis .............. | 60 |
| 3.2.2 | Die karakter van aflegging van belydenis van geloof ...................... | 62 |
| 3.2.3 | Die inhoud van die belydenisaflegging. | 64 |
| 3.2.4 | Die doel van aflegging van belydenis van geloof .......................... | 67 |
| 3.2.5 | Aflegging van geloofsbelydenis, die sakramente en volledige lidmaatskap van die kerk ....................... | 73 |
| 3.2.6 | Die noodsaaklikheid van geloofsbelydenis ............................... | 76 |
| 3.3 | Rypheid ............................. | 77 |
| 3.3.1 | Wat is rypheid? ..................... | 78 |
| 3.3.2 | Rypheid as 'n status in die verbondskind ............................... | 79 |
| 3.3.3 | Rypheid as 'n staat in die kerk ..... | 82 |
| 3.3.4 | Gevolgtrekking ...................... | 82 |
| 3.3.5 | Rypheid en leeftyd .................. | 83 |
| 3.3.6 | Kenmerke van rypwording ............. | 87 |
| 3.3.7 | Rypheid en die meting daarvan ....... | 91 |
| 3.4 | Gevolgtrekking ...................... | 97 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 4. | LEEFTYD WAAROP DIE KATKISANT RYP IS OM AAN DIE EISE IN 3 GENOEM TE VOLDOEN ........................ | 99 |
| 4.1 | Tien tot 14 jaar, die jare vóór puberteit as 'n moontlikheid wanneer belydenis van geloof afgelê kan word .. | 100 |
| 4.1.1 | Positiewe faktore .................. | 100 |
| 4.1.2 | Negatiewe faktore .................. | 105 |
| 4.2 | Beoordeling van die leeftyd 10 tot 14 jaar as moontlikheid vir aflegging van belydenis van geloof ........... | 110 |
| 4.3 | Vyftien tot 16 jaar, die eintlike puberteitsjare, as 'n moontlikheid wanneer belydenis van geloof afgelê kan word ............................. | 111 |
| 4.3.1 | Die godsdiens van die kind gedurende hierdie jare ........................ | 111 |
| 4.3.2 | Praktiese probleme wat die kind in hierdie tyd teëkom .................. | 115 |
| 4.4 | Beoordeling van die leeftyd 15 tot 16 jaar as 'n moontlikheid wanneer aflegging van belydenis van geloof kan plaasvind ........................... | 116 |
| 4.5 | Sewentien tot 21 jaar, die adolessensie en die eerste jare van volwassenheid, as 'n moontlikheid wanneer belydenis van geloof afgelê kan word .... | 117 |
| 4.5.1 | Die godsdiens van die jongmens op hierdie leeftyd .................... | 117 |
| 4.5.2 | Praktiese probleme gedurende hierdie leeftyd ............................ | 119 |
| 4.6 | Beoordeling van die leeftyd 17 tot 21 jaar as 'n moontlikheid wanneer belydenis van geloof afgelê kan word .. | 121 |

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 5. | DIE INRIGTING VAN DIE KATEGESE OM DIE KATKISANT OP DIE RYPHEIDS-LEEFTYD BELYDENIS VAN GELOOF TE LAAT AFLÊ | 125 |
| 5.1 | Die inrigting van die kategese | 125 |
| 5.2 | Die leerstof | 127 |
| 5.2.1 | Algemene oorsig | 127 |
| 5.2.2 | Die Bybel as leerstof | 129 |
| 5.2.3 | Die leer van die kerk as leerstof | 131 |
| 5.2.4 | Die kerkgeskiedenis as leerstof | 134 |
| 5.2.5 | Bykomende toerusting | 136 |
| 5.3 | Die metodiek van die onderrig van die leerstof | 138 |
| 5.3.1 | Algemeen | 138 |
| 5.3.2 | Die besondere metodiek van die kategese | 138 |
| 5.3.3 | Die besondere metodes wat in die kategese aangewend moet word om die verbondskind tot geloofsrypheid te lei | 139 |
| 5.3.4 | Ander metodes | 143 |
| 5.3.5 | Die hoofdoel van die metodiek | 143 |
| 5.4 | Die leerplan | 144 |
| 5.5 | Klasindeling | 148 |
| 5.6 | Die belydenisklas | 149 |
| 5.7 | Samevatting | 153 |
| | SLOT | 155 |
| 1 | BYLAAG | 159 |
| 2 | BYLAAG | 160 |
| | ABSTRACT | 166 |
| | BIBLIOGRAFIE | 169 |

# 1. <u>INLEIDING</u>

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Die huidige praktyk in Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is dat verbondskinders op sestien- tot sewentienjarige leeftyd belydenis van geloof aflê (De Villiers, 1957, p.333; Bylaag 2, vr. 2; Geref. Kerk, 1961, p.439; Van Wyk, 1972, p.33).

Die probleem waarop 'n prinsipiële antwoord gegee moet word, is: Kan 'n sekere leeftyd as <u>terminus ad quem</u> vasgestel word waar belydenis van geloof afgelê kan word gesien die feit dat rypheid in die geloof as norm gestel word vir aflegging van belydenis van geloof? (Bijlsma, 1962, p.274; Geref. Kerk, 1967, p.544; N.H. Kerk, 1967, p.52; N.G. Kerk, 1966, p.286-542.)

Onder rypheid in die geloof verstaan ek tweërlei: Eerstens die status wat die verbondskind in homself bereik het, langs die weg van wedergeboorte en opvoeding, as gevolg waarvan hy 'n selfstandige, persoonlike, welbewuste belydenis van sy geloof kan aflê, tweedens die gereedheid van die verbondskind om in die volle gemeenskap van die kerk sy plek in te neem.

Rypheid in die geloof kom tot openbaring deur aflegging van belydenis van geloof, wat daardie daad is waar die verbondskind in antwoord op die belydenisvrae openlik in die kerk, in die midde van die gemeente, teenoor God bely dat hy/sy glo.

## 1.2 AKTUALITEIT

### 1.2.1 Die aktualiteit van hierdie probleem word deur verskeie skrywers bevestig

De Villiers (1957, p.80-1) wys daarop as hy sê: "Daar is geen kwessie in verband met die objek van die kategese wat tans 'n meer aktuele en brandende vraag is, as juis hierdie ouderdomsgrens nie".

Ook Van Wyk (1972, p.33) bevestig dit deur te sê: "Net die blote feit dat hierdie tema op die sakelys van die predikante-konferensie voorkom, dui daarop dat daar bedenkinge bestaan teen die huidige situasie".

In 'n hoofartikel stel die redakteur van Die Kerkblad (Kempff, 1975, p.3) die vraag: "Hoe oud moet 'n kind of jongmens wees by die aflê van belydenis van geloof?"

1.2.2 Die Gereformeerde Kerk (1862, art. 39, p.18) het reeds op sy eerste sinodale vergadering te doen gekry met die vraag: "of deze Synodale Vergadering ook een bepaald getal jaren zal besluiten om de kinderen der gemeente op belijdenis tot het Avondmaal toe te laten". Daarna het die vraag herhaaldelik (1863, p.12, art. 25; p.16, art. 44; 1866, p.18, art. 71; 1879, p.56, art. 172; 1904, p.23, art. 63) voorgekom en in 1961, (Geref. Kerk, p.439) het uit die antwoorde van vraelyste aan gemeentes geblyk: "Ongeveer 'n derde van die Kerkrade beskou die ouderdom (16½ - 17 jaar) tog as te laag, omdat die nodige rypheid en standvastigheid nog ontbreek". In 1967 (Geref. Kerk,

p.547) besluit die Sinode: "Die ouderdom van belydenisklaskinders moet <u>liewer</u> (my kursivering) bo 18 jaar as daaronder wees". Tot 'n duidelike prinsipiële uitspraak het die Gereformeerde Kerk dus nog nie gekom nie.

Aangaande die Nederduitse Gereformeerde Kerk sê De Villiers (1957, p.351): "Die vasstelling van die eindouderdom van toelating tot aflegging van belydenis is die gereeldste punt insake die Kategese op die sakelys van ons Sinodes". In 1966 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk (pp. 286, 542) en in 1967 die Nederduitsch Hervormde Kerk (p.52) slegs 'n minimum leeftyd vasgestel.

1.2.3 Skerp kritiek op die huidige praktyk word deur kategete soos De Villiers en Higgo uitgespreek. De Villiers (1957, p.83) sê onomwonde: "Dit (is) ons mening dat 16 jaar beslis te jonk is. Daartoe gee die hele studie van die objek in die lig van die nuwere psigologie en pedagogiek ons afdoende rede". Hy is verder van mening (ibid., p.352) dat 16 jaar te veel 'n historiese noodwendigheid geword het in plaas daarvan dat die basiese vereiste, die vereiste om die volle verantwoordelikheid te kan aanvaar, beklemtoon word.

Higgo (1968, p.213) stem hiermee saam as hy sê dat wat ook al die besware uit 'n praktiese, historiese en maatskaplike oogpunt mag wees, 16 jaar uit 'n psigologiese en pedagogiese oogpunt beskou beslis te jonk is.

1.2.4 Hernude besinning oor hierdie baie belangrike saak vir die verbondskind en die welwese van die kerk is dus noodsaaklik. Belangrike bykomende vraagstukke vandag is: die tydgees; die situasie van die moderne jongmens; die vraag of die aflegging van belydenis van geloof nie 'n meganiese handeling geword het nie; die inligting wat die nuwere psigologie en pedagogiek aangaande die objek, die verbondskind, bied waardeur hy beter verstaan en begryp word, en die nuwere siening in verband met die objek van die kategese.

1.2.4.1 Die tydgees is die van sekularisme en horisontalisme (Van Wyk, 1974, p.3), 'n lewensbeskouing wat die mens en die wêreld uit geen ander bron as uit homself wil verklaar nie. Die klem het van God na die mens, van die hemel na die aarde, van die hiernamaals na die hiernoumaals verskuif. In hierdie wêreld met sy ontsettende struikelblokke vir die jeug moet die verbondskind as belydende lidmaat gaan staan. Kan hy dit doen op sestienjarige leeftyd?

1.2.4.2 Die situasie van die moderne jongmens het in teenstelling met 50 tot 100 jaar gelede geweldig verander. Die lewe was toe baie minder gekompliseerd. Die jongmens het vroeër vir volwassenheid gekwalifiseer, vroeër in die huwelik getree en vroeër belydenis van geloof afgelê (Van Wyk, 1972, p.34). Vandag is die situasie van die jongmens baie meer gekompliseerd. Meganisasie en industrialisasie maak die leefwêreld van die mens al meer ingewikkeld. Groter eise word

aan die mens gestel om sy situasie te beheers, soos beter kwalifikasies, wat weer langer studietydperk vereis. (Vyf jaar gelede kon onderwysers 'n twee-, drie- of vierjarige kursus loop, vandag duur alle kursusse behalwe die PUOLM vier jaar (P.U. vir C.H.O. 1975, pp. 386 - 414). "Die gevolg hiervan is dus 'n vertraagde volwassewording, 'n langer afhanklikheids-omstandigheid" (Van Wyk, 1972, p.34).

Tereg sê Van Wyk (1972, p.34) dat hierdie vertraagde volwassewording egter nie latere aflegging van geloofsbelydenis tot gevolg gehad het nie. Soos De Villiers (1957, pp. 83, 352) en Higgo (1968, p.213) meen Van Wyk (1972, p.34) dat die huidige situasie van aflegging van geloofsbelydenis aan tradisie en praktiese eise toegeskryf moet word.

1.2.4.3 'n Vraag wat al meer aandag verdien, is of aflegging van belydenis van geloof nie maar 'n meganiese afsluiting van die kategese geword het nie. Allerlei argumente word aangebied waarom belydenis van geloof so gou moontlik afgehandel moet word (die kind gaan uit die huis om te werk, vir militêre opleiding, vir verdere studie). Hierdeur word leeftyd en geloofsrypheid heeltemal sekondêr. Die Sinode van die Gereformeerde Kerk het in 1967 (p.547) al 'n duidelike waarskuwing hierteen laat hoor: "Dit moet beklemtoon word dat die aflê van belydenis nie 'n outomatiese afsluiting van die katkisasie moet wees nie. Dit bevorder meganiese ondeurdagte optrede". Desnieteenstaande het die algemene praktyk nie verander nie, sodat kommer oor hierdie aspek toeneem.

1.2.4.4 Dit is veral De Villiers (1957, p.83) en Higgo (1968, p.213) wat op grond van die lig wat die studie deur die nuwere psigologie en pedagogiek op die objek, die verbondskind, werp, tot die gevolgtrekking kom dat 16 jaar beslis te jonk is om belydenis van geloof af te lê. Maar reeds in 1916 het Hoekstra (p.13) gekla dat in die kategese te weinig met die sielkunde rekening gehou word. Ook Ten Have (1948, pp. 68-83, 89) beklemtoon dit dat die kategeet 'n grondige kennis van die puerale, prepuberteits-, puberteits-, en adolessente leeftye behoort te hê.

Dit is veral die ontwikkelingspsigologie (Bijlsma, 1962, p.107) wat belangrike gegewens bied oor die wyse waarop die mens van suigling tot 'n volwasse en verantwoordelike persoonlikheid op weg is, en ook veral oor die moontlikhede wat by die beïnvloeding van hierdie mens-onderweg voorkom. Higgo (1968, p.217) kom dan ook tot die gevolgtrekking dat die psigologie 'n onmisbare hulpmiddel is, veral ten opsigte van die lig wat dit op die objek van die kategese werp, om die mens-onderweg so te beïnvloed dat die doel van die kategese: aflegging van belydenis van geloof, daardeur bereik kan word.

Daar sal dus meer gebruik gemaak moet word van die inligting van veral die ontwikkelingspsigologie by die bepaling van die leeftyd waarop die verbondskind geestelike rypheid bereik sodat hy in staat is tot 'n rype, mondige, persoonlike belydenis van sy geloof.

1.2.4.5 Die nuwere beskouing oor die objek van die kategese (Kruger, 1975, p.24-5) is dat ook die volwasse belydende lidmate van die kerk na aflegging van belydenis van geloof as volwaardige objekte van kategese gesien moet word. As motivering word afvalligheid aan die een kant en die eis tot heiligmaking aan die ander kant gestel, terwyl aflegging van belydenis van geloof slegs as 'n "hoogtepunt" saam met die voorafgaande kategese gesien word, want "dis geen gearriveerdheid nie".

Kruger (1975, p.25) neem sterk standpunt in as hy stel dat die kerk moet wegkom van "'n bietjie peusel aan na-kategese, huwelikskategese, kategese vir doopouers en selfs blote kategismusprediking, en kom tot 'n standpunt waar ons alle lidmate ten volle as objekte van kategese bly sien en elkeen volgens sy eie lewensposisie voortdurend katkiseer".

1.2.4.6 Samevattend kan gekonkludeer word dat ernstige besinning oor rypheid en aflegging van belydenis van geloof 'n dringende noodsaaklikheid geword het.

## 1.3 LEEMTES IN BESTAANDE LITERATUUR

In bestaande werke oor kategese word daar telkens verwys na rypheid, maar dit word slegs in die algemeen in verband gebring met aflegging van belydenis van geloof. 'n Besondere studie gerig op rypheid en aflegging van belydenis van geloof ontbreek egter[1], en dit vorm 'n leemte in die literatuur oor die kategese.

---

1. Waardevolle werk in verband met die objek is veral gedoen deur: J. Waterink ("Puberteit", 1955 en "De psychologie van het kind op de lagere school", 1956); A. Kuypers ("Inleiding in de Zielkunde" 1963 en "De Ziel van het Kind", 1947); H.J.J. Bingle ("Enkele godsdienstige opvattinge van die middelbare skoolleerlinge", 1940, en "Metodiek van godsdiensonderrig op die middelbare skool" 195?) en J. Chris Coetzee ("Die kind en sy godsdiens" 1933). Met sy werk "Die sielkunde as hulpmiddel vir die kategese" (1968) het G. Higgo 'n belangrike bydrae gelewer. J.H. van Wyk het met sy artikel: "Rypheid" en "Belydenisaflegging van geloof", In die Skriflig 6(21):33-40, 21 Maart 1972, die probleem van rypheid en aflegging van belydenis van geloof pertinent onder die aandag gebring.

## 1.4 DOEL, BEGRENSING EN METODE VAN DIE STUDIE

### 1.4.1 Doel van die studie

Die doel van hierdie studie is om 'n prinsipiële antwoord te vind op die probleem op watter leeftyd rypheid en leeftyd vandag met mekaar saamval sodat aflegging van belydenis van geloof welbewus kan geskied. Hierdie antwoord kan slegs dien tot die welsyn van sowel die verbondskind as die kerk van Christus op aarde.

### 1.4.2 Begrensing van die studie

Hierdie studie is alleen gerig op die Protestante kerke, met die fokus veral op die situasie van die drie Afrikaanse Kerke in Suid-Afrika. In besonder sal klem gelê word op die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

### 1.4.3 Plek van die studie in die vakwetenskappe

Hierdie studie val op die gebied van die diakonologiese vakke, in die besonder die Kategetiek, met as hulpwetenskappe die Psigologie, met name die Kinderpsigologie, en die Opvoedkunde.

### 1.4.4 Metode van studie

#### 1.4.4.1 Literatuurstudie

1.4.4.1.1 Relevante bronne in die Kategetiek is nagegaan om veral te kom tot 'n vasstelling van die wese

en karakter, die subjek, objek en doel van die kategese, aangesien die siening hiervan bepalend is vir die doel van hierdie studie.

1.4.4.1.2 'n Seleksie van literatuur uit die Psigologie en veral die Kinderpsigologie is nagegaan om insig te bekom in die ontplooiing van die geestelike lewe van die kind in die verskillende lewensjare, met klem veral op die pre-, puberteits- en die adolessensiejare.

1.4.4.1.3 'n Seleksie van literatuur uit die Pedagogiek is ook nagegaan, omdat die opvoeding en onderwys van die verbondskind baie belangrike meewerkende faktore is om die verbondskind te lei tot rypheid en aflegging van belydenis van geloof.

Deur middel van analise en sintese is al die relevante gegewens krities beoordeel en ingepas.

1.4.4.2 Eie waarneming in die praktyk

Eie waarneming as predikant die afgelope veertien jaar het my bewus gemaak van probleme rondom rypheid en aflegging van belydenis van geloof.

As kategeet is ek bevoorreg dat ek die afgelope ses jaar alle katkisasieklasse, van die eerste tot die laaste, self kon waarneem, en sodoende het ek noue kontak met katkisasiekinders van alle ouderdomme gehad. Dit het aan my insig gegee in die verbondskind en sy probleme.

1.4.4.3 Onderhoude

Ter voorbereiding vir hierdie verhandeling is gesprekke gevoer met predikante, ouers en persone wat twee tot drie jaar vantevore belydenis van geloof afgelê het.

1.4.4.4 Vraelys

'n Vraelys (Bylaag 1) is aan 'n gelyke aantal predikante van die drie Afrikaanse Kerke gestuur ter wille van kontrolering van 'n eie oordeel.

## 1.5 WERKPLAN

Die studie bestaan uit drie hoofafdelings: 'n historiese, 'n prinsipiële en 'n praktiese.

Die historiese gedeelte gee 'n oorsig van hoe daar in die verlede geoordeel is oor rypheid by aflegging van geloofsbelydenis en hoe die praktyk daar uitgesien het (2).

In die prinsipiële gedeelte word eerstens bepaal wat aflegging van geloofsbelydenis is en watter eise dit aan die katkisant stel (3).

Daarna word ingegaan op die leeftyd waarop die katkisant ryp is om aan die eise genoem in 3 te voldoen (4).

Die praktiese gedeelte omvat 'n ondersoek hoe die kategese ingerig moet word om die katkisant op die rypheidsleeftyd belydenis te kan laat aflê (5).

# 2. HISTORIESE OORSIG VAN RYPHEID EN AFLEGGING VAN GELOOFSBELYDENIS

## 2.1 DIE NUWE TESTAMENT

Die geskiedenis van geloofsbelydenis soos dit in die Christelike kerk gevind word, begin met Pinkster, alhoewel Petrus die eerste ware Christelike geloofsbelydenis uitgespreek het toe hy op die vraag van Jesus: "Maar julle, wie sê julle is Ek?" (Matt. 16:15), geantwoord het: "U is die Christus, die Seun van die lewende God" (Matt. 16:16).

In die Nuwe Testament is hierdie geloofsbelydenis by volwassenes, met en na Pinkster, as noodsaaklik beskou om die sakrament van die heilige doop te ontvang. Die belydenis van die persoonlike geloof in Jesus as die Christus moes aan die doop voorafgaan. Petrus sê aan die skare op die Pinksterdag: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word .... Die wat sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop" (Hand. 2:28,41). Filippus sê aan die hofdienaar van Ethiópië: "As u glo met u hele hart, is dit geoorloof" (om gedoop te word). Daarop het hy geantwoord: "Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is" (Hand. 8:37). So word dit ook gevind in die geval van Cornelius (Hand. 10: 46-48), Lidia (Hand. 16: 13-15), die tronkbewaarder van Filippi (Hand. 16: 30-39), Crispus en baie Korinthiërs (Hand. 18:8).

Die beskouing aangaande geloofsbelydenis gedurende hierdie tyd was dat dit uitdrukking gegee het aan die

geloof met die hele hart dat Jesus die Christus is. By die volwassenedoop[1] het geloofsbelydenis die doop voorafgegaan.

## 2.2 DIE VROEË CHRISTELIKE KERK

In die vroeë Christelike kerk is daar verskil gemaak ten opsigte van die geloofsbelydenis van diegene wat uit die Jodedom of heidendom begeer het om hulle by die Christelike kerk te voeg, die proseliete en, aan die ander kant, die kinders van die gemeente. Die proseliete is vir korter of langer tyd deur die biskop onderrig, waarna hulle belydenis van geloof in die midde van die gemeente afgelê het, en daarna is hulle gedoop (Biesterveld, 1900, p.15-8; Sizoo, 1956, p.517). Met die gedoopte kinders van die gemeente is egter anders gehandel. Hulle is alleen deur die ouers of peetouers in die Ou en Nuwe Testament onderrig. Hulle belydenis van geloof het die vorm aange-

---

1. Van Lidia, Cornelius en die tronkbewaarder van Filippi word vermeld dat almal wat in die huis was, gedoop is. Van die tronkbewaarder word spesifiek vermeld dat die Woord van die Here verkondig is aan almal wat in sy huis was (Hand. 16:32). Die huisgesin moes ook glo voordat hulle gedoop is, en onder hulle was seker ook kinders van verskillende leeftye. Die kinders wat kon, het dus seker ook die geloofsbelydenis uitgespreek, terwyl die wat te klein was, op grond van die geloofsbelydenis van die ouers gedoop is.

neem van 'n ondersoek wat deur die biskop ingestel is na hulle kennis aan die hand van 'n toe algemeen gebruikte "formula catechismi" (Van 't Veer, 1942, p.302). Hierdie ondersoek het plaasgevind "tegen het einde van hun kinderjaren, of in het begin van hun jongelingsjaren" (Sizoo, 1956, p.517). Dit was 'n ernstige en heilige handeling, maar om dit nog indrukwekkender te maak het die biskop hulle die hande opgelê en met 'n plegtige seën laat gaan.

In die vroeë Christelike kerk was daar dus 'n taamlike groot verskil tussen die aflegging van geloofsbelydenis van die proseliete en die van die gedoopte kinders van die gemeente. By die geloofsbelydenis van die kinders het die karakter van 'n openbare handeling in die midde van die gemeente, in die erediens, ontbreek. In die voorbereiding van die kinders tot aflegging van geloofsbelydenis het die kerk, in teëstelling met die van die proseliete, 'n geringe aandeel geneem. Die voorbereiding van die kinders het alleen daaruit bestaan dat hulle eredienste moes bywoon, en soms is hulle in afsonderlike "aanspraken in de homilie" onderrig (Biesterveld, 1900, p.19).

Met hierdie onderrig, saam met die van hulle ouers of peetouers, is die kinders teen die einde van hulle kinderjare of in die begin van hulle jongelingsjare, dus van 12 tot 14 jaar, as ryp genoeg beskou om belydenis van geloof af te lê.

## 2.3 DIE MIDDELEEUE

In die eerste jare van die Middeleeue het die proselietekategumenaat in die kinderkategumenaat oorgegaan (Biesterveld 1900, p.19), en daarmee het groot veranderinge in die kategese en in die aflegging van belydenis van geloof gekom. In die plek van die kategetiese onderrig en die daaraan verbonde belydenis van geloof het die sakrament van die vormsel gekom (Van 't Veer, 1942?, p.15). Hierdie sakrament het ontstaan uit die praktyk van die plegtige handoplegging wat by aflegging van belydenis van geloof in die vroeë Christelike kerk gevolg is. Toe die kerk onder die volk gevestig was en die kinderdoop algemeen toegepas is, is die handoplegging by belydenis van geloof geskei van die doop en het dit uitgegroei tot 'n selfstandige kerklike handeling. Op die Konsilie van Oranje (441) is hierdie handeling die eerste keer "konfirmasie" genoem en as bevestiging van die doopgenade gesien (Bijlsma, 1962, p.85-6). Die ontwikkeling in die leer van die sakramente het verder meegebring dat hierdie handoplegging, waarmee 'n salwing op die hoof gepaard gegaan het, beskou is as 'n werklike mededeling van Geestesgawes waarby die genade wat in en deur die doop ontvang is, aangevul is (Van 't Veer, 1942?, p.15).

Hierdie proses van losmaking uit die verband van die doop het daartoe gelei dat die handoplegging en salwing uitgegroei het tot die afsonderlike seremonie van die vormsel. Steeds meer is dit opgevat as 'n aanvulling van die doopsgenade met die gawe van die

Heilige Gees en met krag (Bijlsma, 1962, p.86). Omstreeks die 12de eeu het daar 'n al groter skeiding tussen konfirmasie en doop gekom, totdat die konfirmasie verskuif is tot na die eerste kommunie. Nou is dit ook al meer gesien as 'n versterking tot die geloofstryd en nie meer net as 'n aanvulling van die doopsgenade nie (Bijlsma, 1962, p.86-7). So is die weg gebaan om die konfirmasie of vormsel as 'n aparte sakrament te erken, en dit is in die 13de en 14de eeu deur sinodale en pouslike dekrete bevestig (Van 't Veer, 1942, p.15). Reeds by Hugo van St. Victor (± 1141) het die verselfstandiging van die vormsel 'n vaste vorm gekry. Hy het 'n vastyd aan die vormsel laat voorafgaan as voorbereiding vir die ontvangs daarvan. Ook moes die kinders 'n sekere leeftyd bereik het - genoem <u>anni discretionis</u> (jare van onderskeiding) - voordat die vormsel tussen die sewende en die twaalfde jaar bedien is. Só is die betekenis van die vormsel op die Sinode van Florence in 1439 vasgestel. In die ry van sakramente het die vormsel ná die doop die tweede plek gekry (Bijlsma, 1962, p.87).

Die onskriftuurlike beskouing oor die verhouding tussen Woord en Sakramente het meegebring dat die magiese werking van die sakramentele genade van die vormsel as van hoër orde beskou is as die onderrig in die waarheid van die leer. Calvyn (Sizoo, 1956, p.518) sê hiervan dat dit 'n versinsel is dat die krag van die vormsel bestaan in die skenking van die Heilige Gees tot vermeerdering van die doopsgenade en tot versterking in die stryd om die Naam van Christus met

vrymoedigheid te bely. Die vormsel het slegs bestaan uit salwing met olie en die uitspreek van die formule: "Ik teken u met het teken des heiligen kruises, en versterk u met de zalving der zaligheid, in de naam des Vaders en des Zoons, en des Heiligen Geestes" (Sizoo, 1956, p.519). Calvyn vra tereg: Waar is die Woord van God wat die teenwoordigheid van die Heilige Gees beloof? Al wat gesien word, is 'n dik, vet vog - olie. Verder niks (Sizoo, 1956, p.519). Maar so het in die Middeleeue in die plek van belydenis van geloof die sakrament van die vormsel gekom.

Die gevolg van hierdie ontwikkeling was dat die kerk die roeping tot onderrig van die verbondskinders en om hulle tot belydenis van geloof te bring nie meer verstaan het nie. Calvyn noem dan ook hierdie sakrament 'n ontydige gedrog (Sizoo, 1956, p.528).

Van 't Veer (1942, p.286) wys daarop dat die Middeleeuse kategese nie 'n afsluiting geken het nie. Die vormsel is nooit as afsluiting van die kategese beskou nie. Trouens, die ontvangs van die meegedeelde sakramentele genade het geen eis gestel dat enige bepaalde kategetiese stof geken moet word nie. Vir 'n lang tyd is selfs daarop aangedring dat die konfirmasie reeds in die eerste of tweede lewensjaar toegedien moes word, en was uitstel tot na die derde lewensjaar selfs strafbaar (Van 't Veer, 1942, p.287).

Die bieg was ook nie 'n afsluiting van die Middeleeuse kategese nie. Die ondersoek of die kinders die hoofsom van die geloofsleer geken het, was 'n handeling wat nie net tot die kind beperk was nie, maar het ook

die peetouers ingesluit om vas te stel of hulle in staat was om die kinders te onderrig (Van 't Veer, 1942, p.287). Die bieg het dan reeds op sewe jaar begin en die toelating tot die kommunie enkele jare later "bij het annus discretionis", wat deur Thomas van Aquino (1225 - 1274) op twaalf jaar gestel is (Berkelbach v.d. Sprenkel, 1956, p.182).

Ook die eerste kommunie was nie die afsluiting van die kategese nie, want geen besondere kerklike onderrig is as voorvereiste gestel nie (Van 't Veer, 1942, p.288). Trouens, Rome wou die kinders so vroeg moontlik as mondige lede aan die kerk vasbind. Die verbondenheid aan die kerk is vir hulle die enigste belangrike vereiste van gebondenheid aan God (Honig, 1938, p.688), omdat hulle geloof laat opgaan in loutere instemming met die leer van die kerk (De Groot, 1949, p.431). Daarom moet die jong kind so gou moontlik deur die sakrament van die vormsel aan die kerk verbind word (De Villiers, 1957, p.23). Die eerste kommunie met die konfirmasie (vormsel) is vervroeg tot die sewende en agtste jaar (Dijk, 1952, p.121). Jooste (1956, p.21-2) is daarom van mening dat die kategese van Rome alleen ten doel gehad het om gehoorsame seuns en dogters van die kerk te kweek. So is in die Middeleeue die lidmate van die kerk as ewig onmondig, ewige kategumene gehou. Die Reformasie sou hierin groot verandering bring.

## 2.4 DIE VOORLOPERS VAN DIE REFORMASIE

Reeds die voorlopers van die Reformasie sou aandag gee aan die herstel van aflegging van geloofsbelydenis. So kan die Waldense (± 1200) beskou word as die voorlopers van die reformatoriese belydenisaflegging (Bijlsma, 1962, p.87). Hulle het die "consolamentum" van die Kathare - 'n seremonie van geloofsverseëling - vervang deur die handoplegging en daar 'n grondige kategetiese onderrig aan laat voorafgaan. Sowel Wycliffe (1320 - 1384) as Huss (1369 - 1415) het die Roomskatolieke sakrament van die vormsel en die daarmee gepaardgaande mededeling van die Heilige Gees bestry (Bijlsma, 1962, p.87).

Dit was egter die Boheemse Broeders wat op die Waldense voortgebou het en die handoplegging uitgebrei het tot kategetiese onderrig en aflegging van belydenis van geloof as 'n selfstandige seremonie van persoonlike geloofskeuse. Dit het plaasgevind sodra die kinders selfstandig kon antwoord, dit wil sê van hulle twaalfde jaar af. Bijlsma (1962, p.88) meen dat die gedagte wat hieraan ten grondslag gelê het, is "dat de kinderdoop als zodanig niet effektief is en door persoonlijk afgelegde geloofsbelijdenis moet worden aangevuld". Volwassenes wat tot die Boheemse Broeders wou toetree, was hiervan vrygestel.

## 2.5 DIE REFORMASIE

Die Reformatore het weer op die onderrig in die Woord die volle nadruk gelê. As gevolg van die reformatoriese kerkbegrip, waar die skriftuurlike verhouding van Woord en sakramente meegebring het dat nie die ontvangs van sakramentele genade nie maar die kennis van die leer op die voorgrond gestaan het, is daarom die eis gestel dat elkeen rekenskap moet kan aflê van sy persoonlike geloof. Die gedagte van 'n onderwerping aan die hiërargies geleide kerkinstituut en die binding aan ampsdraers as bemiddelaars van die genade is heeltemal verwerp (Van 't Veer, 1942, p.288-9).

Die Reformasie het weer die praktyk van die vroeë Christelike kerk herstel dat hulle wat tot die volle gemeenskap van die kerk wil toetree, eers onderrig is, met die oog daarop dat "dezen hun Heiland belijden, derhalve die Heiland ook kennen en weten, wat de Kerk van Hem belijdt ..." (Dijk, 1952, p.119). So is die karakter van belydenis van geloof weer gehandhaaf. Om tot hierdie kennis te kom is die kinders deur die skole en die kerk in kategismusse onderrig (Bijlsma, 1962, p.65-6). Die jeug moes deur hierdie onderrig so ingelei word in die lewens- en denkwêreld van die kerk dat hulle deur persoonlike, selfbewuste geloofsbelydenis as belydende lidmate hulle plek in die kerk kon inneem. Die belydenis van geloof was onlosmaaklik verbind aan 'n ondersoek na die geloofsinhoud soos saamgevat in die kategismus (Van 't Veer, 1942, p.289). Waar die Reformasie alleen die doop en nagmaal as

sakramente erken het, is die doop as uitgangspunt van die kategetiese onderrig geneem en belydenis van geloof as doel en voorlopige afsluiting gestel en as voorwaarde vir die viering van die heilige nagmaal (Van 't Veer, 1942, p.289).

### 2.5.1 Luther

Dit was veral Maarten Luther wat 'n beslissende wending in die aflegging van geloofsbelydenis aangebring het deurdat hy die aflegging van belydenis van geloof aan die nagmaal verbind het (Bijlsma, 1962, p.89). Luther het die vormsel as sakrament afgewys en dit noodsaaklik geag dat die belydenis van geloof weer herstel word soos in die vroeë Christelike kerk, waar die handoplegging 'n belangrike plek ingeneem het. Hy praat dan ook van 'n "ceremonia sacramentalis" waarin die sekerheid van die vergewing van sonde aan die sondaar bevestig is. Die verband met die doop was vir Luther geleë in die opnuut aanvaar van die genade wat reeds in die doop volledig geskenk is. Daarmee het die konfirmasie vir Luther geword "het totaal van genadeverlening van Godswege én openlijke aanvaarding dezer genade door de zondaar, die eénmaal in het leven (semel in tota vita) bij de toelating tot het avondmaal plaatsvindt. Hiermee is de confirmatie van een aanvulling van de doop geworden tot een aanvaarding van de bij handoplegging verzekerde doopgenade als voorwaarde voor de deelneming aan de communie" (Bijlsma, 1962, p.89).

Aflegging van belydenis van geloof het in die eerste jare in die Lutherse Kerke die vorm aangeneem van 'n persoonlike ondersoek deur die predikant (Van 't Veer, 1942, p.289-290). Dit was dus nog 'n private en nie 'n openbare handeling nie. Histories het hierdie ondersoek nog aangesluit by die Middeleeuse gewoonte om aan die eerste kommunie die verpligte bieg te laat voorafgaan, aangesien die Lutherse Kerke nog die biegpraktyk behou het (Van 't Veer 1942, p.290). Die vorm van die ondersoek was in die beginjare beperk tot die leer van die sakramente, insonderheid tot die regte kennis van die nagmaal. Die aanstaande kommunikante moes by die ondervraging bewys lewer van voldoende kennis van die nagmaal en moes getuienis aflê dat hulle wens om op die regte wyse tot die nagmaal te kom. In die eerste jare was die kinders dus as ryp genoeg beskou vir aflegging van geloofsbelydenis as hulle kennis besit het aangaande die sakramente, insonderheid van die nagmaal. Spoedig egter is die ondersoek uitgebrei oor die hele kategismusinhoud (Van 't Veer, 1942, p.290). Van 't Veer (1942, p.290) wys daarop dat 'n tipiese bepaling van die oorgangstyd was dat baie lidmate hulle een keer per jaar vir so 'n ondersoek moes aanmeld. Die doel daarvan was om die onwaardige gebruik van die sakrament van die heilige nagmaal te voorkom. Dit het hier dus nie net om kennis gegaan nie maar ook om die vraag of die lewe in ooreenstemming was met die belydenis van geloof.

In 1535 is 'n ander baie belangrike verandering in die aflegging van geloofsbelydenis aangebring toe te

Liegnitz bepaal is dat alle kinders wat daarvoor in aanmerking kom, deur hulle ouers en peetouers "vor die diener in versammlung der gemeinde dargestelt werden, dasz zie ein öffentlich bekäntenis ihres glaubens thun, anstatt der firmung" (Van 't Veer, 1942, p.291). Hier word dus vir die eerste keer melding daarvan gemaak dat die private ondersoek ten huise van die predikant verander is na 'n ondervraging in die erediens in teenwoordigheid van die gemeente. Geloofsbelydenis het dus nou weer die openbare karakter aangeneem, soos dit in die vroeë Christelike kerk met die aflegging van geloofsbelydenis van volwassenes die geval was. In 1543 bepaal die Pfalz-Neuburger Kirchenordnung dan ook dat jongelinge nie tot die nagmaal toegelaat sal word nie, tensy hulle "vorhin öffenlich in der kirchen, vor dem volck, verhöret" is (Van 't Veer, 1942, p.291). Die kinders is nou as ryp beskou vir geloofsbelydenis as die drie hoofsake van die kategismus, die dekaloog, "credo" en "pater noster" asook die sakramente en die sleutels van die hemelryk geken is en die kinders ongeveer 13-14 jaar oud was (De Villiers 1957, p.81).

In die Lutherse Reformasie is die karakter van geloofsbelydenis later wesenlik aangetas toe al hoe meer op kennis nadruk gelê is, sodat dit meer die karakter van 'n geloofseksamen as dié van geloofsbelydenis aangeneem het (Van 't Veer, 1942, p.291).

### 2.5.2 Zwingli

In 1522 het Zwingli te Zürich bepaal (Van 't Veer,

1942, p.291-2) dat die jeug twee keer per jaar, met Paasfees en Kersfees, saamgeroep moes word om onderrig te word. Van ander kerklike onderrig word nie melding gemaak nie, gevolglik moet die ouers die kinders verder onderrig het. Aan die gedoopte kinders is nou soortgelyke onderrig gegee as wat deur die volwassenes in die vroeë kerk ontvang is, sodat hulle ná die onderrig selfstandig belydenis van dié geloof kan aflê wat hulle ouers en peetouers reeds by hulle doop vir hulle bely het. Hulle moes dan ook tydens die erediens belydenis van hulle geloof in die midde van die gemeente aflê. Ook in St. Gallen, by die uitgawe van die Kategismus in 1527, is bepaal dat die kinders van 9 tot 15 jaar op gesette tye Sondagmiddae in die kerk moes byeenkom om ondervra en onderrig te word. Ook die Baselse Kerkorde van 1529 het van die openbare katkisasies, vier per jaar, vir kinders van 7 tot 14 jaar melding gemaak (Van 't Veer, 1942, p.292).

In die Switserse kerke is die kinders van omstreeks 14 tot 15 jaar dus as ryp genoeg beskou om belydenis van hul geloof af te lê (Van 't Veer, 1942, p.293).

### 2.5.3 Bucer

In Straatsburg het Bucer, tydens die eerste verblyf van Calvyn aldaar, die ondersoek na die kennis wat toelating tot die heilige nagmaal voorafgegaan het, verander in 'n openbare aflegging van belydenis van geloof tydens die erediens in die midde van die gemeente.

Sy beskouing oor geloofbelydenis word geopenbaar in die seremonie wat hy daarvan gemaak het en wat van groot historiese betekenis is en gesien kan word as die "aanvang van de evangelische confirmatie" (Van 't Veer, 1942, p.293).[2] Van 't Veer is van mening dat in die "Ordenung der Kirchen zu Cassel" die suiwerste beskrywing van hierdie seremonie gevind word. Drie keer per jaar, op Kersfees, Paasfees en Pinksterfees, het geloofsbelydenis plaasgevind. Enkele weke vantevore is die kinders deur die predikant voorberei en het hulle elkeen persoonlik voor hom en die ouderlinge belydenis van geloof afgelê in die vorm van vrae en antwoorde. Die seremonie in die kerk het dan in hooftrekke só verloop: In die kerk het die kinders voor die kansel op 'n verhogie gesit, met daarnaas hulle ouers en peetouers. Die belydenisaflegging het aan die prediking voorafgegaan. Een van die kinders het namens die ander geantwoord op 'n agtiental vrae. Daarna is die "Symbolum" opgesê en 'n verklaring daarvan gegee. Hierop is in vraag en antwoord bely dat deur die doop inlywing in die kerk geskied en is belowe om in die gemeenskap van die kerk te volhard. Dit het ingehou om die Woord te gehoorsaam, die prediking in die geloof aan te hoor, die vermaning van die ampsdraers en mede-Christene te aanvaar en om teenoor ander volgens die kerklike tug op te tree.

---

2. Om sy beskouing te laat blyk word kortliks daarop ingegaan hoe Bucer geloofsbelydenis laat aflê het. Vir 'n volledige beskrywing hiervan vgl. Van 't Veer, 1942, pp.294, 296-7.

Verder het dit ingehou die eis om die nagmaal te onderhou, deel te neem aan die gebed, offers af te dra, om in alles te toon dat jy 'n Christen is en om aan die ampsdraers alle liefde en agting te bewys. Die belydenis is afgesluit met die vraag: "Wiltu aber dieses alles also thun vnd halten, wie du es bekennet hast?" Antwoord: :Durch die hülff vnsers Herren Jhesu Christi. Ja." Hierna is aan elkeen die vraag gestel: "Gleubst vnd bekennestu, wiltu dich auch inn die gemeinschafft vnd gehorsam der Kirchen christi begeben, wie du jtzt gehöret hast, das dieses kind glaubet vnd bekennet, vnd sich der Kirchen Christi begeben hat?" Die antwoord hierop is voldoende geag in die midde van die gemeente. Na hierdie geloofsbelydenis is die gemeente opgewek tot gebed waarin die predikant volgens 'n formulier voorgegaan het. Die gebed is gevolg deur plegtige handoplegging, waarby gesê is: "Nim hin den heiligen Geist, shutz vnd chirm vor allem argen, sterck vnd hülff zu allem gutem, von der gnedigen handt Gottes des Vater, Sohns vnd heiligen Geistes Amen". 'n Lofsang het die seremonie afgesluit.

Bucer het in die aflegging van belydenis van geloof dus 'n vyftal elemente onderskei: Die herhaling van die doopbelydenis; die voorbede met seën; die handoplegging; die toelating tot die nagmaal en die onderwerping aan die kerklike tug (Bijlsma, 1962, p.90).

Die rede vir die invoering van hierdie seremonie word gesoek in die stryd van Bucer teen die Anabaptiste (Van 't Veer, 1942, p.295). Die Anabaptiste het die

kerk verwyt dat die nagmaal ook aan openbare sondaars bedien is. Ook het hulle beswaar gehad teen die kinderdoop. Bucer het gemeen dat die kategetiese onderrig en die invoering van die belydenis van geloof 'n doeltreffende antwoord aan die Anabaptiste se verwyt was dat die kinders alleen maar gedoop is en verder aan hulle self oorgelaat is.

Aflegging van geloofsbelydenis het Bucer gesien as dié daad waarby die kinders wat tot die jare van onderskeiding gekom het, só optree dat hulle daardeur 'n rype, bewuste, persoonlike belydenis van hulle geloof aflê, beloftes doen en so vrywillig die gemeenskap van die kerk aanvaar (Van 't Veer, 1942, p.295).[3]

---

3. Daar is baie verskil van mening of Bucer met die handoplegging, die gebed in die gemeente en die uitspraak: "Nimm hin den heiligen Geist", 'n magies sakramentele betekenis aan die seremonie wou gee of nie (Van 't Veer 1942, p.299-300). Van 't Veer beweer (1942?, p.24) dat Bucer die handoplegging as 'n sakrament naas die doop gestel het, en dit selfs op een lyn met die nagmaal geplaas het; dat hy gesê het dat hulle wat hulle geloof bely, met die oplegging van hande en ook met die heilige nagmaal tot "standvastigheid in het Christelijk geloof en leven bevestigd worden". Van 't Veer (1942, p.301) kom dan ook tot die gevolgtrekking dat die handoplegging en die gepaardgaande spreuk wel in die rigting van 'n magies sakramentele opvatting wys. As dit so is, het Bucer die karakter van geloofsbelydenis wesenlik aangetas, maar dit is te betwyfel, aangesien daar geen aanduiding is dat Bucer wel die handoplegging as 'n sakrament gesien het nie. Van 't Veer staaf ook nie sy bewering met dokumentasie nie.

### 2.5.4 Calvyn

Calvyn het in die aflegging van belydenis van geloof 'n eie maar suiwer Skriftuurlike weg bewandel.

Gedurende sy eerste verblyf in Genève (1536 - 1538) het hy in aflegging van geloofsbelydenis die praktyk van die vroeë Christelike kerk gevolg soos dit toe vir kinders gebruiklik was. Na sy terugkeer na Genève (1541) bring hy egter in navolging van Bucer 'n belangrike wysiging aan. Die kerk kry nou 'n vaste taak in die onderrig van die jeug. Elke Sondagmiddag moes die ouers hulle kinders na die kerk bring vir onderrig deur die predikant in die kategismus. Sodra die hoofsake van die kategismus: credo, decaloog, pater noster en sakramente geken is, is die kind toegelaat om belydenis van sy geloof in die midde van die gemeente af te lê (Sizoo, 1956, p.517; Van 't Veer, 1942, p.301-2).

Die beskouing van Calvyn oor belydenis van geloof kom uit in die wyse[4] en die vorm waarop hy die kinders

---

4. In die wyse van aflegging van geloofsbelydenis het Calvyn geen aparte kultiese handelinge soos Bucer ingestel nie, alhoewel hy in beginsel nie teen handoplegging was nie. "Zulk een oplegging der handen dus, die eenvoudig als zegening geschiedt, prijs ik, en ik zou wel willen, dat ze tegenwoordig in haar zuiver gebruik hersteld werd" (Sizoo, 1956, p.518). In sy "Ordonances" kom daar egter niks van handoplegging voor nie, en waarskynlik het hyself dit nooit ingestel nie (Van 't Veer, 1942, p.308).

belydenis van hulle geloof laat aflê het, asook in sy beskouing oor die verhouding tussen die sakramente en geloofsbelydenis.

Calvyn het in die ondersoek waar dit gegaan het oor die hoofsake van die Kategismus, die vrae só gestel dat dit steeds om geloofskennis gegaan het en het geloofsbelydenis en geloofskennis nooit van mekaar geskei nie. "Wie zijn geloof belijdt moet bewijs geven den inhoud des geloofs te kennen, en deze door de kerk beleden waarheid moet de uitdrukking zijn van het persoonlijk geloof" (Van 't Veer, 1942, p.306). Dit was dan ook 'n kenmerk van die geloofsbelydenis dat Calvyn sterk klem gelê het op die persoonlike element daarin.

Geloofsbelydenis in die kerk van Genève is gekenmerk deur die handhawing van sowel die geloofskarakter as die kennis van die waarhede van God (Van 't Veer, 1942, p.308). Die opsê van die hoofsake wat deur die kategismus geleer is, moes tegelykertyd 'n daad van belydenis wees. Die kinders het hulle persoonlike geloof bely met die woorde van die kerk soos dit in die belydenis van die kerk opgeteken staan (Van 't Veer, 1942?, p.28).

Van 't Veer (1942, p.308) is van mening dat hierdie twee sake, geloofsbelydenis en geloofskennis, vir Calvyn in wese só een was dat die kinders reeds by elke katkisasieklas in 'n sekere sin 'n aanvang gemaak het met hulle geloofsbelydenis. Katkisasieklasse het van die finale openbare aflegging van geloofs-

belydenis alleen daarin verskil dat dit by die eerste slegs gegaan het om kennis van 'n gedeelte van die kategismus terwyl dit by die laaste om kennis van die hoofsom van die kategismus gegaan het.

Calvyn het, alhoewel hy sterk klem gelê het op die persoonlike element in belydenis van geloof, afwysend gestaan teenoor elke tendens van individualisme en piëtisme. Belydenis van geloof het nie vir hom opgegaan in die saligheid van die enkeling nie, maar op die voorgrond het vir hom gestaan die kerk as liggaam van Christus. Elke gelowige is lid van die liggaam van Christus en ontvang as sodanig sy plek en bestemming. Op die vraag waarom belydenis van geloof afgelê moet word, meen Van 't Veer (1942?, p.30) dat Calvyn op velerlei wyse geantwoord het, maar dit kan hierin saamgevat word: Sodat die suiwere leer bewaar kan word, tot opbou van die kerk.

Calvyn het ook 'n noue band tussen belydenis van geloof en die sakramente van die doop en nagmaal gehandhaaf. Belydenis van geloof het as verpligting by die doop gehoort, soos in gebruik by die vroeë Christelike kerk, nie as aanvulling by die doop nie maar as geloofsgehoorsaamheid aan die verbond van God (Van 't Veer, 1942, p.310). Daardeur is die vereiste wat weens die onbekwaamheid van die suigling by die kinderdoop uitgestel moes word, vervul. Aan die ander kant het belydenis van geloof toegang verleen tot die nagmaal. Hierdie verband kon Calvyn handhaaf omdat hy vasgehou het aan die karakter van belydenis van geloof. So is geloofsbelydenis vir hom die antwoord

op die doop en die ontsluiting van die weg tot die nagmaal (Van 't Veer, 1942, p.311).

As gevolg hiervan skyn dit asof Calvyn, wat rypheid by aflegging van geloofsbelydenis betref, dit voorgestaan het dat belydenis van geloof reeds op 10-jarige leeftyd moes geskied: "En dat een kind van tien jaar zich aan de gemeente zou aanbieden om belijdenis des geloofs af te leggen" (Sizoo, 1956, p.528). Saam met Van 't Veer (1942, p.310) kan egter besluit word dat hierdie ouderdomsbepaling en die bygaande woorde eerder moet sien op die terminus a quo waarop kategetiese onderrig moes begin as op die terminus ad quem. In die verband waarin hierdie woorde voorkom, kan dit nie anders verstaan word nie. Calvyn sê dat as iemand hom op 10 jaar aanmeld, "het dan ondervraagd zou worden over ieder hoofdstuk, en op alle vragen antwoordde: indien het iets niet wist, of minder goed begreep, dat het dan onderwezen zou worden. Zo zou het dan het enige, ware en zuivere geloof, waarmee het volk der gelovigen eendrachtig de enige God dient, onder getuige en ten aanschouwen der kerk belijden" (Sizoo, 1956, p.528). Sowel Waterink (1955, p.159) as Bouwman (1934, p.382) noem 14 jaar as die leeftyd waarop Calvyn kinders belydenis van geloof laat aflê het. Dit is ook in ooreenstemming met die mededeling van Van 't Veer (1942?, p.21) dat in die Nederlandse Vlugtelingkerk te Londen kinders wat 14 jaar oud was en wat redelik kon antwoord, tot die heilige nagmaal toegelaat is.

In die tyd van die Reformasie is daar sterk nadruk op gelê dat die kinders eers deeglik onderrig moes word voordat hulle belydenis van geloof kon aflê. 'n Nuwe faktor wat tot die onderrig van die kinders toegetree het, was die skool. Die kerk self het 'n baie groter aandeel in die onderrig van die kinders gehad as die vroeë Christelike kerk. So was die ouers, die skool en die kerk nou as organe van kategese gemoeid met die voorbereiding van kinders tot aflegging van belydenis van geloof (Van 't Veer, 1942, p.58-172).

Op hierdie wyse is die kinders intensief voorberei vir aflegging van belydenis van geloof en kon hulle op veertienjarige leeftyd 'n groot mate van geloofsrypheid besit. Hierby moet in aanmerking geneem word dat dit vir Calvyn by aflegging van belydenis van geloof nie soseer gegaan het om die hoeveelheid (quantum) verstandelike kennis nie maar veel meer om die suiwere verstaan "van de grondgedachte van het Evangelie" (Van 't Veer, 1942, p.307). Calvyn het ook wel deeglik rekening gehou met die bevattingsvermoë van mense (Van 't Veer, 1942, p.307), en as in gedagte gehou word die kort en saaklike vorm waarin die vrae en antwoorde van die formulier vir geloofsbelydenis opgestel was (Van 't Veer, 1942, pp.307, 304-5), kan tot die gevolgtrekking gekom word dat Calvyn die jeugdige leeftyd van die kinders in aanmerking geneem het en dat nie te veel van hulle verwag is nie.

## 2.6 DIE NA-REFORMATORIESE TYD

Wesenlike veranderinge in aflegging van belydenis van geloof is, in die Na-Reformatoriese tyd, in die kerke wat Calvyn nagevolg het, nie aangebring nie. Vraagstukke rondom belydenis van geloof sou nou veral konsentreer rondom die leeftyd waarop belydenis afgelê moes word, die vasstelling van die vrae waarvolgens geloofsbelydenis sou geskied, die reëling tussen geloofsbelydenis en nagmaal en die tydperk van onderrig.

### 2.6.1 Nederland

In die eerste jare van die bestaan van die Nederlandse Gereformeerde Kerke is belydenis van geloof alleen gesien as voorwaarde vir toelating tot die heilige nagmaal. Daarom was die kerke daarop ingestel om te wete te kom of die jongmense wel in staat was tot die regte viering van die heilige nagmaal. Daartoe moes die jongmense eers tot die jare van onderskeiding kom en is in ooreenstemming met die buitelandse kerke die vereiste leeftyd gestel op 14 tot 16 jaar. Hierby is as vereiste gestel dat die jongmense bereid moes wees om onderrig te word en 'n sekere mate van kennis is vereis. Wie weinig of niks kon antwoord nie, is van die nagmaal afgehou (Bouwman, 1934, p.368; Rutgers, 1922, p.111-7).

Die Sinode van Dordrecht 1618/19 het uitvoerig oor kategese gehandel, maar die aflê van belydenis van geloof self is nie bespreek nie (Rutgers 1922, p.123). Die beskouing oor geloofsbelydenis as sodanig het nie

verander nie. Derhalwe is slegs herhaal wat op vorige sinodes besluit is, naamlik dat niemand tot die nagmaal toegelaat sal word wat nie volgens gebruik van die kerk waarby hy hom wil voeg, belydenis van die Gereformeerde geloof afgelê het nie (Bouwman, 1934, p.373-4; Rutgers, 1922, p.123). Die Sinode het dus slegs die band tussen geloofsbelydenis en die nagmaal bepaal. Dit blyk ook daaruit dat die Sinode bepaal het dat volwassenes wat deur die doop in die kerk ingelyf word, uitdruklik moes beloof dat hulle die nagmaal sou gebruik (Bouwman, 1934, p.374).

Die beskouing dat belydenis van geloof op die nagmaal gerig is het na die Dordtse Sinode in die kerk bly voortleef. So verklaar ook Voetius (Bouwman, 1934, p.374; Rutgers, 1922, p.126-8) dat geloofsbelydenis niks anders as toelating tot die nagmaal is nie.

In die tweede helfte van die agtiende eeu het in die Nederlandse kerke al meer ongereformeerde beskouings na vore gekom en het daar 'n stryd ontbrand oor die vraag: "Vir wie is die nagmaal ingestel?" Aan die een kant was daar die opvatting van die Labadiste dat toegang tot die nagmaal vry moet wees, en aan die ander kant was daar die Gereformeerde standpunt dat toegang tot die nagmaal nie vry is nie. Belydenis van geloof het nou die vorm aangeneem van 'n soort "bevestiging" of "aanneming" van jong "lidmate" waaraan feestelikhede verbind is en waardeur sowel die eg-kerklike as die betekenis vir die individuele lewe verlore gegaan het. Die verband tussen belydenis en nagmaal is losgelaat (Dijk, 1952, p.124).

In die negentiende eeu is die Gereformeerde standpunt gehandhaaf dat alleen gelowiges aan die nagmaal mag deelneem. Die Gereformeerdes wou hiermee nie oordeel oor die harte nie maar alleen oor die vrugte van die geloof, oor belydenis en wandel. Daarom is 'n plegtige belydenis van geloof en 'n ondersoek na die lewenswandel nodig (Bouwman, 1934, p.375-6).

Dijk (1952, p.125) is van mening dat die deformasie van die 18de eeu ook in die 19de en 20ste eeu deurgewerk het en dat daarin verskillende lyne gesien kan word. Naas die hoog-kerklike lyn soos by Rome, waar die jeug slegs aan die kerk gebind is, is daar ook die individuele lyn van die Piëtisme, waar geloofsbelydenis die gewigtige uur geword het waar die jongeling sy hart aan Jesus gee.

In Nederland is sedert die begin van die 20ste eeu deur sowel die Nederlandse Hervormde Kerk as die Gereformeerde Kerk besin oor 'n Bybelse herstel van die karakter en doel van die kategese en daarmee ook aflegging van belydenis van geloof (Dijk, 1952, p.125).

In die Nederlandse Hervormde Kerk het die opvatting van "aanneming" en "bevestiging" weer plek gemaak vir belydenis van geloof, en hiermee is nie bedoel aanneming tot lidmate van die kerk nie maar belydenis van geloof wat toegang gee tot die viering van die heilige nagmaal. So is dit ook in 1951 in die Kerkorde en in 1955 in die Diensboek van die Nederlandse Hervormde Kerk opgeneem (Dijk, 1952, p.130-1; Bronkhorst, 1956, p.25-6).

In die Gereformeerde Kerke van Nederland is die Reformatoriese lyn baie suiwerder gehandhaaf en is aan sowel die persoonlike as die kerklike karakter van belydenis van geloof vasgehou (Dijk, 1952, p.132-6).

Die leeftyd waarop van die 16de tot die 20ste eeu belydenis van geloof in die Nederlandse Kerke afgelê is, is algaande verhoog. In die beginjare was die reël 14-16 jaar in ooreenstemming met die buitelandse kerke. In 1916 was dit egter al praktyk in vele Gereformeerde Kerke dat op ongeveer twintigjarige leeftyd openbare belydenis van geloof afgelê is (Hoekstra, 1916, p.52-3).

Rutgers (1922, p.113-4) is van mening dat die leeftyd waarop geloofsbelydenis afgelê is, gesien is as die "jaren van onderscheid". As hoofsaak is nie gesien die kennis of geleerdheid van die kind nie maar alleen "de toegepaste en toegeëigende kennis". Die kind moes kon sê wat hy self glo, en daarop alleen het dit aangekom. "De hoofdeisch, of liever de eenige eisch, was: oprecht geloof in den Heer, kennis en aanneming van de waarheden der religie; niet zoozeer in het algemeen, als vooraf met betrekking tot zichzelven; niet slechts met het verstand maar ook met het hart; niet als een onderwerp van beschouwing maar als eigen praktijk" (Rutgers, 1922, p.127).

2.6.2 In die Gereformeerde Kerke in Frankryk, Switserland en Amerika is kinders algemeen op 15-jarige leeftyd tot die openbare belydenis van geloof en daarmee tot die heilige nagmaal toegelaat (Hoekstra, 1916, p.52-3).

## 2.7 SUID-AFRIKA

Geloofsbelydenis is in Suid-Afrika reeds van 1652 af as vereiste gestel vir die toelating tot die viering van die heilige nagmaal en het in die midde van die gemeente, tydens die erediens, plaasgevind (Spoelstra, 1906, p.6).

Noulettende aandag is gegee daaraan dat die nodige geloofskennis by aflegging van belydenis van geloof aanwesig sou wees. Veral die skole het hierin 'n groot aandeel gehad. So moes die predikant die skool in die begin twee keer per week besoek, en die onderwyser moes die kinders op Woensdae en Saterdae, na gelang van hulle gevorderdheid, òf die Kategismus òf die Kort Begrip laat opsê (Moorrees, 1937, p.49). Die onderwys van die Gereformeerde godsdiens aan die skole was nie alleen nodig vir die algemene morele opvoeding van die kinders nie maar ook as voorbereiding vir hulle "aanneming as lidmate van die kerk" (Hoge, 1934, p.22).

Die eerste Sinode, in 1824, (Ned. Geref. Kerk, 1857, p.45) het twee belangrike besluite rakende aflegging van geloofsbelydenis geneem: die eerste het gehandel oor "aannemingsouderdomme": dat geen seun onder 16 jaar en geen dogter onder 15 jaar toegelaat sal word om belydenis van geloof af te lê nie; die tweede oor die "bevestiging" van lidmate. Die Sinode het verorden dat die "bevestiging" van lidmate in die openbaar geskied en dat dit volgens drie vrae gedoen moes word (Achelis, 1906, p.277).

2.7.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Dat daar tussen 1824 en 1966 nie ernstige veranderinge in aflegging van geloofsbelydenis in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gekom het nie, blyk uit die besluit van die Algemene Sinode van 1966 te Bloemfontein (Ned. Geref. Kerk, pp. 286, 542) :

"(i) Dat leraars en kerkrade die norm van die geloofsrypheid sal toepas nl. die nodige geloofskennis uit die Skrif en die leerstukke en die nodige geestelike oortuiging en ervaring en voorbeeldige lewenswandel wat daarmee saamgaan, ooreenkomstig die Formule vir die Bevestiging van Lidmate, en dat Katkisante wat nie aan die vereistes voldoen nie, teruggehou sal word.

(ii) Dat 16 jaar sal dien as minimum ouderdom vir die aflê van belydenis beide in die geval van seuns en dogters.

(iii) Alhoewel sestien jaar die minimum ouderdom is, hoort die klem beslis nie op die minimum ouderdom te val nie. Daarom sal katkisante daartoe gelei word om, terwille van groter geloofsrypheid en die bes moontlike onderrig, solank moontlik met kategetiese voorbereiding besig te bly. Kerkrade, ouers en katkisante moet steeds oor die noodsaaklikheid daarvan ingelig word".

Die belangrikheid van hierdie besluit lê daarin dat hier nou sterk klem gelê word op geloofsrypheid vir

aflegging van belydenis van geloof en dat 'n minimum ouderdom vasgestel is.

### 2.7.2 Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Ook wat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika betref, het daar nie sedert 1824 tot 1967 wesenlike veranderinge in aflegging van belydenis van geloof ingetree nie.

Die Kerkwet (Ned. Herv. Kerk, 1967, p.52) van genoemde Kerk bepaal :

"Wet XVII :
Die kategese is die onderrig van die kinders van die gemeente en van hulle wat verlang om in die gemeente opgeneem te word sodat hulle as belydende lidmate toegang tot die Heilige Nagmaal verkry".

"Art. 93. Die voorbereiding tot openbare belydenis van die geloof :

1. Tot die openbare belydenis van geloof word persone wat hiervoor voorberei is deur die kerk en vanaf min of meer sestienjarige leeftyd toegelaat".

Die doel van geloofsbelydenis word dus gesien as toelating tot die nagmaal, terwyl 'n minimum ouderdom daarvoor aangedui word.

### 2.7.3 Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Die geskiedenis van beskouings oor rypheid en aflegging

van geloofsbelydenis begin reeds op die eerste Sinode van die Gereformeerde Kerk in 1862 (p.18, art. 39), waar aandag gegee is aan die vraag "of deze Synodale Vergadering ook een bepaald getal jaren zal besluiten om de kinderen der Gemeente op belijdenis tot het Avondmaal toe te laten". Hierop het die Sinode besluit: "dat zij hierover geene bepaalde beslissing kan maken en raadt al den broeders opzieners om de jeugd en het jongeling en maagdschap op te wekken tot meerdere bevordering van kennis. Overigens word dit aan die broeders Ouderlingen overgelaten om daarin voorzigtig te handelen en wijst deze vergadering op Artikel 61 der Kerk-Orde van 1618 en 1619 en op het Voorschrift bij het Kort Begrip gegeven 't welk achter hetzelve is geplaatst".

Die vraag na die leeftyd waarop belydenis van geloof afgelê moet word, het herhaaldelik op die sinodetafel gekom (1863, pp. 12, 16; 1866, p.18; 1879, p.56; 1904, p.23), maar die Sinode het steeds geweier om 'n bepaalde leeftyd vas te stel.

Ook reeds in 1883 het L.J. du Plessis in De Maandbode (p.1) ernstige besware uitgespreek teen "te jong aanneming van lidmaten".

Sy besware was dat :

Jong kinders nie voldoende nut kan haal uit die kategetiese onderwys nie; dat hulle in hul latere lewe ook nie die nut uit die prediking het wat hulle anders kon hê nie; dat hulle nog nie die nodige erns en deursig het om met vrug belydenis te doen nie; dat

die aanneming van te jong kinders op die duur sy nadelige uitwerking op die gemeente self en vir die Kerk het naamlik onvolwaardige lidmate; dat te jong kinders nie die Heilige Verbondseëls na hul waarde kan gebruik nie.

Dit is dus duidelik dat daar in die Gereformeerde Kerk van die begin af sterk klem gelê is op die feit dat kinders wat geloofsbelydenis wil aflê, eers tot rypheid moet kom. Rypheid is van 1862 af nie aan 'n bepaalde leeftyd verbind nie, terwyl eers in 1967 (Geref. Kerk, p.547) versigtig aanbeveel is dat die leeftyd liewers bo 18 jaar moet wees. Hierdie optrede spruit voort uit die beskouing van die Gereformeerde Kerk oor geloofsbelydenis. Tegelykertyd is egter vasgehou aan die beginsel dat dit die reg van elke kind is om te eniger tyd by die Kerkraad aansoek te doen om belydenis van geloof af te lê.

Geloofsbelydenis word in die Gereformeerde Kerk gesien as die uiteindelike doel van die kategese. Geloofsbelydenis is dat "elkeen van sy/haar persoonlike geloof in welbewuste volwassenheid belydenis (kan) doen in die boesem van die kerk", en dit geskied deurdat die verbondskind, in antwoord op die vrae, "openlik in die kerk bely dat hy/sy glo, en deur God se genade, langs die weg van geloof en bekering sal volhard om die Verbondsgemeenskap met God in die kerk te onderhou". (Geref. Kerk, 1967, p.544-5).

Die Sinode (Geref. Kerk, 1967, p.547) het verder besluit : Die persoonlike openbare geloofsbelydenis is

die vrug van die kategese, en die vrug van die geloofsbelydenis is dat daardeur die weg geopen word tot deelname aan die nagmaal en aan al die ander voorregte en verantwoordelikhede wat 'n volwassene in die geloof as 'n belydende lidmaat ontvang.

So is in die Gereformeerde Kerk van die beskouing afgesien dat die doel van geloofsbelydenis alleen toelating tot die nagmaal is.

## 2.8 SAMEVATTING EN KRITIESE TERUGBLIK

Die geskiedenis van opvattings oor rypheid en aflegging van geloofsbelydenis toon duidelik hoe die beskouing oor geloofsbelydenis bepalend is vir die beskouing oor rypheid. Die kerk het nie altyd daarin geslaag om die suiwere opvatting aangaande die wese en doel van geloofsbelydenis vas te hou nie. So is in die Middeleeue geloofsbelydenis vervang deur die sakrament van die vormsel, en daarvoor is geen bepaalde rypheid vereis nie.

Die Reformatore, veral Calvyn, het weer teruggegryp na die praktyk van die vroeë Christelike kerk en het geloofsbelydenis gesien as die Skriftuurlik vereiste handeling wat die doop moes voorafgaan maar wat weens die suiglingdoop uitgestel is. Geloofsbelydenis moes dan die eie persoonlike geloof in gehoorsaamheid aan die verbond uitdruk. Hiervoor was nodig dat die verbondskind 'n sekere mate van rypheid besit, wat deur onderrig en leeftyd bereik is. Leeftyd het nou ge-

wissel van twaalf tot veertien, vyftien jaar.

In die Na-Reformatoriese tyd is geloofsbelydenis gesien as toelating tot die nagmaal. Rypheid is toe gesien as die in staat wees tot die regte gebruik van die nagmaal. Die leeftydsbepaling is daarom ook verhoog na sestien jaar en in die Gereformeerde Kerke in Nederland selfs so hoog as twintig jaar gestel.

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het in 1967 geloofsbelydenis gesien as belydenis van die persoonlike geloof en in samehang hiermee geoordeel dat die leeftyd wat die verbondskind vandag moet bereik om 'n rype, persoonlike, welbewuste belydenis van sy geloof te kan aflê, liewer bo agtien jaar moet wees.

So toon die geskiedenis dat daar vandag 'n terugkeer is na die ware betekenis van geloofsbelydenis, maar dan met 'n verhoogde rypheidsleeftyd.

## 3. AFLEGGING VAN GELOOFSBELYDENIS EN DIE VEREISTES WAT DIT AAN DIE KATKISANT STEL

### 3.1 GELOOF

Waar geloofsrypheid as norm gestel word vir aflegging van belydenis van geloof en waar aflegging van belydenis van geloof die doel van die kategese is, is die vraag: Hoe moet "geloof" in die lig van die Heilige Skrif en die Gereformeerde belydenis verstaan word?

#### 3.1.1 Die betekenis van die Woord "geloof"

Die besondere verhouding tussen die HERE en sy volk word in die Ou Testament uitgedruk deur: "die vrees van die HERE" (2 Sam. 23:30; 2 Kron. 19:9 e.a.), "vertrou" (2 Kon. 18:22; Jes. 36:7 e.a.) en "geloof" (Hebr. 2:4; Gen. 15:6; Ex. 14:31; Jes. 7:9 e.a.).

Geloof (Lè'émin), glo, kom van die stamwoord: āman, wat beteken: "vas, seker, betroubaar" ("fest, zuverlässig, sicher sein", "be steady, firm, trustworthy") Koehler & Baumgartner 1953, p.60-1). Dit staan in noue verband met amen, wat "waar en seker" beteken (Heidelbergse Kategismus, vr. en antw. 129). Geloof in God (Gen. 15:6; Rom. 4:3) wil dus sê dat op God vertrou word (King, 1948, p.404-410; Jamieson & Fausset 1961, p.144). Dit dui op 'n innerlike verhouding tot God. Aan Hom word "amen" gesê.

Met woorde alleen kan egter nie volstaan word nie, want "met zijn hele leefwijze zal hij moeten tonen

dat hij Jhvh werkelijk voor betrouwbaar houdt en op zijn woorden en daden zijn bestaan zet" (Pop, 1958, p.167). Geloof omspan en stempel die ganse bestaan van die mens. Dit rus in die betrekking waartoe God Hom tot sy verbondsvolk gestel het, en sien dus op God se genadige verkiesing, guns en goedertierenheid. "Geloven is daarop amen zeggen, dit ten volle erkennen, daardoor zijn ganse leven laten beheersen" (Polman, 1958, p.167).

In die tyd vóór Sinai, in die tyd van Abraham was die wet nog nie gegee nie. "Die innerlike verhouding tot, die geloof in, die vertroue op God was die weg waarlangs die geregtigheid aan 'n mens toegereken is" (Die Bybel, 1958, p.34. Verklaring van Gen. 15:6).

In die tyd na die ballingskap het "geloof" egter geword die vrywillige en verdienstelike aanvaarding van die wette van God om daarna te lewe. Dit het nie meer gegaan om die groot heilsdade van God in die geskiedenis nie maar om wetsgehoorsaamheid (Polman, 1958, p.137). Geloof is dus op 'n wettiese wyse verstaan.

In die Nuwe Testament word die woord pisteuo[1] vir geloof gebruik, wat "glo, vertrou, verseker" beteken

1. Mark. 1:15: "Bekeer julle en glo die evangelie", kan as sentrale teks gelees word, aangesien hierdie woord baie keer in die NT. voorkom. Kyk: Smoller, A. 1953, p.406-412; Mijnhardt, C.F. 1956, p.151-153). Die imperatiewe vorm, pisteuete, word hier gebruik, en daarmee eis Jesus geloof in sy prediking van die koninkryk van God as 'n noodsaaklikheid om die heil van die koninkryk deelagtig te word.

(to believe, trust in, put faith in, confide in, rely on) (Bromiley, 1971, p.174-179; Liddell & Scott, 1953, p.561; Pop, 1958, p.170-196).

In die Nuwe Testament kry die woord geloof 'n besondere sin in aansluiting by die Ou Testament, omdat dit nou insluit geloof in die evangelie van Jesus Christus, die Gekruisigde en Opgestane. Die goddelike heilswerk van Christus word die spesiale inhoud van die geloof (Polman, 1958, p.137). Geloof word die persoonlike "amen" op hierdie evangelie.

Tydens die omwandeling van Jesus op aarde het geloof daarin uitgekom dat 'n onbepaalde vertroue in Jesus gestel is en 'n oortuiging dat God in Hom en deur Hom spreek en wonders doen (Matt. 8:10; 21:21-22).
Na die hemelvaart van Jesus is geloof op tweërlei wyse geopenbaar: as die aanneming van die apostoliese getuienis aangaande die Christus en die persoonlike vertroue op Christus as die Lewende in die hemel, wat magtig is om sonde te vergewe (Honig, 1938, p.556; Rom. 3:22; Gal. 2:16).

### 3.1.2 Die oorsprong en werksaamheid van die geloof

Die Heilige Skrif leer in Efesiërs 2:8, 9 en in Filippense 1:29[2] dat die geloof nie maar 'n werksaam-

---

2. touto in Efesiërs 2:8 wys nie net op chariti nie maar ook op pisteuoos. Echaristhe (Filipp. 1:29) in die aor.pass.-vorm bevestig dat die geloof uitgedeel, gegee is, uit genade. So is nie net die genade nie maar ook die redding en die geloof gawes van God - sodat niemand sal roem nie.

heid van die mens is nie maar dat dit 'n gawe van God is. Hierdie waarheid word dan ook in die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke duidelik bely. Die Nederlandse Geloofsbelydenis bely in art. 22 dat dit die Heilige Gees is wat in die hart 'n opregte geloof laat ontvlam, en die Heidelbergse Kategismus sê in Sondag 7 dat alleen die wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf word, verlos word. Hoofstuk 2.7 van die Dordtse Leerreëls stel dit baie duidelik dat almal wat waaragtig glo, hierdie weldaad geniet alleen uit die genade van God sonder dat Hy dié genade aan iemand verskuldig is.

Geloof as gawe van God is dan ook nie maar dieselfde as intellektuele kennis, die toestemming of beaming van 'n aantal waarhede nie. Waterink (1955, p.158) druk dit mooi uit as hy sê: "ware adaptie van de mens aan de geloofswaarheden en van de geloofswaarheid aan de mens is niet enkel een 'simpel aanvaarden' een 'geloven dat het waar is'". Nee, dit gaan om iets veel heerlikers en geweldigers. Dit gaan daarom: "HERE, U het my oorgehaal en ek het my laat oorhaal, U was te sterk vir my en het oorwin" (Jer. 20:7). Dit is dus "een overwonnen worden van heel de persoonlijkheid, van het diepste zijn van de mens door God die de Heilige is, in Christus, die en de Weg en de Waarheid en het Leven is" (Waterink, 1955, p.158).

In die geloof kom dit dus nie in die eerste plek daarop aan wat die mens doen nie - "of wij al of niet iets toestemmen of het ergens mee eens zijn of ergens iets van begrijpen. Dat is in zekere zin bijkomstig.

Vóór alles komt het hier aan op wat God met ons doet" (Brillenburg Wurth, 1955, p.193).

Geloof, wat as oorsprong die vrye welbehae van God het, is dus nie maar uit die mens nie. Geloof is nie om God te "gryp" of te begryp nie, maar dit is van "God gegrepen zijn, overweldigd zijn, geheel overweldigd zijn door de macht van Zijn goddelijke waarheid en genade, zoals die in Christus door het Woord voor ons treedt" (Brillenburg Wurth, 1955, p.193).

Galasiërs 4:9[3] stel dit duidelik dat geloof nie maar is om God te ken nie, maar dit is om deur God geken te wees. Dit wil egter nie sê dat dit wat die mens doen, nie belangrik is nie. Dit is soos Brillenburg Wurth (1955, p.194) dit uitdruk: geloof is om gegryp te wees, maar dan moet die mens ook self gryp (kyk Filipp. 3:12). Die Nederlandse Geloofsbelydenis druk die werksaamheid van die geloof in art. 22 pragtig uit as daar staan dat die Heilige Gees "'n opregte geloof laat ontvlam wat Jesus Christus met al sy verdienste omhels, Hom tot 'n eiendom maak en niks anders meer buite Hom soek nie" (ek onderstreep).

---

3. Die kennis, gnontes "deurgronding" i.p.v. eidotes "om te weet", van die Galasiërs aangaande God vind sy oorsprong in hulle uitverkiesing deur God. Hierop berus hulle roeping, geloof en saligheid.

Die werksaamheid van die geloof is nie maar net die werking van één funksie van die mens, òf die hart òf die gevoel òf die verstand nie, maar dit is om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand (Deut. 6:5; Matt. 22:37).[4]

### 3.1.3 Geloof as vermoë en daad

Waar dit in aflegging van belydenis van geloof om die verbondskind en sy geloof gaan, is dit belangrik om te let op die verskil tussen die geloof as vermoë en die geloof as daad.

Saam met die wedergeboorte word deur die Heilige Gees die geloof geskenk. Tog gaan die wedergeboorte nie maar op in die begiftiging met die geloof nie (Honig, 1938, p.564). Die wedergeboorte gaan die geloof vooraf. Reeds in die klein kind wat na die beeld van God geskep is, werk die Heilige Gees en word deur die Heilige Gees in hom die saad van die geloof gelê. Die Here Jesus praat dan ook van "die kleintjies wat in My glo" (Matt. 18:6).[5]

---

4. Hart, siel, verstand, krag wys op al die ingeskape vermoëns van die mens. Met ander woorde, die geloofsuiting moet 'n werksaamheid van die volle mens wees.

5. Jesus vervang hier paidion (v.5) met mikroi (mense wat klein, nederig is en nie hoogmoedig nie), omdat Hy van alle ware gelowiges praat as burgers van die koninkryk van God, en dit sluit almal in, volwassenes sowel as kinders.

Die geloof word ontvang as 'n ingestorte vermoë, as 'n habitus by die wedergeboorte. Tog mag die geloof as gawe van God nie tot die geloofsvermoë beperk word en die daad van die geloof aan die mens toegeskryf word nie. Ook die daad van die geloof moet aan die genadige werking van die Heilige Gees toegeskryf word (De Groot, 1949, p.430).

Die leer van die geloofsvermoë vloei egter regstreeks voort uit die oortuiging dat ook die klein kindertjies deel in die genadige werksaamheid van die Heilige Gees, wat die vermoë tot geloof skenk. Dit is veral Calvyn wat daarop gewys het dat in die kinders wat gedoop word, deur die verborge werking van die Heilige Gees die saad van bekering en geloof verskuil is hoewel dit nog nie vorm en gestalte gekry het nie (Sizoo, 1956, p.392).

Die geloofsvermoë moet in geloofsdade tot openbaring kom. En dit geskied nie maar vanself nie. Honig (1938, p.566) wys daarop dat net soos saad in die aarde ontkiem deur die inwerking van reën en sonskyn en net soos elke vermoë wat die kind ontvang het, slegs deur die inwerking van buite tot ontplooiing, ontkieming kom, so ook die geloofsvermoë. "Wordt door de vocatio interna de wedergeboorte en daarmede 't geloof als habitus gewerkt, door de voortgaande bearbeiding van Gods Woord en Geest gaat het vermogen in dadelijkheid over of m.a.w. openbaren zich de geloofswerkzaamheden".

Die verbondskind word dus nie <u>tot</u> geloof gelei nie, maar die geloofsvermoë wat reeds aanwesig is, word

deur wedergeboorte en opvoeding deur Kategese só gelei dat die kind tot geloofskennis en geloofsrypheid kom, sodat hy tot 'n persoonlike welbewuste geloofsdaad oorgaan - die belydenis van <u>sý</u> geloof.

### 3.1.4 Die wese van die ware geloof

Die ware, saligmakende geloof word in die wedergeboorte deur die Heilige Gees geskenk. Hierdie geloof het dus ook 'n bepaalde wese.

Die Heidelbergse Kategismus (vr. en antw. 21) toon die wese aan deur twee werksaamhede aan die ware geloof toe te ken: 'n gewisse kennis en 'n vaste vertroue - twee werksaamhede wat bymekaar hoort en nie van mekaar geskei kan word nie.

Tereg word vooropgestel: "'n Gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God in sy Woord geopenbaar het", want die mens is van nature in sy verstand verduister sodat hy nie uit homself tot geloofskennis kan kom nie. Tot die wedergeboorte behoort dus allereers die verligting deur die Heilige Gees, waardeur God geken word deur Jesus Christus. Verligting van die verstand is nodig, want die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie: dit is vir hom dwaasheid en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word (1 Kor. 2:14).[6]

---

6. <u>Psigikos</u> word hier teenstellend met <u>pneumatikos</u> (v. 13) gebruik vir dié mense wat net psige is, d.w.s. 'n lewende wese. Hulle het die Gees nie ontvang nie, is dus onwedergebore en begryp en aanvaar ook nie dié dinge wat geestelik beoordeel moet word nie. Daarom bestempel hulle dit as dwaasheid.

Om hierdie kennis te omskryf kan Gravemeyer (soos aangehaal deur Honig, 1938, p.568) met volle instemming gebruik word waar hy geloofskennis aandui as kennis van die Woord van God, insonderheid van die leer van die verlossing en saligheid in Christus. Dit is nie slegs letterkennis en verstandelike bevatting deur mededeling en onderwys nie maar lewendige, gevoelige kennis deur die verligting van die Heilige Gees, wat die blinde oog vir die waarheid open.

Van 't Veer (1942?, p.25-8) wys ook daarop dat waar Calvyn met groot nadruk betoog het dat geloof sonder kennis nie moontlik is nie, hy nie maar net bedoel kennis van die verstand alleen nie maar ook 'n kennis van die hart. Vir Calvyn (Sizoo, 1956, p.61) setel geloof in die verstand en wortel in die hart. "Wat het verstand in zich opgenomen heeft, (moet) in het hart zelf overgegoten worden. Immers niet wanneer het boven in de hersenen zich bevindt, is het door het geloof aangenomen; maar wanneer het diep in het hart zijn wortels geschoten heeft, opdat het een onoverwinlijk bolwerk zij om alle werktuigen der verzoekingen te weerstaan en af te weren." Saligheid word nie daardeur verkry as alleen maar geglo word wat die kerk bely nie, maar daardeur dat God 'n genadige Vader is deur Jesus Christus en dat Christus gegee is tot regverdigmaking, heiligmaking en die ewige lewe.

Calvyn (Sizoo, 1956, p.63) wys ook daarop dat "kennis" nie net beperk kan word tot "begryp" nie, want geloofskennis gaan bo die verstand van die mens uit. Dit is verwaandheid as die onbegryplike raad van God aan die

geringheid van die menslike verstand onderwerp wil word. Die geloof is oortuig van dit wat nie begryp kan word nie, en juis deur die sekerheid van hierdie oortuiging word meer begryp. In hierdie kennis is vir Calvyn (Sizoo, 1956, p.64) die persoonlike sekerheid van die kindskap van God geleë. Daarom sê hy dat "de kennis des geloofs meer begrepen is in zekerheid dan in begrijpen" (Van 't Veer, 1942?, p.27).

Die tweede werksaamheid van die geloof omskryf die kategismus (vr. en antw. 21) as: "'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus".

Die geloof is juis na sy aard vaste versekerdheid, onwrikbare vertroue dat by God alles moontlik is. Die geloof bring dus ook onmiddellike sekerheid mee (Honig, 1938, p.569). Dit is 'n vaste grond van dié dinge waarop gehoop word, 'n bewys van dié dinge wat nie gesien kan word nie (Hebr. 11:1).[7]

---

7. Pistis is die daad van die geloof, terwyl hypostasis die grondslag aantoon waarop die geloof rus, naamlik die onwrikbare sekerheid dat die dinge wat beloof is, sal kom juis omdat dit beloof is. Die belofte bring die hoop voort en die pistis die sekerheid dat die hoop vervul sal word.

   Die geloof, pistis, is ook die oortuigende bewys, elegchos, dat dinge wat nie gesien kan word nie, tog bestaan.

In hierdie tweede werksaamheid van die geloof is dit veral die persoonlike karakter daarvan wat sterk na vore kom. Dit gaan in die geloof nie maar om algemene sake nie maar om die persoonlike deel hê aan die skatte en gawes van die Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus.

Die Gereformeerde belydenis staan hierin skerp teenoor Rome, wat die geloof laat opgaan in louter toestemming, wat meer deur onkunde as deur kennis gekenmerk word, en teenoor Barth, wat die geloof beskryf as 'n "waagstuk" of as 'n "sprong in het ledige" (De Groot, 1949, p.431).

Nee, die ware, saligmakende geloof is 'n gewisse kennis <u>èn</u> 'n vaste vertroue. Dit beteken egter nie dat die sekerheid van die geloof te alle tye in elke gelowige ewe duidelik aan die lig tree nie. Die geloof word deur sonde, die wêreld en Satan gedurig aangeval, sodat baie vertwyfelinge oorwin moet word. Daarom spreek die Skrif ook van die "toeneming van die geloof" (2 Kor. 10:15), "bevestiging in die geloof" (Kol. 2:7) en van "volle geloofsversekerdheid" (Hebr. 10:22). Hieruit vloei ook voort dat nie almal wat met geloof begiftig is, van die begin af ten volle vertrou dat al hul sondes vergewe is nie. Soms gaan aan die vertroue 'n lang en bange stryd vooraf (Honig, 1938, p.569-570).

Wat die verbondskinders betref, het Calvyn (Van 't Veer, 1942?, p.28) daarop nadruk gelê dat dit gaan om <u>kennis</u> van die geloof, maar ook om kennis van die <u>geloof</u>. So het hy in die belydenis van geloof die

geloofskarakter asook die eis tot kennis van die waarheid gehandhaaf. Die verbondskind bely sy persoonlike geloof in die woorde van die kerk, en so voeg die verbondskinders, wanneer hulle "tot hul verstand gekom het", hulle deur hulle eie geloofsdaad in die koor van die belydende gemeente om in die eenheid van die geloof saam met die ganse kerk hulle hemelse Vader te bely (Van 't Veer, 1942?, p.28).

### 3.1.5 Die inhoud van die geloof

Waar die verbondskind sy geloof moet bely, is die inhoud van sy geloof baie belangrik.

Die Skrif toon in 2 Tim. 3:14-17 en Joh. 20:31[8] dat die inhoud van die geloof niks anders as die inhoud van die Woord van God kan wees nie. Die geloof erken dat die hele Bybel, na oorsprong, vorm en inhoud (2 Tim. 3:16, 2 Petr. 1:21), die Woord van God is, wat

8. 2 Tim. 3:14-17: Timotheus is deur sy moeder in die Ou Testament onderrig. Deur sy groeiende geloofskennis het dit vir hom duidelik geword dat die Messias van die Ou Testament Jesus Christus was. Paulus wys hom daarop dat die Ou Testament die gesagvolle Woord van God is. Daarom moet hy aan die Woord vashou en bly in wat hy geleer het. Alleen deur die geloof in die hele Skrif kan die mens volkome toegerus word.

   Joh. 20:31: Die doel waarmee die evangelie geskrywe is, is "dat julle kan glo". Die lesers moet tot die ware geloof in Christus as die Seun van God kom, sodat hulle in Hom sal glo as die Verlosser. Deur dit te glo sal hulle die lewe hê (vgl. Joh. 3:15, 16, 36. 1 Joh. 5:15).

met gesag spreek (Rom. 4:3, Sal. 3:8). Daarom kan die inhoud van die geloof nie maar willekeurig wees nie, maar die geloof moet hom rig op die Woord van God. Die Heilige Gees werk die geloof in die hart juis deur die verkondiging van die evangelie (Heidelbergse Kategismus, antw. 65), en die geloof word ook versterk deur die verkondiging van die evangelie en die gebruik van die sakramente.

As die Heidelbergse Kategismus in antwoord 22 die inhoud van die geloof weergee as: "alles wat ons in die Evangelie beloof word", dan bedoen die Kategismus nie om daarmee die inhoud van die geloof alleen tot die belofte te beperk nie. Daarmee wil die Kategismus alleen maar wys op die feit dat die sentrale gedagte van die ganse Woord van God die heilsbeloftes in Christus is. Niks is daar in die Skrif wat as onbelangrik geag kan word nie, tog is dit soos De Groot (1949, p.431) sê: ".... het (is) ook een onloochenbaar feit, dat het zich in de eerste plaats richt op de genadige beloften Gods, welke zijn Woord bevat". Ook Calvyn (Sizoo, 1956, p.50) het gestel dat die fondament waarop die geloof eintlik rus, die belofte is: ".... eigenlijk begint het toch bij de belofte, daarop berust het, daarin eindigt het. Want het zoekt het leven in God".

Die inhoud van die geloof kan saamgevat word in die drie hoofsake van die Apostoliese Geloofsbelydenis, God die Vader en die skepping, God die Seun en die verlossing, God die Heilige Gees en die heiligmaking.

### 3.1.6 Voorwerp van die ware geloof

Geloof gaan nie buite kennis om nie en kennis van God nie buite geloof om nie (Rom. 10:17). God, wat Objek van die geloof is, het Hom in sy Woord geopenbaar. Om God te ken moet sy Woord geken word. Voor die val van Adam was God Drie-enig voorwerp van die geloof, maar na die val word die geloof eerstens gerig op Jesus Christus as Borg en Middelaar, as Verlosser en Saligmaker, want Hy alleen is die Weg en die Waarheid en die Lewe, en niemand kan tot die Vader kom behalwe deur Hom nie (Joh. 14:6).[9] Alleen deur Hom is vergewing van sonde, ewige geregtigheid en saligheid. Maar die geloof mag nie by Hom bly staan nie; dit moet deur Hom tot die Drie-Enige God gaan. So moet die geloof in sy Christosentrisiteit teosentries gerig wees (Matt. 11:27-30; 22:37; Joh. 14:6).

### 3.1.7 Geloof wat nie vrug van die wedergeboorte is nie

Die Skrif onderskei van die ware saligmakende geloof ook vorme van geloof wat wel by mense voorkom maar wat nie vrug van die wedergeboorte is nie. Hierdie vorme

---

9. Jesus is die <u>ódos</u>, die weg, omdat Hy Middelaar is tussen God en die mens. Hy is die weg, nie die eindbestemming nie. Die eindbestemming is die Vader. Hy is ook die <u>aletheia</u> die Waarheid, omdat in Hom geen sonde is nie. As waarheid lei Hy op die weg na die Vader. Jesus is ook die <u>zoon</u>, die lewe. Hy het die dood oorwin, en wie in Hom glo, het die ewige lewe.

het wel betekenis vir die lewe hier deurdat dit wel die kennis van die waarheid uitdra, maar tog is daar 'n wesenlike verskil met die ware geloof en wel daarin dat die vaste vertroue ontbreek (De Groot, 1949, p.432).

Hierdie vorme van geloof kan aangedui word as die historiese geloof, die tydgeloof en die wondergeloof.

In die historiese geloof gaan dit slegs om die kennis, terwyl die hart onbewoë bly. Voorbeelde is Agrippa (Hand. 26:27, 28) en die duiwel (Jak. 2:19).

In die tydgeloof word wel kennis en vertroue gevind, maar dit hou nie stand nie (Matt. 13:21).

Die wondergeloof verskil van die ware geloof daarin dat die geloof hier gerig is op die krag waardeur Jesus wonders en tekens doen, terwyl skuldvergewende genade versmaai word (Matt. 7:22, 23).

Teenoor hierdie vorme van geloof staan die ware, saligmakende geloof as 'n gewisse kennis en 'n vaste vertroue wat vas staan tot in ewigheid (2 Petr. 1:16, 19).[10] By aflegging van belydenis van geloof gaan dit om hierdie geloof.

---

10. Die ware geloof het nie met fabels te doen nie maar met die waarheid wat vas en seker is, want Jesus is dié waarheid, waarvan die apostels getuies was.

    Die waarheid van die evangelie is ook gegrondves op die profesië van die profete. Hulle woorde is onbetwyfelbaar, omdat hulle deur die Heilige Gees gedrywe was om van God te spreek.

## 3.2 AFLEGGING VAN BELYDENIS

### 3.2.1 Die wese van belydenis

In die Ou Testament kom die woord belydenis van die stamwoord j d h, wat beteken: "openlik bely, dank betoon, loof" (Koehler & Baumgartner, 1953, p.363-4). Meesal is belydenis egter gebruik in die sin van belydenis doen van sonde (Lev. 16:21; Esra 10:1; Neh. 9:2; Dan. 9:4).

Vir belydenis van hulle geloof het die Jode die woord sjema gebruik, genoem na die eerste woord uit Deut. 6:4: "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE".[11] Die sjema is twee keer per dag uitgespreek, in die môre en in die aand, na aanleiding van die bevel van die HERE in Deut. 6:7: "Wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan". Hierdie sjema is ook in die sinagogale dienste uitgespreek en was op dieselfde boekrol as die "Tien Gebooie" geskrywe.

Die betekenis van hierdie sjema was dat dit 'n antwoord was op die gunste en verpligtinge van die Sinaïtiese verbond soos dit in die Tien Gebooie voorkom (Van Rongen, 1968, p.21).

In die sinagoge was die sjema die eerste leerstof wat aan die kinders geleer is. Hulle moes dit ken en uitspreek (Bijlsma, 1962, p.42; Deut. 6:7).

---

11. Die inhoud van die sjema het bestaan uit 'n samestelling van Deut. 6:4-9; Deut. 11:13-21 en Num. 15:37-41 (kyk Van Rongen, 1968, p.21).

In die Nuwe Testament kom die woord belydenis van die Griekse woord homologeo, wat beteken "saam praat, ooreenstem, erken, bely" ("to assure, to primise, to admit, to make solemn statements of faith, to confess something in faith") (Liddel & Scott, 1953, p.488; Bromiley, 1970, pp. 199, 207-212).

In die Nuwe Testament is dit ook gebruik in die sin van belydenis doen van sonde (Matt. 3:6; Mark. 1:5), maar meestal is dit gebruik om te bely dat Jesus die Christus is (Filipp. 2:11; Rom. 10:9; Hebr. 13:15).

Die belydenis het dus in die Nuwe Testament veral in verband gestaan met die feit dat Jesus die Christus is. So spreek Petrus dan ook die belydenis uit: "U is die Christus, die Seun van die Lewende God" (Matt. 16:15), en die hofdienaar van Ethiopië bely: "Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is" (Hand. 8:37). Hierteenoor waarsku Johannes dat daar baie verleiers die wêreld ingekom het, "die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris" (2 Joh. v. 7).

Van Rongen (1968, p.22) meen dat 'n ooreenstemming met die Ou-Testamentiese sjema gevind word in Ef. 4:4-6 en 1 Kor. 8:6: "Tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom".

Die wese van belydenis is dus dat dit uitdrukking gee aan die geloof. Waar die geloof 'n gawe van God is wat in die hart setel (Rom. 10:10), is dit vir die mens verborge en alleen aan God bekend. Dit is 'n

geestelike beslissing van die hart wat egter nie verborge kan bly nie. Die verborge geloof moet sigbaar word in die belydenis (Pop, 1958, p.49). Die mond spreek dan dieselfde as wat daar in die hart is en wat deur God in die hart geplaas is deur die werking van die Heilige Gees (Matt. 16:17).

Belydenis is dus 'n heerlike woord vir 'n heerlike saak. Dit is niks anders as 'n openlike getuienis en 'n spreke van die persoonlike geloof in God deur Jesus Christus nie. Dit is die vrug van die geloof van die hart (Bavinck, 1901, p.38). Dit is geloofsbelydenis.

### 3.2.2 Die wese van aflegging van belydenis van geloof

Die benaming belydenis van geloof gee die wese van hierdie besondere handeling die beste weer. Dit is ook in ooreenstemming met die Gereformeerde kerkbegrip.[12] 'n Verandering in benaming dui noodwendig op 'n verandering in die betekenis en karakter van hierdie besondere handeling.

In die Gereformeerde kerke moet die suiwere karakter van belydenis van geloof gehandhaaf word, en dit sal gedoen word as daar vasgehou word aan hierdie woorde: "U kom nou hier voor die aangesig van God en in die midde van die gemeente om belydenis van geloof af te

---

12. Vir die Gereformeerde kerkbegrip kyk vr. en antw. 54 van die Heidelbergse Kategismus en art. 27, 28, 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

lê ..." (Geref. Kerk, 1936, p.56). Daar moet veral gewaak word teen die gevaar van die latere Lutheranisme dat die geloofsbelydenis opgaan in 'n Bybelkennisek-samen. Dit is 'n aantasting van die karakter van ge-loofsbelydenis.

Geloofsbelydenis is daarom ook nie "aanneming" nie.[13] Van Veldhuizen (1903, p.32) sê van aanneming: "Be-lijdenis doen is niet aangenomen worden tot lidmaten, als zodanig zijn we gedoopt".

Aflegging van belydenis van geloof is ook nie "voor-stelling" nie. Hierdie uitdrukking word baie onder die kerkvolk gehoor. Met hierdie uitdrukking word aangesluit by "aanneming". Dikwels word gemeen dat die kerkraad by die ondervraging van die katkisante na hulle kennis, leer, lewe en beweegredes die katkisante "aanneem", en Sondag vind dan die "voorstelling" van die nuwe lidmate in die kerk plaas (Bronkhorst, 1956, p.24).

Belydenis van geloof is ook nie 'n bekeringsdemonstra-sie soos die Piëtisme daarvan wil maak nie (Dijk, 1954, p.9-10). Belydenis van geloof is vir hulle daardie gewigtige daad waar die jongmense hulle harte in die openbaar aan Jesus Christus gee. Hier gaan alles om die persoonlike bekering en die persoonlike oorgawe aan die Here Jesus.

---

13. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het reeds op sy Sinode van 1910 besluit dat die woord <u>aanneming</u> vervang moet word met <u>belydenis des geloofs</u> (kyk: Handeling 1910, p.56, art. 145.

Die wese van geloofsbelydenis is dus dat dit geen sakrament, geen konfirmasie, geen geloofseksamen, geen aanneming en voorstelling, geen bekeringsdemonstrasie is nie, maar dat dit belydenis van geloof is. Hierdie karakter moet gehandhaaf word.

### 3.2.3 Die inhoud van die belydenisaflegging

Die inhoud van die belydenisaflegging is dieselfde as die inhoud van die geloof. Dit is nie die uitspreek van 'n aantal dogmas nie, maar dit is die uitspreek van die kennis van en die vertroue in God Drie-enig.

Daarom is die eerste vraag (Geref. Kerk, 1939, p.41)[14] waarop belydend geantwoord moet word, juis op die geloofskennis gerig. As Jesus Christus bely word, moet Hy geken word in sy wese, openbaring en werk (Gilhuis, 1951, p.35). Belydenis moet inhoud hê, want 'n inhoudlose vormbelydenis het geen betekenis nie.

Daarom is die aflegging van belydenis ook nie maar net 'n liefdesverklaring nie. "Liefde zonder kennis is verliefdheid en die vergaat" (Gilhuis, 1951, p.37). Ook die liefde moet kennis bevat.

---

14. "Ten eerste: Glo en bely u dat die leer wat in die Ou en Nuwe Testament vervat en in die drie Formuliere van Eenheid van die Gereformeerde Kerk uitgedruk is en in die Christelike Kerk alhier geleer word, die waaragtige en volkome leer van die saligheid is?"

Hierdie kennis is alleen moontlik deur die Heilige Skrif. Daarsonder kan Jesus Christus nie geken word nie, kan die lewe nie by Hom gesoek en gevind word nie. Calvyn (Sizoo, 1956, p.17; Parker, 1959, p.139) het gesê dat ons Jesus Christus in hierdie bedeling in die kleed van die Heilige Skrif ontmoet, en Jesus self het verklaar: die Skrifte getuig van My (Joh. 5:39). Kennis van die Skrif maak die belydenis inhoudryk en sinvol, sodat saam met Paulus gesê kan word: "Want ek weet in wie ek geglo het" (2 Tim. 1:12).

Die inhoud van die belydenis word in die Nuwe Testament telkens saamgevat in die woorde van die belydenis van Petrus: "U is die Christus die Seun van die lewende God" (Matt. 16:16; Hand. 8:37). Bavinck (1901, p.56) sê van hierdie belydenis dat dit die kern van die openbaring, die hart van die Heilige Skrif, die murg van alle belydenis, die sentrale dogma van alle verlossingswaarhede is. Al die ander belydenisse wat van hierdie sentrale belydenis uitgegaan het, vergelyk hy met 'n uitspruitende boom. Eers was daar die een stam by die stigting van die eerste Christelike gemeente. Almal wat bely het dat Jesus die Christus is, is gedoop. Later het die Twaalf Artikels gekom, wat 'n uitbreiding was van die doopsbevel wat die Vader, die Seun en die Heilige Gees omvat het. Nog later het die verskillende konfessies bygekom. "De belijdenissen zijn samen aan takken en bladeren gelijk, ontsproten aan den eénen stam, die in het geloof, dat Jesus de Christus is, bij den aanvang in den bodem der gemeente werd geplant". Die Belydenisskrifte is dan

ook die naspreke van die Woord en die kerkgeskiedenis die handhawing van die Woord (Geref. Kerk, 1967, p.545).

Die inhoud van die eerste belydenisvraag is dus nie maar net dogmaverklaring nie, maar dit gaan daarin om die persoonlike belydenis van geloof.

Die tweede vraag (Geref. Kerk, 1939, p.41)[15] gaan om die persoonlike verhouding tot God, volharding by dié leer en om die daaglikse bekering. Dit is opmerklik dat in die belydenisaflegging by Calvyn die belofte tot volharding in die leer ontbreek asook die onderwerping in die gehoorsaamheid aan die ampte, wat in die derde vraag voorkom. Van 't Veer (1942, p.308-9) beskou dit as 'n leemte by Calvyn, wat egter wel deur Bucer en die ander Gereformeerde kerke gehandhaaf is.

Die inhoud van die belydenis op die tweede vraag is 'n persoonlike belydenis van volharding en bekering deur die genade van God.

---

15. "Is dit u voorneme om, deur die genade van God, by dié leer te volhard; om u lewe en saligheid buite uself in Christus te soek; om die drie-enige God van u Doop lief te hê, die wêreld te versaak, u oue natuur te kruisig en hierdie belydenis deur 'n godsalige lewe te bevestig?"

Die derde vraag (Geref. Kerk, 1939, p.41)[16] gaan om die verhouding tot en die lewe in die gemeenskap van die kerk. Belydenisaflegging geskied in die kerk, en daarom moet hierdie kerk ook bely word as die ware kerk wat deur Christus deur sy Woord en Gees vergader is.

Die inhoud van die belydenis op die derde vraag is dus 'n persoonlike aanvaarding van hierdie kerk as kerk van Christus.

Die inhoud van die belydenisaflegging kan dus só saamgevat word: In antwoord op die vrae bely die verbondskind openlik in die kerk dat hy/sy glo en deur die genade van God langs die weg van geloof en bekering sal volhard om die verbondsgemeenskap met God in die kerk te onderhou (Geref. Kerk, 1967, p.545).

### 3.2.4 Die doel van aflegging van belydenis van geloof

In aflegging van belydenis van geloof kan 'n drieërlei doelstelling onderskei word, naamlik 'n persoonlike doel, 'n kerklike doel en 'n hoogste doel.

---

16. "Is dit verder u voorneme om, as waardige lid van die Kerk van Christus, die bediening van die Woord en die Sakramente ywerig te soek, terwyl u u tewens sal onderwerp aan die Christelike vermaning en tug as u u miskien in leer en lewe misgaan?"

### 3.2.4.1 Die persoonlike

Aflegging van belydenis van geloof is 'n persoonlike, welbewuste daad onder leiding van die Heilige Gees waar die verbondskind openlik met die mond die geloof wat daar in die eie hart is, hardop bely (Rom. 10:10).

Waar die naaste doel van geloofsbelydenis dan persoonlik is, moet daar gewaak word vir verskillende gevare (Dijk, 1952, p.138-9). Daar is ten eerste die gevaar dat daar van die veronderstelling uitgegaan word dat die belydenis nou eers begin. Reeds van die kinderjare af is die geloof aanwesig en is die geloof ook deur die jong kind in woord en daad bely. Maar nou het die kind tot geestelike volwassenheid gekom en daarmee tot welbewuste openlike belydenis in die kerk.

Maar daar is ook nog 'n ander gevaar, naamlik dat op baie katkisante van die kant van die ouers 'n "zagte drang" (Berkelbach v.d. Sprenkel, 1956, p.351) uitgeoefen word om tog maar belydenis van geloof af te lê. Dan word van die openbare belydenis van geloof 'n tradisie gemaak wat die persoonlike, selfstandige, welbewuste daad verdring. Tradisie kom van die woord trādo, wat beteken "oordra" (Postma, 1939, p.326). Die Rooms-Katolieke opvatting werk tradisie in die hand. In die plek van belydenis van geloof het hulle die sakrament van die vormsel. By die toediening van die vormsel geskied iets aan die kinders en nie deur hulle nie as die biskop sê: "Ik teken u met het teken des kruises en sterk u met het charisma des heils in de naam des Vaders en des Zoons en des

Heiligen Geestes" (Sizoo, 1956, p.519; Gilhuis, 1951, p.37).

Die belangrikheid van die voortgang van die geloof deur die geslagte heen kan by geloofsbelydenis egter nie ontken word nie, maar dit is iets heeltemal anders as blote tradisionalisme. Die Skrif spreek telkens van die God van jou Vader, die God van Abraham, Isak en Jakob (Gen. 46:3; Gen. 28:13). Paulus herinner Timotheüs daaraan dat die geloof wat in hom is, ook in sy moeder en in sy grootmoeder was (2 Tim. 1:15). Daar is dus 'n band met die voorgeslagte wat nie verontagsaam kan word nie.

Belydenis van geloof moet egter nie tradisioneel gedoen word in dié sin: omdat vader of grootvader dit gedoen het, daarom doen ek dit ook nie. Belydenis van geloof moet 'n persoonlike, selfstandige, welbewuste daad wees met die doel om die eie geloof te bely, "ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld, is" (Joh. 4:42).

Geloofsbelydenis is altyd 'n persoonlike saak. Dink aan die belydenis van Dawid: "Die HERE is mý Herder" (Ps. 23:1), die belydenis van Thomas: "My Here en my God" (Joh. 20:28). Die Here Jesus het ook aan die dissipels persoonlik gevra: "Wie sê júlle is Ek" (Matt. 16:15), en aan Maria vra Hy: "Glo jý dit?" (Joh. 11:26).

Aflegging van belydenis van geloof geskied daarom ook persoonlik. Hoof vir hoof word elkeen by die naam

genoem (al is dit in 'n groep) en word elkeen gevra: "Wat is hierop û antwoord?"

So is die verbondskind in die handeling van aflegging van belydenis nie passief nie maar aktief en persoonlik betrokke.

Daarom moet ook daarteen gewaak word dat aflegging van belydenis van geloof nie 'n outomatiese, meganiese afsluiting van die kategese is nie.[17] Die aflê van die persoonlike geloofsbelydenis moet as 'n vrug van die Gees ryp word in 'n eie keuse en besluit (Geref. Kerk, 1967, p.547). Daarom behoort aansoeke by die kerkraad om aflegging van geloofsbelydenis ook behoorlik disgewens skriftelik, gemotiveer te wees. So kom die persoonlike doel van geloofsbelydenis tot sy reg.

3.2.4.2 Die kerklike

Aflegging van belydenis van geloof het ook ten doel die kerk - wat nie minder belangrik as die persoonlike is nie - as daar bely word dat diê leer wat "in die Christelike Kerk alhier geleer word, die waaragtige en volkome leer van die saligheid is".

God is nie maar net God van enkelinge en individue nie, maar Hy is die God van Abraham, Isak en Jakob. Hy is die God van die geslagte, die God van sy volk en

---

17. Uit die antwoorde op vr. 6, Bylaag 2, blyk dat 53% van die predikante geantwoord het dat dit in die meeste gevalle waar is.

van sy gemeente (Gen. 17:7; Hand. 2:39). Wie bely dat hy eiendom van Jesus Christus is, staan in die kerk, want hy behoort aan die HERE.[18] Wie God as Vader het, het die kerk as moeder (Sizoo, 1956, p.6). Wie in sy geloofsbelydenis dit besef, verstaan dat hy mag meewerk aan die opbou van die kerk wat deur Christus vergader is en waarvan elke gelowige ook 'n lewende lid is en ewig sal bly. Só kom die persoonlike doelstelling tot sy reg, deurdat elkeen ook sal smaak die saligheid wat geleë is in wat Calvyn (Van 't Veer 1942?, p.30) noem "de militia Christi", die krygsdiens van Jesus Christus.

Die persoonlike doelstelling vind sy vervulling in die kerklike as die verbondskind met sy persoonlike hartlike belydenis intree in die volle gemeenskap met die kerk van Christus, om saam met die kerk van alle eeue te bely.

Met die openbare aflegging van belydenis van geloof in die kerk hou die belydenis dan ook nie op nie. Elke Sondag in die erediens en elke dag in die amp van gelowige word belydenis gedoen. So het die lewe van die gelowige 'n belydende lewe geword.

---

18. Die woord "Kerk" kom van Kuriakos wat beteken: "Behoort aan die HERE." (of the lord or owner, to the debit of the proprietor) (Liddell & Scott, 1953, p.400; Bromiley, 1968, p.1095 - 1096).

#### 3.2.4.3 Die hoogste doel

Aflegging van geloofsbelydenis vind die hoogste doel nie maar net in die persoonlike of in die kerklike nie, maar die uiteindelike doel is veel verhewener en skoner. Dit is waar beide saamval met die een doel: die eer en verheerliking van God.

1 Korinthiërs 10:31 stel die grondbeginsel wat die lewe van die kinders van God moet beheers, naamlik dat in alles wat hulle doen, God verheerlik moet word. Om God te verheerlik beteken om die eise van die verbond met God na te kom: om in gehoorsaamheid sy gebooie te onderhou, om in alles op Hom te vertrou, om Hom lief te hê en om in voortdurende bekering voor Hom te lewe.

Aflegging van geloofsbelydenis is daarom ook 'n bevestiging van die voorneme om in die verbond met God te lewe.

Waar die verheerliking van God die hoogste doel van die lewe is, staan sy verheerliking ook in noue verband met die saligheid van die gelowige. Jesus verklaar in Mattheus 10:32: "Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor My Vader wat in die hemele is".

So moet aflegging van geloofsbelydenis as gehoorsaamheid aan die verbond van God die hoogste doel van die lewe dien: om waarlik tot verheerliking van God te wees.

### 3.2.5 Aflegging van geloofsbelydenis, die sakramente en volledige lidmaatskap van die kerk

Daar is 'n noue band tussen geloofsbelydenis aan die een kant en aan die ander kant die sakramente van die doop en die nagmaal en al die voorregte en verantwoordelikhede wat 'n volwassene in die geloof as 'n belydende lidmaat ontvang.

#### 3.2.5.1 Geloofsbelydenis en doop

Aflegging van belydenis van geloof en die sakrament van die heilige doop hoort bymekaar. By die kinderdoop het die geloofsbelydenis egter agterweë gebly vanweë die kind se fisieke en psigiese onvermoë (Van 't Veer, 1942?, p.19). Maar by die doop bely die ouers dat die kind in Christus geheilig is (Geref. Kerk, 1973, p.357). Die ouers tree dus in vir die kind, terwyl hy die teken en seël van die verbond ontvang. Wanneer die kind dan tot "sy verstand gekom het", erken die verbondskind deur sy belydenis van geloof dat hy is wat by die doop verseël is: 'n kind van die HERE. So is die belydenis van geloof vir die verbondskind die vervulling van 'n doopvereiste wat tydelik uitgestel was. Calvyn (Van 't Veer, 1942?, p.20) was daarvan oortuig dat die enigste grond en geldige argument vir uitstel van geloofsbelydenis onvoldoende geloofskennis is, want geloofsbelydenis behoort reeds by die doop plaas te gevind het as gehoorsaamheid aan die verbond van God.

Die verbondskind moet dus tot daardie rypheid kom waar hy sy doop kan verstaan voordat hy belydenis van geloof aflê. Eers dan "krijgt onze belijdenis haar grootste diepgang en ons ja zijn diepste klank. Dan immers zeggen we: Here, ik ben het eigenlijk niet die kiest; Gij hebt gekozen! Ik heb U niet uitverkoren - Gij hebt mij uitverkoren. U was de eerste. U beloofde in de doop: Ik ben uw God, gij zijt Mijn kind. Nu eerst zeg ik U dit na!" (Gilhuis, 1951, p.38-9).

3.2.5.2 Geloofsbelydenis en nagmaal

Ook tussen geloofsbelydenis en die nagmaal is 'n onlosmaaklike band. Aan die een kant gee geloofsbelydenis toelating en toegang tot die heilige nagmaal. Aan die ander kant is die heilige nagmaal die teken en seël wat die geloof daarop rig dat die offerande van Jesus Christus aan die kruis die enigste grond van die saligheid is (Heidelbergse Kategismus, vr. en antw. 67). Calvyn het hierdie band so sterk gehandhaaf omdat hy vasgehou het aan die karakter van die belydenis, naamlik dat dit belydenis van geloof is.

Geloofskennis bring dadelik geloofsekerheid, en daarom moet belydenis van geloof ook gepaard gaan met die viering van die heilige nagmaal. Want in die heilige nagmaal word verseker "dat ons net so waarlik sy ware liggaam en bloed deur die werking van die Heilige Gees deelagtig word as wat ons hierdie heilige waartekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang" (Heidelbergse Kategismus, vr. en antw. 79).

In die heilige nagmaal omhels die geloof Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker en word ook die gemeenskap met die medegelowiges bely. Die viering van die heilige nagmaal is die gehoorsaamheid van die geloof. Geloofsbelydenis en nagmaal gaan dus altyd saam.

3.2.5.3 Geloofsbelydenis en lidmaatskap

As vrug van die geloofsbelydenis word deel verkry aan al die voorregte en verantwoordelikhede wat 'n volwassene in die geloof as 'n belydende lidmaat ontvang. Dit hou in die reg om 'n kind ten doop te hou, om nagmaal te gebruik, om verkies te word tot die amp van ouderling en diaken, om stemreg te kan beoefen, om medeverantwoordelik te wees vir die instandhouding van die erediens. So ontsluit die belydenis van geloof die volle heerlike gemeenskap van die kerk en word die voortbestaan en welsyn van die kerk bevorder. So word van geslag tot geslag die lewe van die kerk voortgeplant deur die getuienis van die Woord.

Die openbare geloofsbelydenis is 'n aanvaarding van die belydenis van die kerk en 'n mondige diensbaarheid in die kerk. Deur die openbare belydenis word die staat van die verbondskind verander van onvolledige lidmaatskap (nie deel hê aan alle voorregte en verpligtinge nie) tot volle lidmaatskap (deel hê aan alle voorregte en verpligtinge). Hierdie groot verantwoordelikheid kan die kind alleen op hom neem as hy tot rypheid gekom het.

3.2.6 Die noodsaaklikheid van geloofsbelydenis

Die noodsaaklikheid van belydenis van geloof kan soos volg weergegee word:

3.2.6.1 Weens die verbondenheid aan die sakrament van die heilige doop. - Hieruit volg die eis van geloofsgehoorsaamheid aan die verbond van God (Mark. 16:16).

3.2.6.2 Weens die verbondenheid aan die sakrament van die heilige nagmaal. - Hieruit volg die eis van die geloofsgehoorsaamheid tot toe-eiening van Christus en al sy weldade (Joh. 3:16; Rom. 1:17; Heidelbergse Kategismus, Sondag 23 en 28.

3.2.6.3 Weens die verbondenheid aan die kerk. - Hieruit volg die eis om die goeie belydenis ook in die midde van die gemeente te bely tot saligheid (Matt. 10:32; 1 Tim. 6:12, 13; 1 Petr. 3:15; Openb. 3:5).

3.2.6.4 Weens die eis van die Skrif wat belydenis met geloof verbind. - Indien waarlik met die hart geglo word tot regverdigmaking, moet ook met die mond bely word tot saligheid (Rom. 10:10).

3.2.6.5 Weens die eis van die bewaring van die suiwerheid van die leer en die instandhouding van die kerk (1 Tim. 6:20, 21; Ef. 4:12, 16).

3.2.6.6 Weens die eis om die verval van die kerk weens onkunde teë te werk (Joh. 17:3; Hos. 4:6).

## 3.3 RYPHEID[19]

---

19. Ek is bewus daarvan dat Gereformeerde opvoedkundiges op soek is na nuwe terminologie om weg te kom van die terminologie van die naturalistiese psigologie. So word "skoolgereedheid" gebruik i.p.v. "skoolrypheid". Geen bevredigende term kon egter nog gevind word om in die kategese die woord rypheid te vervang nie. "Belydenisgereedheid" i.p.v. "geloofsrypheid" gaan nie op nie, omdat dit gaan om belydenis van geloof. Indien 'n bevredigende term gevind kan word, sal dit 'n besliste bydrae tot die vakwetenskap van die kategese lewer. Intussen word die term rypheid deur my gebruik, omdat dit reeds 'n geykte gebruik in die kerklike taal verkry het en ook so deur die verskillende sinodes van die Afrikaanse Kerke gebruik word.

    Saam met K. Dijk (1957, p.117) vermy ek liewer die terme mondig en onmondig, omdat dit weer aan die burgerlike reg ontleen is en te veel daaraan herinner. Ek verkies dus die gebruik van die terme geestelike rypheid, geestelike volwassenheid en geloofsrypheid.

### 3.3.1 Wat is rypheid?

Onder rypheid word tweërlei verstaan: Eerstens rypheid in die geloof, tweedens die gereedheid om in die volle gemeenskap van die kerk as belydende lidmaat plek in te neem.[20]

Rypheid het dus in die besonder betrekking op die status in die verbondskind self maar ook op sy staat in gemeenskap met die gelowiges in die kerk van Christus.

---

20. Jooste (1957, p.21-2) maak onderskeid tussen geestelike mondigheid, geestelike rypheid en geestelike volgroeidheid. Geestelike mondigheid sien hy as "'n status in 'n persoon wat langs die weg van wedergeboorte deur die Gees van God tot geestelike lewe gekom het terwyl hierdie geestelike lewe dan aangekweek moet word net soos in die organiese lewe geskied want dit kan wegkwyn as die normale voeding gemis word. As hierdie geestelike lewe nou 'n stadium van geestelike rypheid bereik het, kan dit geestelike mondigheid genoem word".

    Geestelike rypheid word verkry deur "die Woord van God te laat inwerk in die proses van geestelike mondigwording om daardeur die toestand van rypheid op geestelike gebied te bewerkstellig". - "Dit is die stadium van geestelike rypheid, gereed om in die volle gemeenskap van die Kerk sy plek in te neem".

    Geestelike volgroeidheid sien hy as: "soos by die verlostes in die heerlikheid".

3.3.2 Rypheid as 'n status in die verbondskind

Rypheid in die geloof raak drieërlei terrein: die verstandelike, die psigiese en die godsdienstige.

3.3.2.1 Die verstandelike

Kennis is 'n primêre vereiste vir geloofsrypheid (Joh. 17:3; Spr. 9:10; Hos. 4:6; Luk. 1:17; Kol. 1:9-10; 1 Tim. 2:3-4; 2 Petr. 1:2; 2 Petr. 3:18) - kennis van God Drie-enig, van God die Vader (Joh. 17:3) en van Jesus Christus, die één Middelaar tussen God en die mense (1 Tim. 2:5) en van die Heilige Gees, die Trooster (Joh. 14:16,26); dus: kennis van God se Woord as die waaragtige en volkome openbaring van die saligheid.

Belydenis van geloof word egter in die kerk afgelê, en daarom hou kennis ook in kennis van die kerk in sy belydenis en in sy geskiedenis as deur Jesus Christus vergader deur sy Woord en Gees (Heidelbergse Kategismus, vr. en antw. 54).

Feitekennis alleen is egter nie genoeg nie. Rypheid in die geloof sal eers daar wees as kennis geloofskennis geword het; as die verbondskind in staat is om die feite so te verwerk dat hy daardeur insig kry; as hy betekenis kan gee aan "konkrete en abstrakte werklikhede; hy moet dit kan orden, 'n plek daaraan kan toewys, verbande daartussen kan lê; opinie omtrent werklikhede (konkreet en abstrak, bv. die kerk en sy belydenis) kan vorm; hom met dinge kan identifiseer

of hom van dinge (konkreet en abstrak) kan distansieer. Hy moet bv. die abstrakte begrip "sonde" in verband kan bring met die konkrete "kerk" en 'n standpunt inneem oor die "kerk" as 'n vergadering van "sondaars" en/of "heiliges" in Christus" (Spoelstra, 1973, p.36).

As hy dit kan doen, het hy in sy kennis tot rypheid gekom.

3.3.2.2 Die psigiese

Die jong verbondskind is geestelik onryp en moet deur opvoeding tot geestelike rypheid gelei word. Hieronder word verstaan die langsame maar vaste ontvouing en ontwikkeling en vorming van al die psigiese vermoëns, van die waarneming, die voorstelling, die geheue, die verstand, die gevoelens en die hele strewingslewe (Coetzee, 1944, p.273). Hierdeur word die verbondskind van 'n onrype, onvolwasse staat gebring tot 'n rype, volwasse staat, waar die hele geestelike lewe van die kind so gevorm, geoefen en ontwikkel is dat hy selfstandige, verantwoordelike besluite kan neem. Vroeër is rypheid ook die "jare van onderskeiding" genoem.

Die Woord van God moet in die kategese so aangewend word dat dit inwerk in die wording na geestelike volwassenheid om daardeur die toestand van rypheid op geestelike gebied te bewerkstellig (Jooste, 1957, p.22), sodat die verbondskind tot 'n persoonlike geloofsbelydenis kan kom.

Rypheid in die geloof sal eers dan 'n werklikheid wees as die verbondskind langs die weg van wedergeboorte en opvoeding so tot geestelike rypheid gekom het dat sy geloofsbelydenis 'n saak van persoonlike welbewuste keuse is.

### 3.3.2.3 Die godsdienstige

Die godsdiens van die kind toon deur die jare 'n wordingsgeskiedenis. Die godsdiens van die kleuter vertoon 'n groot verskil van die van die puber, die van die puber weer van die van die adolessent en die van die adolessent weer van die van die volwassene (Bingle, 1962, p.14-21). Soos die mens in sy gang van kindheid na volwassenheid op alle terreine veranderinge toon, so ook ten opsigte van sy godsdiens.

Die verbondskind het in sy godsdiens volwassenheid bereik as die kenmerke van volwassenheid daarin vertoon word. Dit is: 'n bewuste aanvaarding en toeeiening van die verbondsbeloftes maar ook die besef van verantwoordelikheid dat die verbondseise onderhou moet word. Die geloofsoortuiging moet só tot ontplooiing gekom het dat daar geloofsekerheid is.

Rypheid in die geloof sal in die godsdiens van die verbondskind openbaar word as aanwesig is 'n gewisse kennis waardeur alles vir waaragtig gehou word dat God in sy Woord geopenbaar het, en as daar 'n vaste vertroue op God se beloftes is (Heidelbergse Kategismus, vr. en antw. 21).

### 3.3.3 Rypheid as 'n staat in die kerk

Rypheid het ook betrekking op die gereedheid van die verbondskind om in die volle gemeenskap van die kerk sy plek as belydende lidmaat in te neem. Om dit te kan doen moet daar tussen hom en die gemeente eenheid in geloof en belydenis wees.

Enersyds moet die verbondskind in staat wees tot 'n welbewuste aanvaarding van die belydenis van die kerk, en andersyds moet hy gereed wees tot mondige diensbaarheid in die kerk, so gereed dat hy byvoorbeeld tot die amp van ouderling of diaken verkies kan word.

Rypheid hier hou ook in: 'n besef van eie geestelike en kerklike verantwoordelikheid, in staat wees om beslissings te kan neem en om te kan onderskei, in staat tot meelewing en geloofsgehoorsaamheid, in staat om op 'n verantwoordelike wyse sy voorregte en verpligtinge uit te oefen.

Rypheid as staat in die kerk hou dus in die in staat wees tot welbewuste lewe in die volle gemeenskap met die volk van God, die kerk (Geref. Kerk, 1967, p.544).

### 3.3.4 Gevolgtrekking

Rypheid kan dus omskryf word as die status wat die verbondskind in homself bereik het, langs die weg van wedergeboorte en opvoeding, as gevolg waarvan hy 'n selfstandige, persoonlike, welbewuste belydenis van sy geloof kan aflê en as gevolg waarvan hy in staat is tot welbewuste lewe in die volle gemeenskap met die

volk van God, die kerk.[21]

### 3.3.5 Rypheid en leeftyd

Die mens ondergaan van geboorte tot sterwe verandering. "Steeds is er een groeien en rijpen" (Kuypers, 1936, p.38). Tog geskied dit nie in elke opsig nie. Op hoë leeftyd kan daar sulke inperkinge wees dat eerder van "inwikkeling" as "ontwikkeling" gepraat kan word.

In die jeugjare is dit normaalweg egter anders. Die geestelike en liggaamlike kragte wat reeds in die jong kind aanwesig is, kom geleidelik tot ontplooiing, sodat die wording na liggaamlike volwassenheid gepaard gaan met 'n wording na geestelike volwassenheid (Bijlsma, 1962, p.114).

Dit beteken egter nie dat telkens liggaamlik of geestelik 'n nuwe orgaan of funksie bykom nie (Bavinck, 1916, p.135). Die liggaamlike en psigiese organisme is van die begin af in sy lede of dele kompleet. Liggaamlik kom die pasgeborene, uitgesonderd die tande, volledig in die wêreld (Kuypers, 1936, p.29). So is ook ten opsigte van die psigiese die verskillende funksies reeds by die pasgeborene teenwoordig. Die waarneming, geheue, verbeelding, verstand, wil en religieuse is van die begin af in die kiem aanwesig.

---

21. Die meerderheid antwoorde op vr. 1 (kyk Bylaag 2) kan saamgevat word onder: rypheid in geloofskennis en nie eerstens in jare nie. Slegs 9% het 'n sekere leeftyd as rypheid aangedui.

Wat tydens ouerwording gebeur, is dat al die liggaamlike en geestelike organe en funksies naas en in verband met mekaar ontplooi, met dien verstande dat nie almal ewe vinnig of teen dieselfde tempo was of toeneem nie (Bavinck, 1916, p.135). "Ontwikkeling" of wording is dus nie toevoeging nie maar ontplooiing, en dit geskied geleidelik met die toeneming van die lewensjare by elke orgaan en by elke funksie na sy eie aard, op sy eie tyd en wyse (Bavinck, 1916, p.135).

Dit is veral die ontwikkelingspsigologie wat met navorsing aangetoon het dat van 'n egalige wording van kind tot volwassene nie sprake is nie. Die kind "ontwikkel" van baba tot kleuter, van kleuter tot skoolkind, van skoolkind tot puber en van puber tot volwassene (Bijlsma, 1962, p.115).

Die tyd van rypwording na volwassenheid strek veral oor drie periodes, wat soos volg aangedui kan word: die prepuberteit, wat op 11-12 jaar begin en duur tot 13-14 jaar; die puberteit in engere sin, wat strek van ongeveer 13-14 jaar tot 16-17 jaar, en dan die tyd van adolessensie of vroeë volwassenheid, wat strek van 17-18 jaar tot 20-21 jaar (Bijlsma, 1962, p.116; Faber, 1952, p.103). Met rypwording gedurende hierdie jare word bedoel die "losgroei" of uittrede uit die kinderlike bindinge en die "ingroei" of intrede in die volwassenheid (Faber, 1952, p.103).

Die jare tussen 12 en 21 het dus 'n eie karakter, alhoewel dit met die voorafgaande jare saamhang. Voor sy twaalfde jaar rig die kind met sy kinderlike waar-

nemings en voorstellingsvermoë hom op die buitewêreld soos dit is. Die tyd voor die twaalfde jaar kan dan ook die periode van die wording van die bewussynslewe genoem word (Waterink, 1955, p.13). Veral die agt- tot tienjariges is werklikheidsfanatici (Van Wyk, 1972, p.35). Alhoewel die kind teenoor die werklikheid gevoelens van afkeer en toewyding, van begeerte en afguns, van toorn en drif, van bekoring en onlus ervaar, staan hy teenoor die buitewêreld nog nie denkend krities nie. Sy selfbewussyn tree nog nie na vore nie (Waterink, 1955, p.13).

Hierteenoor kan die tyd ná 12 jaar as die tydperk van die wording van die selfbewussyn genoem word (Waterink, 1955, p.13). Die bewussyn van die samehang van 'n eie psigiese lewe bring 'n ontdekking van die eie self, 'n belewing van die eenheid van die eie persoonlikheid (Waterink, 1955, p.15). Die jongmens gaan nou uit die periode van naïwiteit in die van selfstandigheid (Hoekstra, 1916, p.49).

Die godsdienstige wording geskied egter nie buite die verband van die totaalstruktuur van die psigiese om nie, en dit is veral hier in die jongelingsjare waar die Christelike persoonlikheid gevorm word en die mens tot mens van God word (Waterink, 1955, p.164). Op die agtergrond lê die werk van God: die wedergeboorte van die mens. Op die voorgrond staan die uiterlike aspek van die lewensontwikkeling en die middellike weg waarlangs God die mens opvoed (Waterink, 1955, p.164).

Die puberteitsleeftyd kan bestempel word as die oor-

gangsperiode. Dit is liggaamlik en geestelik die oorgang van die kinderlike tipe tot die van volwassene (Waterink, 1955, p.164). Die egosentrisme van die kindergodsdiens maak plek vir die teosentriese (Hoekstra, 1916, p.35). Dit is merkwaardig dat die godsdienstige wording in dieselfde baan bly as die persoonlikheidswording. Op omstreeks 18 jaar kom by baie 'n sterk worsteling om die individuele houding teenoor die godsdienstige waardes te bepaal (Waterink, 1955, p.166). Hy leer insien dat God die doel van die lewe moet wees en dat die verheerliking van God gesoek moet word in gemeenskap met almal wat voor God buig. Hy soek die plek wat hy in die geheel van die Christelike kerk moet inneem. Hy trag om tot bewustheid te kom van die verhouding waarin hy persoonlik tot Christus staan (Hoekstra, 1916, p.49).

Gewoonlik volg in die periode tussen die negentiende en twintigste jaar die proses waarby die jongmens poog om met sy eie geaardheid en dus ook met sy eie godsdienstige behoefte in die gemeenskap in te lewe, in dié geval die gemeenskap van die heiliges, die kerk (Waterink, 1955, p.167). In sy godsdienstige ryping het hy hom nou bewus geword van die groot ideaal wat sy lewe stu: die toekoms van Christus in die voleinding van sy koninkryk (Waterink, 1955, p.167).

Daar kan dus gekonkludeer word dat rypheid in die nouste verband staan met leeftyd en dat nieteenstaande skommeling wat in individuele gevalle mag voorkom, dit nie van mekaar geskei kan word nie.

3.3.6 Kenmerke van rypwording

'n Belangrike vraag is hoe rypheid by die verbondskind waargeneem kan word. Geestelike rypwording vertoon sekere kenmerke wat veral in die puberteit en die vroeë adolessensie voorkom. Hierdie kenmerke kan soos volg aangedui word:

3.3.6.1 Bingle (1940, p.69) noem as een van die belangrike kenmerke van geestelike rypwording die drang na abstrakte denke. Dit is 'n intellektualisme wat daarin uitkom dat die jeugdige die estetiese, etiese en religieuse logies gaan beskou en op 'n wetenskaplik eksakte metode wil bewys. Hy staan wantrouend teenoor alles wat nie met die verstand bewys kan word nie. Voorwerp van twyfel is gewoonlik kerklike dogmas soos die Godheid van Christus en die Drie-eenheid (Bingle, 1940, p.70). Teenoor die intellektualisme staan die religieuse aanleg. Hier gaan dit weer nie om die bewys nie maar om die gevoel en belewing van God (Bingle, 1940, p.70).

3.3.6.2 'n Verdere kenmerk is 'n nuwe houding teenoor die oorgelewerde godsdiens. Die dinge van die kindertydperk wek nou persoonlike belangstelling en kry 'n persoonlike betekenis. Van die godsdiens wil hy 'n belewing maak (Bingle, 1940, p.44). Faber meen in dié verband dat twee lyne by die kind onderskei kan word, naamlik die Godsgedagte in die lewe van die kind en sy godsdienstige gevoelens. Terwyl hy nog kind is, bly hierdie twee lyne geskei. Hy word volwasse as hierdie twee lyne na mekaar toe buig.

"Het is dan een kenmerk van de volwassen godsdienst dat de godsdienstige ervaring zich aan God hecht en God dus - om het eenvoudig uit te drukken - via het gevoelsleven den mens naderbij komt" (Faber, 1952, p.104).

3.3.6.3 Godsdiens bly nou nie net 'n gesindheid nie; die verbondskind probeer nou om dit in 'n daad om te skep; hy wil meedoen aan die godsdiens (Bingle, 1940, p.44).

3.3.6.4 Die optrede van die gewete word nou ook kenmerkend. Die kerkleer is nie meer net blote woorde nie, maar dit is betekenisvolle innerlike vorme wat op die handel en wandel van die jeugdige die grootste invloed uitoefen (Bingle, 1940, p.44).

3.3.6.5 Die vraag na die sin van die dinge kom nou ook onstuitbaar na vore: die geheimenis van God agter die menselewe, van die ewigheid agter die tyd, van die lewe na die dood (Bijlsma, 1962, p.239-240).

3.3.6.6 Bingle (1940, p.45) toon aan dat die houding van die verbondskind nou nie meer bepaal word deur wat sy omgewing hom leer nie, maar deur die gesindheid daarvan teenoor die godsdiens. As kind is godsdiens vir hom vanselfsprekend. By rypwording dra hy egter 'n persoonlike element daarin. Sondebesef en verlange na verlossing, wat tot dusver vir hom blote begrippe was, word nou deel van sy sielelewe.

3.3.6.7 Bijlsma (1962, p.238-9) noem ook nog die volgende kenmerke wat na vore kom: 'n gevoel vir verhoudinge, 'n besef van verantwoordelikheid, 'n verlange na 'n blywende houvas en 'n behoefte aan 'n breëre gemeenskapsverband. Die opkomende behoefte aan gemeenskapsverband wakker die waardering vir die kerk aan. Die jeugdiges wil graag deelgenote wees in 'n groter wêreldwye verantwoordelikheid. Sowel die plaaslike gemeente as die "wêreldkerk" kom in die gesigsveld.

3.3.6.8 Die toetsresultate van Bingle (1940, p.86-344) oor die opvattinge van jeugdiges van 14 tot 19 jaar in verband met God, die Bybel en die kerk is besonder insiggewend met betrekking tot die vraag in watter mate kenmerke van rypheid hierin na vore kom.

Uit die resultate van die vrae oor God het dit geblyk dat vir 95% die God van die Bybel ook hulle God is. Hierdie Godskeuse is gedoen op grond van wat hulle ouers hulle geleer het, maar ook omdat hulle volkome tevredenheid en geluk vind in die God van die Bybel (Bingle, 1940, p.333).

Hul Godskeuse toon dus 'n mate van rypheid, omdat die persoonlike element hierin na vore kom.

In hulle verhouding tot God openbaar hulle egter nog 'n onvolwassenheid omdat hulle God nie in die eerste plek dien om God self nie maar om persoonlike gewin - tydelik en ewig. Die redes vir die diens van God is egosentries en nie teosentries nie. Die Godsverhou-

ding van die jeugdige is oor die algemeen nog sterk egosentries (Bingle, 1940, pp.335, 336).

Uit die resultate van die vrae oor die Bybel blyk dit dat daar ook 'n sterk persoonlike element in hulle verhouding met die Bybel is.

In sekere gedeeltes van die Bybel, soos die gelykenisse, die Psalms, die wonders en die gedeeltes wat oor die hemel handel, toon die jeugdiges 'n besondere belangstelling. Die redes wat aangegee word vir hierdie belangstelling, dui op die persoonlike element: die verlange na Christus en die verlange na die ewige lewe. Wat hulle van kleins af geleer het, spreek nou om persoonlike redes tot hulle (Bingle, 1940, pp.337, 338). 'n Mate van rypheid word hier geopenbaar in die soeke na 'n persoonlike godsdiens.

Uit die resultate van die vrae oor die kerk blyk dit dat die jeugdige 'n sterk persoonlike element in die erediens indra. Vir hom geld dit die eer en diens van God en die welsyn van sy siel. As die redes vir die persoonlike element nagegaan word, word gevind dat die siel smag na 'n gewyde stemming, en dit word so in die erediens gevind dat die jeugdige hom naby God voel. Persoonlike kontak met God word in die erediens gesoek, en hierdie kontak word verkry deur die stemming van die erediens. Die gebed, die Skriflesing en preek word direk beleef. Dit laat die jeugdiges voel dat hulle met verhewe dinge te doen het - by die oueres meer as by die jongeres - omdat dit lof aan God toebring, dit hul harte ontvanklik maak vir Gods Woord en omdat dit tevredenheid aan

die siel gee. In die erediens word vrede vir die siel gevind, en daarom is dit vir hulle 'n behoefte om die erediens by te woon (Bingle, 1940, pp.343-4).

In hierdie persoonlike element word 'n mate van rypheid gesien. Die jongmens bedink die dinge wat met die kerk in verband staan, en put daaruit vir sy siel. Hy is nie meer 'n kind wat die kerk op gesag aanneem en besoek nie, maar omdat hy dit wil (Bingle, 1940, p.330). Driekwart van die proefpersone het dan ook getuig dat hulle die eredienste uit eie vrye wil bywoon (Bingle, 1940, p.326).

Konkluderend kan gevolglik gesê word dat die sterkste kenmerk van rypwording die na vore tree van die persoonlike is. Die persoonlike geloof in God, in die Bybel en die verband met die kerk is die kenmerk van die soeke na die blywende vorme van volwassenheid.

### 3.3.7 Rypheid en die meting daarvan

'n Kernvraag in die opset van hierdie verhandeling is die vraag na rypheid en die meting daarvan. Dit gaan hier veral om twee sake, naamlik: Kan rypheid gemeet word, en, indien wel, hoe word dit gemeet?

#### 3.3.7.1 Kan rypheid gemeet word?

Om hierdie vraag te beantwoord is dit noodsaaklik dat daar duidelikheid sal wees oor wat onder rypheid verstaan word.

In die lig van 3.3.1 tot 3.3.4 van hierdie hoofstuk

gaan dit in rypheid om so 'n kennis en so 'n insig in die verworwe kennis dat die verbondskind die kennis ook in sy eie lewe kan toepas.

Dit gaan ook daarom of die verbondskind so tot geestelike volwassenheid gekom het dat hy in staat is om selfstandige welbewuste besluite aangaande sy geloofsoortuiging te neem.

Dit gaan daarom of hy in sy godsdiens só tot volwassenheid gekom het dat daar by hom 'n bewuste aanvaarding en toe-eiening van die verbondsbeloftes is en die ernstige voorneme om, deur geloof en bekering, die eise van die verbond te onderhou.

Dit gaan ook daarom of die verbondskind in staat is tot verantwoordelikheid om die voorregte en verpligtinge van 'n belydende lidmaat van die kerk te kan dra.

Al hierdie aspekte is meetbaar,[22] en daarom kan op die vraag of rypheid gemeet kan word, nie net positief beantwoord word nie, maar dit moet ook as 'n vereiste gestel word dat 'n kerkraad hom daarvan sal vergewis of hierdie sake wel aanwesig is voordat iemand toegelaat word om belydenis van geloof af te lê.

---

22. Die uitgebreide toetse van Bingle (1940, p.86-344) is 'n uitstekende bewys van die meetbaarheid van rypheid.

#### 3.3.7.2 Die meting van rypheid

Die meting van rypheid word veral op vier maniere gedoen, naamlik deur die afneem van skriftelike toetse, waarneming, die persoonlike gesprek en ondervraging deur 'n kommissie van die kerkraad.

##### 3.3.7.2.1 Skriftelike toetse

Die vrae in hierdie toetse moet daarop gerig wees om sowel die kennis as die insig van die verbondskind in die Bybelse waarhede, die geloofsleer, die kerkgeskiedenis, die kerkregering, die erediens en die sektewese te toets. Uit die antwoorde moet dit kan blyk dat die kennis ook in die eie lewe toegepas kan word.

Bevredigende antwoorde moet byvoorbeeld op die volgende en soortgelyke vrae gegee kan word:

Hoe tref die sondeval van Adam en Eva jou?
Watter betekenis het die genadeverbond vir jou?
Hoe raak die kruisiging van Jesus jou?
Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?
Is jy daarvan seker dat jy 'n uitverkorene is?
Watter sekerheid gee jou geloof aangaande die kerk jou?
Is jy ook betrokke by die kerkgeskiedenis?
Watter betekenis het die erediens vir jou?
Waarom wil jy belydenis van jou geloof aflê?

##### 3.3.7.2.2 Waarneming

Al die katkisasieklasse, d.w.s. van klas 1 af, is

voorbereiding vir geloofsbelydenis en moet as 'n eenheid gesien word. 'n Kategeet wat noue kontak met die verskillende klasse handhaaf, sal oor die jare heen deur waarneming 'n goeie beeld kan opbou van die vordering en rypwording van elke kind na sy eie aard en persoonlikheid.[23]

Waarneming oor jare heen moet ook betrek: gereelde of swak bywoning van die klasse, deeglike of swak voorbereiding van werkopdragte, dus getrouheid en verantwoordelikheid; vordering en belangstelling in die werk, oplettendheid in die klas, die bywoning van eredienste en meelewing met die gemeente - dus die aanwesigheid van die persoonlike element.

Deur waarneming kan die kategeet só tot kennis van elke kind kom dat daar by hom nie twyfel behoort te wees oor die graad van rypheid van 'n verbondskind as hy/sy hom/haar vir aflegging van geloofsbelydenis aanmeld nie.

---

23. Uit die antwoorde op vraag 7 (Bylaag 2) het die volgende geblyk:

 0% van die predikante het sub A, B, st. 1, 2, 3 onderrig;

 3% st. 4 en 5,

20% alle hoërskoolleerlinge,

80% die voorbereidingsklas en

95% die belydenisklas.

Dit is dan ook my oorwoë mening dat elke predikant uit hoofde van sy amp maar ook ter wille van elke verbondskind soveel moontlik katkisasieklasse self moet waarneem. Waar dit onmoontlik is om almal self waar te neem, is dit hoogs belangrik dat hy ook klas 1 en 2 vir sy rekening moet neem, sodat hy die kind reeds by sy aankoms by die katkisasie sal ontmoet en leer ken.[24]

#### 3.3.7.2.3 Die persoonlike gesprek

Die persoonlike gesprek wat voor aflegging van geloofsbelydenis moet plaasvind, is van groot waarde, omdat die verbondskind hier nie maar as 'n lid van 'n groep ontmoet word nie maar as 'n individu. In hierdie gesprek kan oor die intiemste sake van die geloofslewe van die jongeling gesels word en kan veral die wesenlike motief en beweegredes van die katkisant om belydenis van geloof af te lê vasgestel word. Die kategeet sal hierdeur 'n goeie insig kan kry in watter mate geloofsrypheid aanwesig is en of die katkisant op

---

24. Ek sluit my hierin aan by die standpunt van M.A. Kruger en P.J. Coetzee soos weergegee in <u>Die Kerkblad</u>, 77: 2287, 19 Febr. 1975, p.25, dat dit nie te verantwoord is om die onderskeid te maak van minder belangrik vir die kleintjies en meer belangrik vir die jare van finale voorbereiding om belydenis van geloof af te lê nie. Waar dit prakties onmoontlik is om al die kinders se katkisasie self te behartig behoort die predikant ten minste naas die belydenisklas die klas van die jongstes ook vir sy rekening te neem.

'n verantwoordelike wyse en met innerlike oortuiging "ja" kan antwoord op die belydenisvrae.

#### 3.3.7.2.4 Ondervraging deur 'n kommissie van die kerkraad

In 'n finale ondersoek voor 'n kommissie van die kerkraad word oorsigtelik getoets of die nodige kennis aanwesig is; of daar insig in die kennis is; of die geloofsoortuiging 'n persoonlike, welbewuste oortuiging is; of die wese en verantwoordelikheid van geloofsbelydenis besef word en of die lewenspraktyk van die verbondskind in ooreenstemming met sy belydenis is.

Waar die kerkraad vir toelating tot belydenis van geloof verantwoordelik is, kan deur die omvattender oordeel van 'n kommissie saam met die getuienis van die kategeet tot 'n beter begrip van die mate van rypheid van die verbondskind gekom word.

Die meting van geloofsrypheid is van die grootste belang eerstens vir die verbondskind self maar tweedens in nie mindere mate nie ook vir die welsyn van die kerk van Christus, omdat die kerk op aarde hierdeur gebou word.

## 3.4 GEVOLGTREKKING

Die gevolgtrekkinge wat gemaak kan word na die tetiese uiteensetting van geloofsbelydenis en die vereistes wat dit aan die katkisant stel, kan onder drie hoofde saamgevat word:

1. Die betekenis van geloofsbelydenis as handeling deur die katkisant;
2. die eise deur die kerk gestel by hierdie handeling;
3. die kerkregtelike gevolge aan hierdie handeling verbonde.

### 3.4.1 Die betekenis van geloofsbelydenis as handeling deur die katkisant

Geloofsbelydenis is 'n persoonlike, selfstandige, welbewuste daad waardeur die belyer sy persoonlike geloof in God Drie-enig tydens die erediens openlik in die midde van die gemeente in gehoorsaamheid aan die verbond van God bely. Hierdie handeling moes alreeds by die doop plaasgevind het, maar is weens die fisieke en psigiese onvermoë van die suigling uitgestel totdat hy in sy wording die nodige rypheid bereik het om van hierdie daad 'n persoonlike, selfstandige, welbewuste daad te maak.

### 3.4.2 Die eise deur die kerk gestel by hierdie handeling

Die norm wat die kerk aanlê vir toelating tot geloofs-

belydenis, is geloofsrypheid. Dit word bereik deur opvoeding en leeftyd. Dit hou in dat die kennis wat die verbondskind in sy wording langs die weg van wedergeboorte en opvoeding deur die ouers en die kerk opgedoen het, geloofskennis geword het. Hy moet dus in staat wees om die wese, inhoud en doel van sy geloofsbelydenis te ken en te begryp; om dit te handhaaf deur bekering en volharding; om sy plek in die volle gemeenskap van die kerk van Christus met verantwoordelikheid in te neem. Geloofsrypheid sal gevolglik ook nou saamhang met leeftyd.

### 3.4.3 Die kerkregtelike gevolge aan hierdie handeling verbonde

Die kerkregtelike gevolge van hierdie handeling is die ontsluiting van die volle gemeenskap van die heiliges as liggaam van Christus. Dit hou in die nakoming van alle verantwoordelikhede en die genieting van alle voorregte verbonde aan volwasse lidmaatskap van die kerk.

## 4. LEEFTYD WAAROP DIE KATKISANT RYP IS OM AAN DIE EISE IN 3 GENOEM TE VOLDOEN

By die navorsing van 'n moontlike leeftyd waarop die verbondskind belydenis van geloof kan aflê, moet aan die volgende vasgehou word:

Eerstens aan die wese en sin van aflegging van belydenis van geloof, naamlik dat dit 'n persoonlike, rype, welbewuste handeling moet wees.

Tweedens aan die karakter van aflegging van belydenis van geloof, naamlik dat dit belydenis van geloof is.

Derdens moet rekening gehou word met die psigologiese veranderinge wat die verbondskind op weg na volwassenheid ondergaan, en dat dit ook gebeur ten opsigte van sy godsdienstige opvattinge en belewinge.

Vierdens moet daar rekening gehou word met die feit dat die kind in die wêreld waarin hy leef, belydenis van sy geloof moet aflê. Praktiese en maatskaplike omstandighede soos dit in Suid-Afrika aangetref word, sal dus invloed uitoefen by aflegging van belydenis van geloof. Die eis van die Skrif "wees jy in alles nugter" (2 Tim. 4:5; 1 Petr. 1:13) sal dus ook in ag geneem moet word.

Die verskillende leeftye as moontlikhede waarop belydenis van geloof afgelê kan word, word nou nader ondersoek. Hierdie leeftye is 10 tot 14 jaar, die jare vóór puberteit; 15 tot 16 jaar, die eintlike puberteitsjare; 17 tot 21 jaar, die adolessensie of die

jare vóór volwassenheid en die eerste jare van volwassenheid.

## 4.1 TIEN TOT VEERTIEN JAAR, DIE JARE VÓÓR PUBERTEIT AS 'N MOONTLIKHEID WAAR BELYDENIS VAN GELOOF AFGELÊ KAN WORD

Hierdie jare kan die beste aan die hand van die tweedeling: positiewe faktore en negatiewe faktore, ondersoek word.

### 4.1.1 Positiewe faktore

4.1.1.1 Die grootste enkele positiewe faktor van hierdie jare is dat dit histories dié jare was waarop kinders belydenis van geloof afgelê het.

4.1.1.1.1 In die Ou-Testamentiese tyd is die verbondskind alreeds op 12 tot 13 jaar as geestelik volwasse beskou.[1] Saam met sy vader was hy dan ten volle verantwoordelik vir die onderhouding van die wet. Hy is genoem bar-mitswa, seun van die wet, en saam met sy ouers moes hy na die tempel gaan (Luk. 2:42).

---

1. Bijlsma (1962, pp.40-1) meld in voetnoot 6: "Al sedert eeuwen geldt de stelregel dat een jongen bar-mitswa wordt, zodra hij dertien jaar en één dag oud is. Tegenwoordig bestaat ook een bar-mitswa viering voor meisjes". Cf. Soetendorp, J. 1958. Symboliek der Joodse religie, p.20-25.

Hierdie vroeë rypheid is teweeggebring deur die intensiewe onderrig wat die verbondskind veral van sy ouers ontvang het. Die ouers was diep onder die indruk daarvan dat die kind aan die HERE behoort (Greyling, 1944, p.216) en dat die HERE die opdrag tot intensiewe onderrig juis aan die ouers gegee het (Deut. 6:77). Daarom het die kind reeds op die agste dag die besnydenis ontvang (Gen. 17:12; Lev. 12:3), en op die veertigste dag het die voorstelling in die tempel geskied (Lev. 12:1-8; Luk. 2:12).

Doelbewuste en opsetlike godsdiensonderrig is begin sodra die kind kon praat en verstaan. Deur mondelinge onderrig is die kind geleer om God lief te hê met sy hele hart, sy hele siel en al sy kragte (Deut. 6:5). Die onderrig het ingesluit: die godsdienstige onderhouding van die Sabbat, die môre- en aandoffer, die gebeds- en vastye, die feeste en die betekenis van die geskiedkundige plekke (Greyling, 1944, p.216-220).

Later is daar in die godsdienstige onderrig van die kinders ook deeglik rekening gehou met hulle leeftyd. Op vyfjarige leeftyd is begin met die lees van die Thora-teks (Bijlsma, 1962, p.40), en op ses tot sewe jaar is die Thora-teks van buite geleer en "bij de kinderen ingehamerd" (Bijlsma, 1962, p.40). Op ongeveer tien jaar is die sin en betekenis van die Thora aan die kinders geleer in die <u>Beth-ha-midrasj</u> (Bijlsma, 1962, p.40; Boertien, 1974, p.11-2).

Aan die begin van die Nuwe-Testamentiese tyd was die onderrig in die sinagoge reeds 'n vaste gebruik. Die

onderrig in die Beth-ha-midrasj was ten nouste verbind aan die sinagoge (Bijlsma, 1962, p.41). Die onderrig wat die kind nou ontvang het, was daarop gerig om hom te bring tot volwasse deelname aan die volle lewe van die sinagogale gemeenskap. Hierdie onderrig het Jesus as twaalfjarige agter die rug gehad toe sy moeder Hom in die tempel gaan soek het (Luk. 2:46).

In die sinagoge is die kind eerste geleer om die sjema, die Joodse geloofsbelydenis, uit te spreek (Bijlsma, 1962, p.42; Van Rongen, 1968, p.21) en daarna die sjemoné Esre, die hoofgebed.[2] Die belangrikste leerstof van die onderrig in die sinagoge het bestaan uit: geloofsbelydenis, gebed, die Thora en die feesdae (Bijlsma, 1962, p.42).

Dit is dus duidelik dat die verbondskind in die tyd voor die Christelike kerk reeds op jeugdige leeftyd, 12 tot 13 jaar, geloofsrypheid besit het as gevolg van die intensiewe onderrig in die eerste plek deur die ouers, later deur die Skrifgeleerdes in die Beth-ha-Sefer en die Beth-ha-midrasj en deur die onderrig in die sinagoge.

4.1.1.1.2 Twaalf tot veertien jaar was die leeftyd waarop kinders in die vroeë Christelike kerk en tydens en na die Reformasie belydenis van geloof afgelê het.

---

2. Dit is die gebed wat elke Israeliet, van oud tot jonk, daagliks op die drie gebedstye moes bid; vgl.: Dawid (Ps. 55: 18), Daniël (Dan. 6:11), Petrus (Hand. 10:9), Cornelius (Hand. 10:30).

Die vraag is: Waarom is die jare 12 tot 14 tóé as so belangrik beskou dat belydenis van geloof hier plaasgevind het? Die stelling van Calvyn (Sizoo, 1956, p.517) dat dit die praktyk in die vroeë Christelike kerk was om belydenis van geloof af te lê aan "het einde van hun kinderjaren, of in het begin van hun jongelingsjaren" gee hierop 'n antwoord. Dit was die jare wat toe beskou was as die jare van onderskeiding, anni discretionis. Met die nodige voorafgaande onderrig was die kinders van hierdie jare beskou as ryp genoeg om belydenis van geloof af te lê. Later is die jare van onderskeiding gereken as 16 jaar en selfs ouer.

4.1.1.1.3 Veertien is sowel in die vroeë Christelike kerk as in en na die Reformasie beskou as die grens van die kinderdoop (Bouwman, 1934, p.384). Biesterveld (1900, p.18) noem dat alhoewel die decreta Concilii Nicaenii bepaal het dat kinders 40 dae na geboorte gedoop moes word, baie ouers in die vroeë Christelike kerk die doop van hulle kinders lank uitgestel het. Na die Reformasie is in Friesland toegestaan dat kinders van twaalf tot veertien jaar gedoop word, en daarna is hulle tot die nagmaal toegelaat (Bijlsma, 1962, p.90).[3] Hieruit kan dus afgelei word dat gesien

---

3. Kyk ook sy voetnoot 75, p.90, waarin hy verwys na S.D. van Veen, "Het Godsdienstonderwijs en de aanneming van lidmaten in de Gereformeerde Kerk", in: Uit onzen bloeitijd serie 11/2, Baarn 1909, p.28-40, oor belydenis van geloof en die Nederlandse Calvinisme.

die verhouding tussen doop en belydenis van geloof, en nagmaal en belydenis van geloof, aan die leeftyd van 14 jaar 'n besondere waarde toegeken is.

4.1.1.1.4 Konkluderend kan opgesom word dat die historiese wortels van aflegging van belydenis van geloof op twaalf- tot veertienjarige leeftyd gesetel is in die verhouding tussen die sakramente van die doop en die nagmaal en aflegging van geloofsbelydenis; in die feit dat dit die jare was wat destyds as die jare van onderskeiding beskou is, en in die intensiewe voorbereiding wat belydenis van geloof vooraf gegaan het.

4.1.1.2 'n Tweede sterk positiewe faktor vir aflegging van belydenis van geloof op veertienjarige leeftyd berus veral op die psigologiese grond dat die kind op hierdie leeftyd in sy godsdiens tradisiegerig is.

Waterink (1955, p.159-166) is van mening dat op hierdie psigologiese grond daar wel 'n saak voor uit te maak is dat aflegging van belydenis van geloof op hierdie leeftyd kan geskied. Dit is die tyd wanneer die jeugdige graag idealiseer, en hy idealiseer graag persone. Hy soek dan ook geestelike standvastigheid in sy idealisering op godsdienstige gebied. En dit is hierin dat daar vir die godsdienstige ontwikkeling van die kind groot moontlikhede opgesluit is, want hy rig hom na dit wat tradisioneel geld in die kring waarin hy leef. Hy idealiseer graag die predikant, ander ampsdraers of hulpkategete. Vir die godsdiens van die kind hang dit dan in hierdie stadium baie af van hoe

diê persoon wat hy idealiseer, draer is van die godsdienstige waardes wat hy verteenwoordig. Hiermee hang saam hoedat in die kring waarin hy leef, die sin van die kerk en die sin van die godsdienstige gemeenskap uitgeleef word. Vind hy in sy kring dat die kerk van Christus waarlik lewend is, voel hy hom daaraan innig verbonde, want hy soek na waarheid en eerlikheid. Word die jongmens dan in sy hart aangegryp deurdat sy idealisering konkretiseer, vind hy in die kerk 'n skat van belydenis, van geestelike ervaringe, van aktiwiteit in die diens van God; vind hy die noodsaaklike ondersteuning vir sy eie godsdienstige lewe; vind hy in Woord en sakrament 'n uitdeling en bediening van die genade van God aan sy eie hart en lewe.

Belydenis van geloof op hierdie leeftyd kan die positiewe uitwerking hê dat die verbondskind styf aan die kerk en aan Christus verbind word, omdat die kind hom as 't ware op die kerk werp. Aflegging van belydenis van geloof op hierdie leeftyd kan ook 'n anker wees vir die puberteitsjare wat voorlê.

### 4.1.2 Negatiewe faktore

In Suid-Afrika is daar vandag heelparty negatiewe faktore wat aflegging van belydenis van geloof tydens die leeftyd van 12 tot 14 jaar in die weg staan.

Hierdie negatiewe faktore kan soos volg aangedui word:

4.1.2.1 <u>Ontoereikende kategetiese</u> onderrig in die huisgesin deur die ouers.

Waar die opdrag van God in die eerste plek tot die ouers kom (Deut. 6:7) en waar die kategetiese onderrig histories deur die kerk aan die ouers opgedra is, het die toestand in Suid-Afrika so ontwikkel dat, waar van 1652 af die ouers saam met die skool in hoë mate vir die kategetiese onderrig van die kinders verantwoordelik was, vandag van selfstandige kategetiese onderrig deur die ouers weinig tereg kom. Reeds in 1939 moes die Sinode van die Gereformeerde Kerk hoor dat "huiskatkisasie so te sê morsdood is in ons tyd" (Geref. kerk, 1939, p.54). In 1957 bevind De Villiers (1957, p.349) "dat daar weinig sprake is van kategetiese onderwys in die gesinslewe". Sedertdien het daar geen verandering hierin gekom nie.[4] Van intensiewe onderrig deur die ouers soos in die tyd van die Ou Testament, die vroeë Christelike kerk en die tyd van die Reformasie, is daar nie sprake nie.

#### 4.1.2.2 Geen kategetiese onderrig op skool nie

Die Reformatore, veral Luther en Calvyn, het 'n besondere plek aan die skool toegesê in die kategetiese onderrig van die kinders ter voorbereiding van aflegging van belydenis van geloof (Van 't Veer, 1942, p.83-139). Van 1652 tot 1824 het die skool in Suid-

---

4. Eie ondervinding is dat ouers die jong kinders van sub A tot st. 1 behulpsaam is in die voorbereiding van werk vir die kerkkategese. Daarna moet die kinders selfstandig voorberei. Hoogstens word toegesien dat kinders voorbereiding doen vir kerkkategese.

Afrika in groot mate die kategetiese taak van die kerk verrig (De Wet & Coetzee, 1943, p.69). Die Kerkorde van De Mist, 1804, het hierin egter groot verandering gebring, sodat die kategetiese onderrig aan die skole verander het in neutrale godsdiensonderrig (De Villiers, 1957, p.349). Die onderwyswet nr. 39 van 1967 het hierin dié belangrike verandering gebring dat in die godsdiensonderrig op skool met die geloofsoortuiging van die ouers rekening gehou moet word.[5] Verbeterde handboeke, leerplanne en die feit dat Bybelkunde as 'n matriekvak geneem kan word, het groot waarde vir die kategetiese onderrig, maar van werklike kategetiese onderrig soos in die tyd van die Reformasie of die begintyd in Suid-Afrika is daar nie sprake nie.

4.1.2.3 Die hoeveelheid kategetiese leerstof wat die kind van vandag moet baasraak, is baie meer as in die tyd van die Ou Testament, die vroeë Christelike kerk of die tyd van die Reformasie. Nie alleen vra dit meer tyd nie, maar die kind van twaalf tot veertien jaar is verstandelik nog nie in staat om op daardie leeftyd die ingewikkelde leerstukke van die kerk te verstaan nie. Die beginsel van Calvyn (Van 't Veer, 1942?, p.20) dat uitstel van aflegging van belydenis van geloof alleen kan geskied omdat die nodige kennis nog ontbreek, pleit dus ook hier dat aflegging van belydenis van geloof op 'n later leeftyd geskied.

---

5. Vir 'n bespreking van hierdie Wet kyk: Van Wyk, J.H. Die Christelike skool. Studiestuk nr. 7 van die Christelike Opvoedkundige Vereniging van Suid-Afrika (COVSA).

4.1.2.4 Die wêreld van die kind van vandag het in teëstelling met byvoorbeeld die Reformatoriese tyd baie meer gekompliseerd geraak. Meganisasie en industrialisasie maak die wêreld van die mens al meer ingewikkeld. Die beheersing van sy situasie stel aan die mens steeds groter eise. "Die gevolg hiervan is 'n vertraagde volwassewording, 'n langer afhanklikheidsomstandigheid" (Van Wyk, 1972, p.34). Vroeër was die lewe baie minder gekompliseerd en het die jongmens op jeugdiger leeftyd vir volwassenheid gekwalifiseer. Daarom kon 14 jaar as die jare van onderskeiding geld en belydenis van geloof as 'n persoonlike, welbewuste daad geskied. Die moderne tyd het hierdie situasie egter grootliks verander.

4.1.2.5 Veertien jaar as die leeftyd waarin die kind tradisiegerig is, het nie net 'n positiewe kant nie maar ook 'n negatiewe. Die negatiewe is juis dat die kind dan tradisiegerig is. Dit staan in die weg van 'n eie, persoonlike geloofsbelydenis. Belydenis van geloof is dan nie 'n persoonlike, welbewuste daad nie. Die tradisionele periode word ook weer spoedig gevolg deur twyfel, konflik en storm en drang, omdat dit heel aan die begin van die puberteitsjare staan.

4.1.2.6 Verskeie ander besware teen aflegging van belydenis van geloof op 'n vroeë leeftyd kan geopper word. So het Hoekstra (1916, p.53) ernstige besware teen aflegging van belydenis van geloof op 'n jeugdige leeftyd, omdat hy meen dat kennis van die heilswaarhede dan nog baie gering is. Vóór vyftienjarige

leeftyd kan die gewigtige leerstukke van die kerk nog nie geabsorbeer word nie, en dit terwyl kennis 'n noodsaaklike vereiste is. Dit is dan ook sy oortuiging dat op hierdie wyse die vrug gepluk word voordat dit ryp is. Die dwang van ouers en die mag van die gewoonte laat die kind tot 'n beslissing kom wat nie 'n "eigen zielsacte" is nie en waardeur die gevaar ontstaan dat van aflegging van belydenis van geloof 'n onware daad gemaak word. Derdens noem hy die psigologiese gevaar dat die kans groot is dat baie in die storm-en-drangperiode weer die geloof kan verloor, omdat die jongmense dan juis die krisisjare sonder voldoende geestelike leiding moet deurworstel.

Dijk (1952, p.147) voeg nog 'n ernstige beswaar by die reeds aangehaalde. Hy wys daarop dat voorbereiding tot die viering van die heilige nagmaal selfondersoek vereis, en hiertoe is die jong kind nog nie in staat nie.

Bouwman (1934, p.384) keur aflegging van belydenis van geloof op 'n jeugdige leeftyd af, want "de gewoonte van den reformatie-tijd, welke nog in sommige landen gevolgd wordt, heeft tot verval der kerk aanleiding gegeven".

## 4.2 BEOORDELING VAN DIE LEEFTYD 10 TOT 14 JAAR AS MOONTLIKHEID VIR AFLEGGING VAN BELYDENIS VAN GELOOF

By die beoordeling van die positiewe en negatiewe faktore moet die beginsel wat die Skrif neerlê, deurslaggewend wees. Hierdie beginsel word gevind in Ef. 4:11-14[6] en kan sô saamgevat word: Daar moet tot volwassenheid in die geloof gekom word.

In die lig hiervan kan besluit word dat die besware teen aflegging van geloofsbelydenis op 'n leeftyd voor 14 jaar baie swaarder weeg as die argumente ten gunste daarvan. As daar vasgehou moes word aan die positiewe faktore soos aangetoon, sal die vereistes soos genoem

---

6. Edooken (v. 11) dui aan dat Christus ampsdraers as 'n gawe aan sy gemeente gegee het om (v. 12) die gelowiges toe te rus (katartismos) vir hulle diens (diakonia) in die gemeente - die opbouing van die liggaam van Christus. Hierdie toerusting (v. 13) van die lidmate moet lei tot eenheid in die geloof en in die kennis van Christus (vgl. v. 5). As laaste doel word gestel dat daar gekom moet word tot teleitos, "geestelike volwassenheid (volledigheid)", en êlikia, "'n sekere leeftyd", d.w.s. tot geestelike rypheid. Mêketi (v. 14) toon die teëstelling aan van volwassenheid, en dit is nêpioi "kinders", 'n onvolledigheid nog nié geestelik ryp nie. Daarom moet hulle opgroei (v. 15) (au zesoomen) in Christus, sodat die groei van die liggaam van Christus (v. 16) en hulle eie opbouing in die liefde bevorder kan word.

in die inleiding van hierdie hoofstuk in die gedrang kom en die wese van die geloofsbelydenis aangetas word. Op grond hiervan moet aflegging van belydenis van geloof vandag gedurende hierdie leeftyd afgewys word. Deur die verskuiwing van aflegging van belydenis van geloof na 'n ander leeftyd word geen fundamentele beginsel aangetas nie maar eerder bevestig.

Konklusie: Die leeftyd 10 tot 14 jaar moet as 'n moontlikheid vir aflegging van belydenis van geloof vandag afgewys word.

## 4.3 VYFTIEN TOT SESTIEN JAAR, DIE EINTLIKE PUBERTEITSJARE, AS 'N MOONTLIKHEID WANNEER BELYDENIS VAN GELOOF AFGELÊ KAN WORD

### 4.3.1 Die godsdiens van die kind gedurende hierdie jare

In die puberteitsjare is die kind enersyds besig om die kindergodsdiens af te lê en andersyds om godsdienstige volwassenheid te bereik (Bingle, 195?, p.14). Teenoor godsdiens neem hy nou 'n heeltemal ander houding in as vroeër. Waar hy vroeër geloofswaarhede nog meestal onkrities aanvaar het op grond van die gesag van sy ouers of uit gewoonte, begin hy nou vra na die sin van alles en begin hy in abstraksies dink. Dit bring mee dat hy veral op vyftien 'n kritiese wese word (Waterink, 1955, p.155). Hy het nou kritiek op alles; tog kan hy nie verdra om self gekritiseer te word nie. Hierdie kritiese houding veroorsaak spoedig

twyfel op godsdienstige gebied, en die twyfel raak die voorstelling van God en God self. Die geloof en die kerk word self objekte van twyfel. Predikante, ouderlinge en kategete word skerp gekritiseer en word maklik van hulle voetstuk waarop hulle in die tradisionele leeftyd geplaas is, afgestoot. In die diepste grond is hierdie kritiek niks anders "dan klachten die geuit worden, over het feit, dat zij zelf nog niet vinden datgene, wat zij zo gaarne zouden gevonden hebben" (Waterink, 1955, p.23). Twyfel by die puber het egter nie net betrekking op die godsdiens nie, want inderwaarheid betwyfel hy eintlik alles.

Twyfel word dikwels gevolg deur wat genoem word puberteitsbekering (Waterink, 1955, p.23) en kom meestal om en by die sestiende jaar voor (Bingle, 1940, p.61-2). Dit kom veral voor by diegene waar die puberteit konfliksgewys verloop en waar 'n streng godsdienstige opvoeding gehandhaaf word. Bingle (1940, p.60) noem dit 'n tipe van religieuse ontwaking. Tereg sê Waterink (1955, p.157-8) dat onder hierdie bekering nie dieselfde verstaan moet word as wat die Heidelbergse Kategismus in Sondag 33 daaronder verstaan nie, maar dat dit meer 'n bewuswording is dat Jesus Christus hulle persoonlike Saligmaker en Verlosser is. Bingle (1940, p.52) beweer dat so 'n bekering vyf tot ses keer gedurende hierdie jare kan voorkom.

Gedurende hierdie tyd ervaar die kind ook dikwels 'n diepe smartbelewing, Weltschmerz, 'n ongekende heimwee en 'n geweldige skuldgevoel (Waterink, 1955, p.152-4). As die kenmerke van die godsdienstige lewe van die

puber in aanmerking geneem word, naamlik ongebalanseerdheid, radikalisme, denkbeeldige problematiek, verskerpte gewetenswerking, geneigdheid tot romantiek en mistiek, protes teen dwang, en bekeringe (Bingle, 1940, p.53-65), is dit duidelik waarom hierdie jare ook bekend staan as die tyd van storm en drang.

Tog is daar drie moontlike rigtings waarin die godsdienstige volwassewording van die puber kan verloop (Bingle, 1940, p.51-2). Eerstens kan dit konflikloos geskied. Dit is waar die kom tot selfbewuste godsdiens nie met horte en stote geskied nie maar geleidelik. Dit gebeur veral daar waar die puber in 'n godsdienstig harmonieuse omgewing opgroei. Dan kan die geloof sonder diepgaande skokke verdiep word en langsamerhand deur selfstandige geloof vervang word (Van Wyk, 1972, p.36). Die meerderheid verbondskinders val hieronder.

Tweedens kan die volwassewording konfliksgewys verloop. Dit is veral hier waar bekerings voorkom en 'n skielike breuk met die tradisionele. Dit kan gebeur weens skok as gevolg van verkeerde voorbeelde deur volwassenes, intellektuele twyfel (skynbotsing tussen Bybel en wetenskap) of die dualisme tussen die eis van geregtigheid en die onreg wat in die wêreld voorkom (Van Wyk, 1972, p.36).

Derdens kan die volwassewording ook geskied deur bewuste arbeid aan die eie self. Hier duur die storm en drang in die godsdiens lank, omdat die jeugdige alles grondig ondersoek en vasbeslote is om probleme

vir homself op te los (Bingle, 1940, p.52-3).

Die milieu waarin die kind grootword, het dus 'n groot invloed op die godsdienstige wording van die puber. Bingle (1940, p.43) toon dat daar onderskeid gemaak moet word tussen jeugdiges wat in 'n gematigde godsdienstige omgewing grootword, en die wat in 'n streng godsdienstige en in 'n ongodsdienstige omgewing grootword.

Aangesien die meeste Gereformeerde huisgesinne onder die gematigde groep val, sal die eienskappe wat die puber in hierdie groep vertoon, die belangrikste wees. Bingle (1940, p.44-7) noem die volgende positiewe eienskappe wat in hierdie groep aangetref word: Godsdiens begin nou vir die puber 'n persoonlike betekenis kry. Wat hy geleer het, wil hy met sy eie ondervinding en denke vul. Hy wil sy godsdiens beleef, en daarom wil hy aktief aan die godsdiens deelneem. Sy gewete word so deur sy godsdiens beïnvloed dat sy handel en wandel daardeur bepaal word. Sondebesef en verlange na verlossing word deel van sy sielelewe.

Hoewel die kind dus gedurende die puberteitsjare 'n tyd van storm en drang deurmaak, is hy op pad na volwassenheid en kom in hierdie tyd alreeds mooi positiewe eienskappe na vore.

Daar kan dus besluit word dat die tradisionele gerigtheid van die veertienjarige leeftyd op vyftien jaar in die kookpot beland en dat reeds op sestien jaar trekke van 'n eie religieuse oortuiging daaruit te voorskyn kom, om daarna 'n geleidelike gang na volwassenheid

te volg.[6]

### 4.3.2 Praktiese probleme wat die kind in hierdie tyd teëkom

Die grootste enkele praktiese probleem wat die verbondskind in hierdie tyd ontmoet, is die feit dat hy nou in sy laaste skooljare is.[7] In die huidige gedifferensieerde onderwysstelsel word groot eise van die kant van die skool aan die kind gestel. Dit bring mee dat aflegging van belydenis van geloof reeds in standerd 8 of aan die einde van standerd 9 plaasvind of aan die begin van standerd 10.[8]

Die feit dat die kind gedurende hierdie leeftyd in die laaste jare van sy skoolloopbaan is, is 'n praktiese probleem wat op die huidige tydstip 'n belangrike invloed uitoefen op aflegging van belydenis van geloof. Dit is ook 'n probleem waarmee terdeë rekening gehou moet word.

---

6. 2 Kronieke 34:3 vermeld van koning Josia: "En in die agste jaar van sy regering, terwyl hy nog jonk was, het hy begin om die God van sy vader Dawid te soek (m.a.w. toe hy 16 jaar oud was), en in die twaalfde jaar (toe hy dus 20 jaar oud was) het hy begin om Juda en Jerusalem te reinig ..."

7. Baie is op sestienjarige leeftyd alreeds in matriek.

8. Uit Bylaag 2, vr. 2 blyk dit dat 38% van die predikante geantwoord het dat aflegging van geloofsbelydenis aan die begin van matriek plaasvind, 30% aan die einde van st. 9 en 7% aan die begin van st. 8.

## 4.4 BEOORDELING VAN DIE LEEFTYD 15 TOT 16 JAAR AS 'N MOONTLIKHEID WANNEER AFLEGGING VAN BELYDENIS VAN GELOOF KAN PLAASVIND

Gesien die besondere situasie van die vyftienjarige dat hy dan midde-in die storm-en-drangperiode verkeer en dat hy nog nie vaste trekke van volwassenheid in sy godsdiens openbaar nie, moet vyftien jaar as leeftyd vir aflegging van belydenis van geloof afgewys word.

Waar op sestien jaar die volwasse trekke van die eie godsdienstige oortuiging na vore begin tree, is hier wel 'n moontlikheid waar aflegging van belydenis van geloof kan plaasvind, met sekere voorbehoude. Hierdie voorbehoude is: Die kind moet dan reeds in matriek wees. Die kind wat op sestienjarige leeftyd reeds in matriek is, toon 'n groter mate van geestelike rypheid as die een wat op sestien jaar eers in standerd agt is.

'n Volgende voorbehoud is dat die kind op daardie leeftyd reeds jare van intensiewe kategetiese onderrig agter die rug moet hê. Dan sal hy reeds 'n groot mate van kennis besit wat normaalweg, geoordeel aan sy skoolprestasie, teenwoordig kan wees en daarmee 'n groot mate van insig en geloofsrypheid.

Nog 'n voorbehoud is dat sestien jaar as 'n minimum leeftyd (as "sinodale grens" soos deur die Sinode van die N.G. Kerk (1966, pp.286, 542) bepaal is) vermy moet word, sodat 'n kind hom nie daarop kan beroep dat hy die leeftydsgrens bereik het en daarom toegelaat moet word tot belydenisaflegging nie maar dat hy

alleen op grond van geloofsrypheid beoordeel moet word. Met ander woorde, geloofsrypheid moet die norm wees en nie die bereiking 16-jarige leeftyd nie.

Buite hierdie voorbehoude om moet sestien jaar as leeftyd vir aflegging van belydenis van geloof ook afgewys word.

## 4.5 SEWENTIEN TOT EEN-EN-TWINTIG JAAR, DIE ADOLESSENSIE EN DIE EERSTE JARE VAN VOLWASSENHEID, AS 'N MOONTLIKHEID WANNEER BELYDENIS VAN GELOOF AFGELÊ KAN WORD

### 4.5.1 Die godsdiens van die jongmens op hierdie leeftyd

Die adolessensie is die tydperk wanneer die puberteit agtergelaat en die vroeë volwassenheid betree word. Dit geskied van die sewentiende tot die agtiende jaar. Dit is die periode van persoonlike bewuswording van 'n eie godsdienstige lewe (Waterink, 1955, p.159) in teëstelling met die tradisioneel-gerigte periode rondom veertien jaar. In hierdie tyd kom die vaster vorme van die volwassenheid na vore, en die ongebalanseerdheid word met sekerheid vervang. 'n Vaste lewens- en wêreldbeskouing kom na vore, en die vroeëre radikalisme maak plek vir gematigdheid. Die gewete is nou ook baie meer gematig, en die werklikheid bring vroomheid (Bingle, 1940, p.65-7).

'n Sterk persoonlike element tree na vore in die godsdiens van die jongmens. Dit word geopenbaar in sy

verhouding tot die godsdiens in die algemeen, die verhouding tot God, die Bybel, die kerk en die erediens (Bingle, 1940, p.86-344). In die volwassewording in sy godsdiens tree by die jeugdige in die jare 17 tot 18 in die skepping van 'n eie religieuse oortuiging met of sonder die oorgelewerde godsdiens. Bingle (1940, p.46-7) toon aan dat dit van die volgende vier vorme kan aanneem: Totale ongodsdienstigheid waarin die godsdiens van die kinderleeftyd oorboord gegooi word; die terugkeer na die godsdiens van die kindertydperk en die aanneem daarvan as die enigste ware geloof; die opbou van 'n eie godsdiens, los van die tradisionele of 'n pad wat tussen die eerste en tweede lê, waar wel by die oorgelewerde godsdiens aangesluit word maar slegs in soverre as wat die persoon dit nodig ag.

Op 19-21-jarige leeftyd kom na vore die proses waar die jeugdige hom met sy eie geaardheid en dus ook met sy eie godsdienstige oortuiging probeer inleef in die gemeenskap van die gelowiges, die kerk (Waterink, 1955, p.167). Die vurigheid van die puber het nou plek gemaak vir die statige, onwrikbare geloof van die volwassene. In die gemeenskap van die kerk verkeer hy nou as gemeenskapswese (Waterink, 1955, p.167).

Van Wyk (1972, p.37) is van mening dat, afhangende van allerlei faktore soos aanleg, karakter, opvoeding, omgewing, beroep en gesinsvorming, godsdienstige volwassenheid teen die een-en-twintigste jaar bereik is.

### 4.5.2 Praktiese probleme gedurende hierdie leeftyd

Praktiese probleme wat die jongmens gedurende hierdie jare teëkom en wat 'n invloed uitoefen op aflegging van belydenis van geloof, kan soos volg aangedui word: Skoolverlating, verlating van die ouerhuis, opname in die arbeidsmark, verdere studie aan 'n universiteit of ander inrigting vir hoër onderwys en militêre diensplig. Elkeen van hierdie faktore moet dus by aflegging van belydenis van geloof in aanmerking geneem word.

Die meeste jongmense verlaat skool reeds op sewentienjarige leeftyd. Normaalweg is die kind 17 jaar gedurende die tweede helfte van die matriekjaar. Voorbereiding vir die finale skooleksamen maak dit vir hom baie moeilik om gedurende hierdie tyd ook voldoende aandag te gee aan gereedmaking vir aflegging van geloofsbelydenis.

Verlating van die ouerhuis kan ook 'n negatiewe invloed hê op aflegging van geloofsbelydenis in dié sin dat belydenisaflegging onbepaald uitgestel word. By baie ouers bestaan daar ook vrees dat indien die kind nie vóór huisverlating belydenis van geloof aflê nie, daar niks van teregkom nie.[9] Hierdie vrees is nie ongegrond nie omdat die jongmens hom na huisverlating in 'n vreemde omgewing kan bevind met 'n vreemde gemeente en ampsdraers, wat hom afskrik.

---

9. 20% van die predikante het geantwoord dat hierdie vrees van ouers 'n oorsaak is waarom aflegging van geloofsbelydenis op 'n vroeë leeftyd geskied - kyk Bylaag 2, vr. 4.

Opname in die arbeidsmark kan ook 'n negatiewe invloed op aflegging van geloofsbelydenis hê weens verskeie faktore: skofte wat gewerk moet word, verdere opleiding ná werksure, afgeleë werksplekke en so meer.

Selfs verdere studie aan 'n inrigting vir hoër onderwys kan 'n negatiewe uitwerking op aflegging van geloofsbelydenis hê weens 'n drukke studieprogram en 'n te bedrywige studentelewe.

Verpligte militêre opleiding vir seuns na skoolverlating het vandag 'n faktor geword wat beslis 'n invloed uitoefen op aflegging van geloofsbelydenis. Militêre diensplig word meestal onder moeilike omstandighede in afgeleë gebiede verrig vir 'n tydperk van twaalf maande tot twee jaar, met die moontlikheid van verlenging.

Hierdie faktore hoef nie net negatief te wees nie, omdat die nodige geleenthede vir kategetiese onderrig ter voorbereiding van geloofsbelydenis wel geskep kan word, maar tog skyn dit asof die negatiewe element hier oorwegend is.

## 4.6 BEOORDELING VAN DIE LEEFTYD 17 TOT 21 JAAR AS 'N MOONTLIKHEID WANNEER BELYDENIS VAN GELOOF AFGELÊ KAN WORD

Die jare 17 tot 21 kan as die geskikste tyd aangedui word waartydens geloofsbelydenis die beste kan plaasvind, en wel op die volgende gronde:

4.6.1 Op die psigologiese grond dat van die sewentiende jaar al ingetree word in die vroeë volwassenheid. Die jare van geestelike en liggaamlike rypwording is nou haas agter die rug, en die vaste vorme van die volwassenheid kom na vore.

4.6.2 Op die grond dat dit die jare is waartydens godsdienstige volwassenheid bereik word - dit is die jare van die bewuswording van 'n eie godsdienstige lewe. Die sekerste kenmerk van godsdienstige volwassewording tree na vore, naamlik die sterk persoonlike element. 'n Eie religieuse oortuiging waarmee die jeugdige hom probeer inleef in die gemeenskap van die gelowiges, die kerk, kom te voorskyn.

4.6.3 Op die Skriftuurlike grond dat daar tot 'n volwasse man gekom moet word "sodat ons nie meer kinders sou wees nie" (Ef. 4:13, 14). Geloofsrypheid is die norm wat die kerk aanlê vir aflegging van geloofsbelydenis. Gedurende hierdie jare het die kennis wat die verbondskind as gevolg van intensiewe onderrig deur die ouers en die kerk opgedoen het, geloofskennis geword. Hierdeur is die jeugdige in 'n groot mate in staat tot 'n rype, welbewuste geloofsbelydenis in

gehoorsaamheid aan die verbond van God.

4.6.4 Op grond van die verband wat daar tussen leeftyd en geloofsrypheid is:

4.6.4.1 Die Skrif hou rekening met hierdie verband (Ef. 4:11-14; Hebr. 5:12, 13, 14; 1 Kor. 3:1; 1 Petr. 2:1, 2; 2 Tim. 3:17) en wys telkens op die verskil wat daar bestaan tussen volwassenes in die geloof en kinders in die geloof. Die Skrif gee 'n baie mooi voorbeeld van die verband tussen leeftyd en geloofsrypheid in 2 Kronieke 34:3, waar van die vrome koning Josia vermeld word dat hy op sestienjarige leeftyd "begin (het) om die God van sy vader Dawid te soek", terwyl hy op twintigjarige leeftyd eers werklik met sy godsdienstige hervorminge begin het toe hy "begin (het) om Juda en Jerusalem te reinig van die hoogtes en die heilige boomstamme en die gesnede beelde en die gegote beelde".

4.6.4.2 Histories is daar ook rekening gehou met hierdie verband en is kinders toegelaat om belydenis van geloof af te lê wanneer hulle die jare van onderskeiding, die anni discretionis, bereik het. Hierdie jare toon deur die eeue 'n stygende lyn (van 12 tot 16 jaar), terwyl die ontwikkelingspsigologie dit vandag stel op 17 - 18 jaar (die adolessensie).

4.6.5 Konklusie: Die jare 17 tot 21 moet uitgewys word as die rypheidsleeftyd[10] waartydens geloofsbelydenis die beste afgelê kan word om te voldoen aan al die vereistes wat daaraan gestel word.

Opmerking: By die vasstelling van hierdie rypheidsleeftyd moet egter vasgehou word aan die beginsel dat elke verbondskind op enige leeftyd die reg het om by die kerkraad aansoek te doen om belydenis van geloof af te lê. Die Sinode van die Gereformeerde Kerk het in 1876 (Geref. Kerk, 1891, art. 29) hieroor 'n baie suiwer klank laat hoor in antwoord op die vraag hoe oud 'n seun en dogter by aflegging van geloofsbelydenis moet wees. Hierop is geantwoord: "dat zij daarover geene bepaling durft te maken, maar moet het aan het oordeel der ouderlingen met den leraar overlaten, of de personen al of niet bekwaam zijn voor het doen der belijdenis".

---

10. Die adolessensie is dan ook <u>die</u> leeftyd wat deur die meeste kategete gesien word as die geskikste geleentheid in die lewe van die verbondskind vir aflegging van geloofsbelydenis, onder andere deur: Dijk, (1954, p.33-5), Waterink (1955, p.159), Higgo (1968, p.213), De Villiers (1957, p.83), Meulenbelt en Bavinck (De Villiers, 1957, p.81-2). Ook die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Geref. Kerk, 1967, p.547) het geoordeel dat aflegging van geloofsbelydenis liewer bó agtien jaar moet geskied. Hoekstra (1916, p.54) meen dat aflegging van geloofsbelydenis die beste op twintigjarige leeftyd kan plaasvind. Een van die predikante aan wie 'n vraelys gestuur is, het egter geantwoord dat dit vandag sy ondervinding is dat persone wat geloofsbelydenis só lank uitstel, later nie meer belydenis wil aflê nie omdat hulle verkies om "vry" te bly - kyk Bylaag 2, vr. 8.

'n Spesifieke leeftydsjaar binne die adolessensiejare kan ook nie as terminus ad quem vir aflegging van geloofsbelydenis aangedui word nie, omdat geloofsrypheid van kind tot kind verskil. By die een kan dit reeds op sestienjarige leeftyd intree, by 'n ander eers rondom dertig jaar (Van Wyk, 1972, p.37). Van Wyk (ibid) is van mening dat godsdienstige volwassenheid eers werklik teen een-en-twintigjarige leeftyd bereik word. As aflegging van geloofsbelydenis egter tot dan uitgestel moet word, sal dit 'n groot botsing meebring met die talle praktiese probleme wat gedurende hierdie jare ondervind word. Die volgende hoofstuk sal 'n oplossing probeer bied vir die probleem om die verbondskind wel gedurende die rypheidsleeftyd belydenis van geloof te laat aflê en tegelykertyd die praktiese probleme te vermy.

## 5. DIE INRIGTING VAN DIE KATEGESE OM DIE KATKISANT OP DIE RYPHEIDSLEEFTYD BELYDENIS VAN GELOOF TE LAAT AFLÊ

### 5.1 DIE INRIGTING VAN DIE KATEGESE[1]

Om die verbondskind te bring tot aflegging van geloofsbelydenis gedurende die rypheidsleeftyd, die adolessensie, en om terselfdertyd die maatskaplike en praktiese probleme wat teëgekom word, te ondervang, kan die inrigting van die kategese grootliks aangesluit word by die skoolloopbaan van die kind, wat normaalweg op 6-jarige leeftyd begin en duur tot ongeveer 17-18 jaar.

Die kategese moet so ingerig word dat, in navolging van die tyd voor die totstandkoming van die Christelike kerk, met doelgerigte kategetiese onderrig begin word sodra die kind begin leer lees en skryf.

Die afsluiting van die kategese kan geskied aan die einde van die eerste kwartaal van die matriekjaar. Kinders wat nie tot matriek deurgaan nie, werkendes en getroudes wat die uitsonderinge sal wees behoort by die gewone leerplan ingeskakel te word of heeltemal

---

1. Die voorstel van Bijlsma (1962, pp.91-5) is Skriftuurlik en prinsipieel nie aanvaarbaar nie. Hy sê dat 'n baba wat in gesinsverband by die doop na die kerk gebring word, later op 12- tot 14-jarige leeftyd 'n "aanneming" as kategumeen in die kerk moet ondergaan. Dit moet geskied deur gebed, handoplegging en sang. Dit is dan die eerste konfirmasie. 'n Tweede konfirmasie geskied dan later op 18- tot 20-jarige leeftyd, wanneer die kategese afgesluit word met toelating tot die nagmaal na persoonlike belydenis.

afsonderlik behandel te word na gelang van omstandighede.

Katkisasieklasse moet, in aansluting by Calvyn (vgl. Van 't Veer, 1942, p.308), sô ingerig wees dat elke klas doelbewuste voorbereiding tot aflegging van geloofsbelydenis is, sodat die kind in 'n sekere sin reeds van jongs af 'n begin maak met geloofsbelydenis.

Aflegging van geloofsbelydenis kan dan plaasvind gedurende die tweede helfte van die matriekjaar, verkieslik met nagmaal gedurende Augustus - dus ruim vóór die begin van die matriekeksamen. Gedurende hierdie tyd het die kind normaalweg alreeds die rypheidsleeftyd bereik, en aflegging van geloofsbelydenis en rypheid kan in 'n groot mate saamval.

Deur ruimte te laat tussen die afsluiting van die kategese en aflegging van belydenis van geloof word die jongeling geleentheid gegee om dit wat hy geleer het, te oordink en sy eie te maak. So sal voorkom word dat geloofsbelydenis 'n meganiese handeling word, veral as 'n skriftelik gemotiveerde aansoek vir aflegging van belydenis van geloof vooraf by die kerkraad ingedien word. Geloofsbelydenis sal dan 'n persoonlike, welbewuste daad bly. Aangesien die verbondskind aan die einde van sy matriekjaar normaalweg sewentien jaar en ouer is, en gesien die intensiewe voorafgaande onderrig, sal aan al die vereistes vir aflegging van geloofsbelydenis voldoen word, terwyl die praktiese probleme wat deesdae soms 'n irritasie en struikelblok is, uit die weg geruim sal wees.

## 5.2 DIE LEERSTOF

### 5.2.1 Algemene oorsig

Die kernvraag aangaande die leerstof is: Wat moet die verbondskind weet om tot geloofsrypheid te kom? (Van Veldhuizen, 1925, p.180).

In die vroeë Christelike kerk is die leerstof deur die doopsimbool beheers (Biesterveld, 1900, p.80). In die derde eeu is die Onse Vader as leerstof toegevoeg, en in die tyd van Augustinus die hoofsake van die wet, soos dit in Matt. 22:37-40 saamgevat is. Die biegpraktyk van die Middeleeue het tot gevolg gehad dat die Tien Gebooie bygevoeg is. Rome het nog toegevoeg: die natuurgebod, die drie deugde (geloof, hoop en liefde), die sewe gawes van die gees, die sewe werke van barmhartigheid, die agt saligsprekinge, die sewe kerklike gebooie, die sewe hoofsondes, die sewe sondes teen die Heilige Gees en nog allerlei sondes (Biesterveld, 1900, p.80; Van Veldhuizen, 1925, p.180). Kennis van die Skrif is verwaarloos, en 'n inleiding in die Godsopenbaring het Rome glad nie geken nie, omdat die <u>perspicuitas</u> van die Skrif geloën is en die Bybel aan die leke weerhou is (Biesterveld, 1900, p.81).

Die Reformatore het die klem veral laat val op die suiwer Bybelse leer, en daartoe het Luther en Calvyn hulle kategismusse opgestel (Biesterveld, 1900, p.81).

Die Piëtisme wou geen inleiding in die Godsopenbaring nie, maar het los, naas mekaar geplaaste Skrifgedeeltes

gekies met die oog op "bekeering op methodische manier en spiritualistisch getinte vroomheid" (Biesterveld, 1900, p.81).

Die Rasionaliste weer het hulle boekies gevul met lesse oor "deugd en plicht, over waarheid zonder geloof" (Biesterveld, 1900, p.81).

Hagenbeek (1947, p.115) som dus mooi op as hy sê: "Zeg me, welke karakter uw leerkerk heeft, en ik zal uw zeggen welke stof gij behandelt".

Die opmerking van Hagenbeek is heeltemal korrek. Die wese, karakter, en doel van die kategese bepaal die leerstof wat aangewend moet word om die kind tot geloofsrypheid te bring.

Die wese, karakter en doel van die kategese in Gereformeerde sin kan aangedui word as: "die bediening van die Woord van God ten behoewe van die verbondsjeug van die kerk onder leiding van die Heilige Gees met die oog op aflegging van belydenis van geloof".

Hiermee word aangedui: die Woord van God as principium cognoscendi en die jeug as verbondsjeug van die kerk.

Die leerstof moet dus tot inhoud hê die genadeverbond, die belydenis van die kerk en die geskiedenis van die kerk. Dit is ook in ooreenstemming met die gegewens van die Skrif. Die kind van die Ou Testament moes kom tot kennis van God, om Hom lief te hê met die hele hart en met die hele siel en met alle kragte (Deut. 6:5). Om hiertoe te kom is hy onderrig in die wet

(Deut. 6:2), in die groot dade van God in die geskiedenis (Jos. 4:6, 7), die feeste (Ex. 12:26, 27) en die onderhouding van die Sabbat (Ex. 31:12-18). Jesus het sy dissipels onderrig in die Skrifte (Matt. 21:42; Luk. 24:27), en die dissipels het hierop voortgebou (Hand. 2:42; 8:30; 2 Tim. 3:16).

In hoofsaak sal die leerstof dus bestaan uit: die Bybel (as openbaring van God), die leer of belydenis van die kerk (as naspreke van die Woord) en die kerkgeskiedenis (as handhawing van die Woord). Elkeen hiervan sal, aansluitend by die bevattingsvermoë van die kind in elke leeftydsjaar, aangewend word om die kind tot geloofsrypheid te bring. Hiervan sê Berkelbach van der Sprenkel (1956, p.64): "De leerstof zal ongetwijfeld moeten variëren naar de leeftijd en naar de culturele capasiteit van de cathechisant wil zij waarlijk dienstbaar zijn aan de werking des Geestes, die zelf geen leerstof kan zijn. Deze werking van de Geest is niet gebonden aan leeftijd of culturele capasiteit, de leerstof wel".

### 5.2.2 Die Bybel as leerstof

Die Bybel is in die eerste plek die selfopenbaring van God. Waar die verbondskind juis tot kennis van God gebring moet word (Joh. 17:3), sal die Bybel as leerstof só aangewend moet word dat die Bybelgeskiedenis met die wording van die kind toenemend as openbaringsgeskiedenis behandel word.

In die jare 6 tot 9-10 moet temas uit die Ou en Nuwe Testament progressief behandel word met 'n los, onderlinge verband, omdat die kind tot hiertoe nog nie 'n sin vir chronologie het nie. Die onderrig moet tot hiertoe veral daarop gerig wees, nie net om die Bybel in die dink- en leefwêreld van die kind te bring nie maar om die kind in die wêreld van die Bybel te bring. Herhaling van dieselfde tema jaar na jaar, soos om elke jaar by Adam en Eva te begin, moet vermy word. Aan die einde van sy negende jaar moet die kind 'n oorsig van die hele Bybel hê.

Op 9- tot 10-jarige leeftyd ontwikkel die kind se sin vir chronologiese verband. Die Bybelgeskiedenis kan nou as geskiedenis behandel word, met klem op die verband.

Van 13 jaar af ontwikkel die kind 'n sin vir die abstrakte en kom die vraag na die sin van die dinge by hom op. Van nou af moet die Bybel as openbaringsgeskiedenis aan hom geleer word: Die Ou-Testamentiese geskiedenis met klem op openbaringsgeskiedenis van verbond en Messias; die Nuwe-Testamentiese geskiedenis met klem op openbaringsgeskiedenis van Christus, die Heilige Gees en die kerk (Geref. Kerk, 1967, p.548).

In die belydenisklas (st. 9 tot 10, 16 - 17 jaar) moet die klem veral val op Skrifinspirasie, Skrifgesag, Skrifverklaring, openbaringsgeskiedenis van God Drieenig, Messias, verbond en kerk (Geref. Kerk, 1967, p.548).

Daar moet gewaak word teen die verkeerde eensydige gebruik van die Bybel: Spiritualisties - net gerig op die Heilige Gees en vroomheid -; Piëtisties - net gerig op die gevoel, die belewing, die bekering -; Rasionalisties - net gerig op kennis -; Moralisties - Jesus as modelmens.

Die verbondskind moet in aansluiting by sy geestelike volwassewording geleidelik deur die aanwending van die Skrif tot kennis van die Skrifgeheel gebring word, en so tot geloofsrypheid.

Op hierdie wyse verkry die verbondskind kennis van God, kennis wat nie net op feite berus nie maar op insig in die sin van die Skrifwaarhede. Sy kennis word dan geloofskennis.

Hierdeur word die geloof van die verbondskind gebou; word sy geloof algaande versterk en word hy tot geloofsekerheid gelei, geloofsekerheid wat geopenbaar word in vertrou en liefhê van God. Die ware geloof sal ook tot uitdrukking kom in goeie werke, omdat die geloof nie 'n dooie geloof sal wees nie (Jak. 2:14).

Konklusie: Die verbondskind word deur die onderrig in die Bybel volkome toegerus (2 Tim. 3:17) tot 'n volwassene (Ef. 4:13), tot geloofsrypheid.

### 5.2.3 Die leer van die kerk as leerstof

Die verbondskind moet in samehang met sy geestelike volwassewording onderrig word in die leer van die kerk soos vervat in die belydenisskrifte van die kerk.

Die belydenisskrifte van die kerk is 'n sistematiese samevatting van die geloofswaarhede van die Skrif. Dit is die naspreke van die kerk op die Woord van God. Dit moet ook die naspreke van die verbondskind as belydende lidmaat wees.

Die verbondskind word deur die onderrig van die belydenisskrifte tot geloofsrypheid gebring deurdat die kinders tuis gemaak word in die belydenis van die kerk. Hierdeur word hulle opgevoed tot doelbewuste gelowiges wat van die Christelike leer rekenskap kan gee. Hulle geloofskennis word verdiep en hulle onderskeidingsvermoë geoefen om dwaalleer te onderken, te weerlê en te weerstaan. Verder kom hulle tot eenheid in die geloof met die reeds belydende lidmate van die kerk en word hulle geoefen om die suiwerheid van die geloof te bewaar. (Kyk ook: Van Wyk, 1974, p.3.)

Die hoofbron by die onderrig van die belydenisskrifte is die Heidelbergse Kategismus. Die hoofsake wat in die Kategismus behandel word: die geloof (volgens die Twaalf Artikels), die wet, die gebed en die sakramente, kan reeds in die jare 8 tot 11 (st. 1 tot 4) van buite geleer word, terwyl van 12 jaar (st. 5) af die Heidelbergse Kategismus in sy geheel, volgens 'n vereenvoudigde weergawe (in die Gereformeerde Kerk bekend as deel II) aangeleer kan word: Van 14 jaar (st. 7) af kan die Kategismus in sy geheel geleer word, asook die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dortse Leerreëls en die geloofsbelydenisse van Nicea en Athanasius.

'n Belangrike vraag is: Hoe moet die Kategismus onderrig word om die kind tot geloofsrypheid te bring?

Luther het uitgegaan van die vraag: Hoe is die mens regverdig voor God? - dus antroposentries. Die wet as spieël tot die ontdekking van die sonde het vir hom voorop gestaan en is eerste behandel, terwyl daarop gevolg het: geloof, gebed en sakramente.

Calvyn het uitgegaan van die vraag: Hoe kry God Sy eer? - dus teosentries. Vir hom het voorop gestaan: Die mens moet gelowig op God vertrou. Daarop volg: Die mens moet sy lewe in gehoorsaamheid aan die wet inrig. Daarom het hy in volgorde behandel: geloof, gebod, gebed, sakramente.

Die Heidelbergse Kategismus is 'n sintese van Luther en Calvyn en is in sy uitgangspunt Christosentries: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Om daarin salig te kan lewe en sterwe is kennis nodig van jou ellende, jou verlossing en jou dankbaarheid.

Die leer van die kerk moet dus in sy teosentrisiteit Christosentries behandel word, omdat dit tiperend is van die lewe in Christus (Bijlsma, 1962, p.151-3).

In die belydenisklas moet 'n tetiese samevatting van die belydenisskrifte as behandeling van leerstukke geskied. Hier moet ook aandag gegee word aan die wêreldgodsdienste, soos die Islam, die Boeddhisme, die Sjintoïsme en die Joodse godsdiens, sodat die verbondskind kan sien hoedat in die wêreldgodsdienste die mens na sy gode toe gaan, teenoor die Christelike

godsdiens, waar die kruis sentraal is en God na die mens toe gekom het.

So moet deur die onderrig in die belydenisskrifte die verbondskind tot geloofsekerheid en geloofsrypheid gebring word. Daarom mag die belydenisskrifte nooit los van die Bybel onderrig word nie maar moet juis aangetoon word hoe die leer van die kerk uit die Heilige Skrif kom.

### 5.2.4 Die kerkgeskiedenis as leerstof

Ook die kerkgeskiedenis is deel van die leerstof wat aangewend word om die verbondskind tot geloofsrypheid te bring. Die kind moet besef <u>wat</u> die kerk van die HERE is en <u>hoe</u> Hy sy kerk deur die eeue bewaar het. Daarom moet veral op twee sake gekonsentreer word: Die kerkgeskiedenis as openbaring van God se werke met mense en ten spyte van mense (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 2) en die kerkgeskiedenis as openbaring van die werke van die mens "as tweede oorsaak, want die mens is verantwoordelik vir sy werke waarmee hy deelneem aan die geskiedenis wat gemaak word" (Spoelstra, 1973, p.37).

Spoelstra (ibid.) wys dan ook tereg daarop dat dit in die onderrig van die kerkgeskiedenis nie maar net om feitekennis op sigself gaan nie maar om die vormende waarde van die kerkgeskiedenis.

Kerkgeskiedenis behoort eers behandel te word as daar reeds 'n redelike kennis van die geloofsleer is (Geref. Kerk, 1967, p.549). Spoelstra (1973, p.38) stel die

ouderdom op ongeveer 13 jaar. In aansluiting by die periode van idealisering in die lewe van die kind kan egter met groot vrug reeds op 12 jaar (st. 5) met die leer van kerkgeskiedenis 'n aanvang gemaak word en wel in aansluiting by persone soos die apostels (Paulus, Petrus), die martelare, Konstantyn, Luther ens. Op 14-jarige leeftyd (st. 7) kan die vroeë kerkgeskiedenis in sy geheel behandel word, terwyl op 15 (st. 8) die vaderlandse kerkgeskiedenis aan die beurt kom. In die belydenisklas (16 en 17 jaar, st. 9 en 10) kan die kerkgeskiedenis oorsigtelik behandel word met klem op die hoofmomente: formasie, deformasie en reformasie.

Saam met Van Wyk (1974, p.4) en Spoelstra (1973, p.36-7) kan besluit word dat geloofsrypheid deur die onderrig van kerkgeskiedenis teweeggebring word deurdat die verbondskind toegerus word met die nodige wapens om te stry vir die suiwerheid van die leer, die erediens en die kerkregering sowel as vir die vryheid van die kerk tot eer van God. Verder word die kind tot die besef gebring dat die gelowige in die stryd om die waarheid nooit neutraal kan wees nie. Die verbondskind word geprikkel om in die eie kerk na leersuiwerheid en medewerking tot voortgaande reformasie te soek. Geloofsrypheid sal dan daar wees as die verbondskind daartoe gekom het dat hy insien dat hy medeverantwoordelik is vir die geskiedenis wat gemaak word, en as hy kom tot erkenning en herkenning van die hand van God in die geskiedenis.

### 5.2.5 Bykomende toerusting

In die belydenisklas moet in aansluiting by die kerkgeskiedenis ook die liturgie en die kerkregering behandel word.

Waar die verbondskind deur sy belydenis God wil eer en verheerlik, moet dit veral in die erediens geskied. Daarom sal die geloofskennis nie volledig wees as die liturgiese vorme nie begryp word nie. Die gang en bedoeling van die erediens moet onderrig word, sodat die verbondskind sal weet wat hy in die erediens beleef en wat die sin daarvan is (Bijlsma, 1962, p.157).

Dit is baie belangrik dat die verbondskinders ook sal weet hoe die kerk geregeer word. Daarsonder is sy geloofskennis onvolledig. Daarom moet die kind onderrig word in die vernaamste punte van die Gereformeerde Kerkregering volgens die Kerkorde. Uit die verbondskinders kom later die ouderlinge en diakens voort, wat nie 'n aparte skoling daartoe ontvang nie. Maar bo alles moet die verbondskind weet dat Jesus Christus die Koning van sy kerk op aarde is en dat Hy deur die ampte wat Hy ingestel het, sy kerk regeer.

Om tot volle geloofskennis en geloofsrypheid te kom is dit nodig dat die verbondskind onderrig moet word in die psalms en die sing daarvan. Die psalms bevat 'n skat van geloofservaringe van geloofshelde wat van onberekenbare waarde vir die geloofslewe van die kind van die HERE is. Daarom behoort hulle van jongs af van buite geleer te word. Maar die kind moet ook geleer word om hulle te kan sing, want daarmee loof hy

God, bely hy sy geloof en vertroue in God, bring hy sy sielenood voor God.

Bybelse aardrykskunde en kultuurgeskiedenis bring by die kind 'n baie beter begrip van die Bybelse gebeure. Kennis daarvan dien slegs tot verryking van sy geloofslewe.

Hierby is 'n elementêre studie van die kanoniek noodsaaklik (Van Wyk, 1972, p.4), sodat die katkisant sal besef dat die Bybel die Boek van die Godsopenbaring is wat op 'n wonderbare wyse tot stand gekom het. So word hy gelei tot insig in die betekenis van die Skrifinspirasie. Insig en begrip in die Godsopenbaring sal verkry word as elke Bybelboek teen die agtergrond van sy ontstaan bestudeer word en die hoofinhoud van elke boek aangedui word.

Die kategetiese onderrig behoort ook 'n eenvoudige, praktiese sedeleer (etiek) in te sluit (Van Wyk, 1974, p.4) om die geloofstoerusting van die kind te voltooi.

## 5.3 DIE METODIEK VAN DIE ONDERRIG VAN DIE LEERSTOF

### 5.3.1 Algemeen

Die metodiek waarvolgens die leerstof onderrig moet word, word bepaal deur die uitgangspunt, die opdrag van God (Deut. 6:7) en die doelpunt: geloofsrypheid; verder deur die leerstof en die leerling (Jooste, 1965, p.53). Elkeen hiervan stel aan die metodiek verskillende eise. Die leerstof vra dat rekening gehou word met pedagogiese beginsels, omdat kategese ook 'n egte vorm van onderwys is (De Graaff, 1968, p.155). Die leerling verg dat ook rekening gehou word met die psigologie, in die besonder die kinderpsigologie.

By die keuse van verskillende metodes moet ook rekening gehou word met die diepgaande prinsipiële en praktiese verskille tussen kategese en die profane onderwys. (Vir 'n volledige uiteensetting kyk Ten Have, 1948, p.126-130.)

### 5.3.2 Die besondere metodiek van die kategese

Die kategese het dus ook 'n eie metodiek, 'n metodiek wat berus op die leerstof, die besondere openbaring van God, op die leerling as verbondskind wat tot geloofsrypheid gelei moet word, en die onderrigs organe, die besondere ampte.

Die eie metodiek van die kategese is dat dit bediening van die Woord van God is. Onder bediening moet ver-

staan word: verkondiging en onderrig (Geref. Kerk, 1967, p.546).

Hierdie twee sake, verkondiging en onderrig, word baie mooi geopenbaar in Handeling 8:26-40, in die gebeure tussen Filippus en die hofdienaar van Ethiopië. Die hofdienaar lees die Bybel sonder om te verstaan (v.31). Filippus word deur die Gees van God gelei om hom in die Skrif te onderrig sodat hy kan verstaan en sodat Christus aan hom verkondig kan word (v. 35); sodat hy Christus kan bely (v. 37) om as gedoopte belyer van die Naam van die HERE met blydskap "sy weg te reis" (v. 39). Dit gaan dus daarom: om God se blye boodskap, Christus, verstaanbaar uit die Skrif te lees; 'n leer lees wat verstaan insluit en wat nie in blote uitwendige feitekennis opgaan nie, maar 'n leer lees en ken in die diepste sin van die woord.

Die bediening van die Woord deur die kategese sluit dus verkondiging en onderrig in. Onderrig in die Skrif en verkondiging van Christus sodat die verbondskind tot geloofsbelydenis kan kom en so ook sý weg met blydskap kan reis.

### 5.3.3 Die besondere metodes wat in die kategese aangewend moet word om die verbondskind tot geloofsrypheid te lei

Die hoofmetode om die verbondskind tot geloofsrypheid te lei is die verkondigingsmetode. 'n Tweede is die vraag-en-antwoordmetode. 'n Derde, die gespreksmetode, is veral bruikbaar by klasse van 'n hoër leef-

tyd. Hierdie drie metodes moet in die besonder deur die kategese aangewend word om geloofsrypheid te bereik.[2]

5.3.3.1 Die verkondigingsmetode

In die verkondigingsmetode neem die kategeet die leiding om die Woord aan die kinders te bedien.[3] Dit is ook die grondmetode wat die Here Jesus gebruik het om die mense te leer. Dit is die belangrikste metode om die kinders tot geloofsrypheid te bring, omdat dit bruikbaar is vir alle klasse en alle soorte leerstof en omdat dit aansluit by die psigologie van die kind. Kinders van alle leeftye luister graag.

By die aanwending van hierdie metode is woordillustrasie baie belangrik, omdat ingewerk moet word op die kenvermoë - die aandag en geheue - en die begeervermoë (Jooste, 1965, p.53-5). Die onderrig moet nie beoog

---

2. Van Wyk (1974, p.12-16) noem die volgende as bruikbare metodes vir die kategese: Geprogrammeerde onderrig, projekonderrig, eksemplariese onderwys, die gesprek, induksie en deduksie, die verhaalmetode, die vraag-en-antwoordmetode, die handboekmetode, dril, selfstudie. Die Raad voor de Catechese der Ned. Hervormde Kerk en die Geref. Werkgroep voor de Catechese in Nederland is voortdurend besig om nuwe metodes te soek (De Graaff, 1968, p.156).
3. Kategese is egter nooit "kinderkerk" nie. Dit bly altyd die amptelike onderrig aan die kinders van die gemeente in opdrag van die HERE (Deut 6:7; Joh. 21:15).

om net kennis oor te dra nie, maar van jongs af moet die begeerte by die kind opgewek word om die HERE te dien. Hierdie begeerte moet versterk word, sodat geloofsdade uit die kennis gebore sal word (Jooste, 1965, p.55).

Die verkondigingsmetode moet daarom ook aangevul word met ander, soos die vraag-en-antwoordmetode (aandags-, geheue- en ontwikkelingsvrae moet gestel word), die doenmetode (opsoek van 'n Bybelteks en voorlesing daarvan deur die katkisant), die dinkmetode (met klem op insig) en die gespreksmetode.

Die verkondigingsmetode moet die katkisant tot luisterende en denkende aktiwiteit, prikkel sodat hy nie passief bly nie.

5.3.3.2 Die vraag-en-antwoordmetode

Die vraag-en-antwoordmetode is 'n tegniek wat by alle leervorme en leerstof gebruik kan word maar wat veral by die onderrig van die kategismus na vore kom. Trouens, die kategismus is in hierdie vorm opgestel. By die aanwending van hierdie metode moet ook gebruik gemaak word van die assosiatiewe, waar vaste woordverbindinge in die geheue ingeprent word, wat weer deur middel van vrae tot die weergee van bepaalde voorstellings voer. Die taak van die kategeet is om te ontleed, te verduidelik en om verstaanbaar te maak.

Vrae moet ook rekening hou met die leeftyd van die kind. Elke vraag moet daarom doelgerig en nie dubbel-

sinnig, vraag of verwarrend wees nie (Van Wyk, 1974, p.15).

Deur die vraag-en-antwoordmetode moet die parate kennis gekontroleer word en die denke geaktiveer word. Dit bevorder vrymoedigheid, korrekte uitdrukking, belangstelling, aandag, insig, belewing en toe-eiening (Van Wyk, 1974, p.15).

5.3.3.3 Die gespreksmetode

Die gespreksmetode is veral vrugbaar by kinders van 'n hoër leeftyd. Hierdie metode kan twee vorme aanneem: dié van die leergesprek en dié van die klasgesprek.

5.3.3.3.1 In die leergesprek, wat ook by die aktiverende metode aansluit, waar take en opdragte gegee word, neem die kategeet die leiding en lei die gesprek deur middel van vrae wat prikkelend, motiverend en ondersoekend is. Die vrae moet steeds 'n beroep op die kind doen.

Deur die leergesprek word die insig van die kind bevorder, word hy geleer om met vrymoedigheid standpunt te stel, afleidings te maak, gedagtes te orden en gedissiplineerd te dink (Van Wyk, 1974, p.13). Daar moet egter gewaak word teen die gevaar dat hierdie gesprek in 'n debat ontaard.

5.3.3.3.2 In die klasgesprek praat die katkisante met mekaar, terwyl die kategeet tog die leiding behou.

Deur die klasgesprek leer die kind om sinvol aan 'n gesprek deel te neem. Hy doen deur sy eie aktiwiteit kennis op wat blywender is. Ook word hy geskool in diskussie oor godsdienstige sake, waarmee hy in sy lewe baie te doen gaan kry.

5.3.4 Ander metodes wat ook in die kategese gebruik word, is die handboek-, dril- en selfstudiemetode.

Metodes wat in die Gereformeerde kategese nie gebruik sal word nie, is die metodes van spel, dramatisering, demonstrasie en eksperiment.

5.3.5 Die hoofdoel van die metodiek moet steeds wees om die verbondskind tot geloofsrypheid te lei. Dit moet dus op 'n ordelike wyse van die uitgangspunt, die opdrag van God (Deut. 6:7; Joh. 21:15), voortgaan na die doelpunt, geloofsrypheid, en sodoende tot aflegging van geloofsbelydenis. Deur die metodiek moet kennis en insig verkry word, sodat tot geloofskennis gekom kan word. Maar deur die metodiek moet ook liefde tot God en liefde tot die kerk van Jesus Christus gewek word. Alleen sō sal die metodiek waarlik aan sy doel beantwoord.

## 5.4 DIE LEERPLAN

'n Leerplan om aan al die voorgaande te voldoen kan soos volg saamgestel word:[4]

| | |
|---|---|
| 6 jaar (Sub A)<br>(Gr. 1) | Temas uit die Ou en Nuwe Testament.<br><br>Twee reëls van 'n berymde Psalm (om die hele Psalm oor 'n aantal lesperiodes te leer); Bybeltekste uit die Bybelgeskiedenis wat sinvol geleer kan word. |
| 7 jaar (Sub B)<br>(Gr. 2) | Temas uit die Ou en Nuwe Testament.<br><br>Drie reëls uit ses van 'n berymde Psalm en Bybeltekste. |
| 8 jaar (St. 1) | Temas uit Ou en Nuwe Testament, met 'n groter graad van verband tussen die lesse.<br><br>Psalmvers van vier reëls, afwisselend 'n Bybelteks; geloofsleer: Die Twaalf Artikels (word van buite geleer gedurende hele jaar). |

4. By die samestelling van hierdie leerplan is die leerplan van die Gereformeerde Kerk as basis gebruik. (Kyk: Geref. Kerk, 1967, p.548-9.)

| | |
|---|---|
| 9 jaar (St. 2) | Temas uit Ou en Nuwe Testament, met 'n groter graad van verband. |
| | Psalmvers van vier reëls, met afwisselend 'n Bybelteks; geloofsleer: Die Twaalf Artikels plus betekenis van elke Artikel volgens 'n eenvoudige vraag-en-antwoordmetode, op die voetspoor van Die Heidelbergse Kategismus (word gedurende die eerste helfte van die jaar geleer); die Tien Gebooie (word gedurende tweede helfte van die jaar van buite geleer). |
| 10 jaar (St. 3) | Temas uit die Ou en Nuwe Testament, met 'n groter graad van verband. |
| | Psalmvers van vyf of ses reëls, met afwisselend 'n Bybelteks; geloofsleer: Die Tien Gebooie plus die betekenis van elke gebod volgens 'n eenvoudige vraag-en-antwoordmetode op die voetspoor van die Heidelbergse Kategismus (word gedurende die eerste helfte van die jaar geleer); die Onse Vader (word gedurende die tweede helfte van die jaar van buite geleer). |
| 11 jaar (St. 4) | Temas uit die Ou en Nuwe Testament met 'n groter graad van verband. |
| | Psalmvers van ses of meer reëls, met |

afwisselend 'n Bybelteks; geloofsleer: Die Onse Vader plus die betekenis van elke bede volgens 'n eenvoudige vraag-en-antwoordmetode op die voetspoor van die Heidelbergse Kategismus (word gedurende die eerste helfte van die jaar geleer); die sakramente volgens 'n eenvoudige vraag-en-antwoordmetode op die voetspoor van die Heidelbergse Kategismus (word gedurende tweede helfte van die jaar geleer).

12 jaar (St. 5) Ou-Testamentiese geskiedenis met klem op verband.

Geloofsleer: Die Heidelbergse Kategismus volgens 'n vereenvoudigde weergawe (in die Gereformeerde Kerk bekend as Deel II); kerkgeskiedenis in aansluiting by geloofshelde soos die apostels, die martelare, Konstantyn, Luther ens.

13 jaar (St. 6) Nuwe-Testamentiese geskiedenis met klem op verband.

Geloofsleer: Die Heidelbergse Kategismus volgens 'n vereenvoudigde weergawe (in die Gereformeerde Kerk bekend as Deel II); kerkgeskiedenis in aansluiting by verdere geloofshelde.

| | |
|---|---|
| 14 jaar (St. 7) | Eenvoudige inleiding tot die boeke van die Ou Testament.<br><br>Ou-Testamentiese geskiedenis met klem op openbaringsgeskiedenis van verbond en Messias; die Heidelbergse Kategismus, aangevul deur die Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls; vroeë kerkgeskiedenis. |
| 15 jaar (st. 8) | Eenvoudige inleiding tot die boeke van die Nuwe Testament.<br><br>Nuwe-Testamentiese geskiedenis met klem op openbaringsgeskiedenis van Christus, die Heilige Gees en die kerk; die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls; vaderlandse kerkgeskiedenis. |

16 en 17 jaar
(St. 9 tot einde eerste kwartaal van matriek. Hierdie leerplan begin by st. 9 en eindig in Matriek).

Skrifinspirasie, Skrifgesag, Skrifverklaring, openbaringsgeskiedenis van God Drie-enig; Messias; verbond - kerk; tetiese samevatting van belydenisskrifte in die behandeling van leerstukke; kerkgeskiedenis, kerkreg en kerkregering volgens die

Kerkorde; liturgiek, in die besonder die doel en betekenis van die verskillende vorme van die erediens; etiek; Doel, betekenis en gevolge van geloofsbelydenis.

## 5.5 KLASINDELING

Klasse kan soos volg ingedeel word (waar dit nie moontlik is om elke skoolstanderd of lewensjaar afsonderlik te neem nie):

| | | |
|---|---|---|
| 6 en 7 jaar | (sub A en B of Gr. 1 en 2) | Klas 1 |
| 8 en 9 jaar | (st. 1 en st. 2) | Klas 2 |
| 10 en 11 jaar | (st. 3 en st. 4) | Klas 3 |
| 12 en 13 jaar | (st. 5 en st. 6) | Klas 4 |
| 14 en 15 jaar | (st. 7 en st. 8) | Klas 5 |
| 16 jaar | (st. 9) (word afsonderlik geneem) | Klas 6 |
| 17 jaar | (Matriek) (word afsonderlik geneem) | Klas 7 |

Die werk word dan jaarliks in die samegestelde klasse geroteer.

## 5.6 DIE BELYDENISKLAS

Die noodsaaklikheid van 'n spesiale belydenisklas is deur Hagenbeek (1947, p.97) bevraagteken. Hy beweer tereg dat elke katkisasie ook belydeniskatkisasie moet wees. Tog wil hy (ibid, p.98) nie die belydenisklas afskaf nie.

Die belydenisklas is wenslik en noodsaaklik vir die afsluiting en afronding van die kategese (Bijlsma, 1962, p.274).

Waar die belydenisklas met leerlinge aan die begin van st. 9 begin en voorafgegaan is deur jare van intensiewe onderrig en waar dit die laaste amptelike onderrig is voordat aflegging van belydenis van geloof plaasvind, word 'n sekere mate van geloofsrypheid van die katkisante verwag. Derhalwe sal die leerstof en die metode hierby aansluit om die verbondskind só tot geloofsrypheid te bring dat aflegging van geloofsbelydenis as 'n rype, welbewuste, persoonlike daad kan plaasvind.

Die <u>leerstof</u> moet veral konsentreer op die kanoniek van die Bybel, Skrifinspirasie, Skrifgesag, Skrifverklaring, openbaringsgeskiedenis van God Drie-enig, Messias, verbond en kerk. Die belydenisskrifte verg nou 'n tetiese samevatting in die behandeling van leerstukke. In die kerkgeskiedenis moet veral aandag gegee word aan die sektewese, die liturgie en die kerkregering.

Bijlsma (1962, p.275-7) noem verskillende uitgangspunte waarvolgens die stof in die belydenisklas behan-

del kan word:

1. 'n Herhaling van die hooflyne van die hele kategetiese stof, of
2. die geloofsleer of
3. toespitsing op aktuele vrae of
4. 'n toespitsing op insig in die Bybel of
5. om die belydenisvrae as uitgangspunt te neem.

My eie keuse, wat al jare toegepas word, is 5, naamlik om die belydenisvrae as uitgangspunt te neem. Dit sluit aan by en rig op die doelpunt: aflegging van belydenis van geloof.

Die metode by die behandeling van die stof in die belydenisklas moet die hoofmetode van die kategese, vertelling, mededeling, as uitgangspunt hê, maar nou moet dit veral aansluit by die gesprek en by selfwerksaamheid. Belangrik is ook die persoonlike gesprek waar die kategeet die katkisant help om te onderskei tussen die wesenlike motief waarom hy sy geloof in die openbaar wil bely, en die bykomstige redes soos deur Higgo (1968, p.159) aangedui: "almal doen dit", "my ouers wil dit so hê", "ek moet lidmaat word". Die persoonlike gesprek moet gerig wees op geloofsbou en geloofsekerheid, sodat die verbondskind tot 'n rype, persoonlike geloofsbelydenis kan kom.

'n Metode wat veral deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk (besluit van die Ring van Reivillo, September 1974) gevolg word, is om aan die einde van die jaar van onderrig die belydeniskatkisante in 'n drie

dae-kamp, wat verpligtend is, saam te trek. Die doel hiervan is om deur noue kontak geloofsrypheid en geloofsekerheid te bevorder. Nieteenstaande die positiewe element van sulke kampe, naamlik vrymoedigheid en ontvanklikheid, is die gevaar van hierdie kampe in die natuur dat dit so op die esteties-romantiese en fantasielewe van die kind kan inwerk dat hy verband met die werklikheid verloor (kyk ook Bingle, 1940, p.71-2) en tot 'n tipiese puberteitsbekering kom in plaas van tot 'n rype, welbewuste, persoonlike geloofsbelydenis.

In die belydenisklas moet die klem ook veral op motivering tot die positiewe val. Waar die verbondskind as belydende lidmaat in die kerk en in die wêreld gaan staan, is dit noodsaaklik dat hy dit welbewus doen. 'n Groot gevaar wat hom bedreig, is negativisme. "'n Mens kan duizend en een dingen niet doen, dat zegt nog niet wat hij wel doet" (Snijman, 1909, p.187). Snijman (ibid.) noem 'n aantal negatiewe gevare wat die belydende lidmaat bedreig: om die foute van ander beter te ken as die eie belydenis; maatstaf vir die doen of nie-doen is nie die eie belydenis nie maar wat ander kerke doen. In die negatiewe sit daar geen krag nie, maar: "Ons karakter moeten wij vinden niet in hetgeen wij niet zijn, maar in hetgeen wij zijn; onze kracht niet in hetgeen wij <u>niet</u> hebben, maar in hetgeen wij hebben; onze roem niet in hetgeen wij <u>niet</u> doen, maar in hetgeen wij willen en tot stand brengen" (Snijman, 1909, p.189).

Die ondervraging van die katkisante in die belydenisklas deur die kerkraad of 'n kommissie van die kerkraad is noodsaaklik, omdat die kerkraad oortuig moet wees van <u>wat</u> bely word, of dit 'n belydenis van <u>geloof</u> is, <u>hoe</u> dit bely word en of dit 'n mondige, rype, persoonlike geloofsbelydenis is.

My eie keuse van die wyse waarop die ondersoek deur die kerkraad moet plaasvind, is dat na afhandeling van elke werksgedeelte, bv. die openbaringsgeskiedenis of die belydenisskrifte of die kerkgeskiedenis, die kommissie van die kerkraad die katkisante moet ontmoet om hulle na hulle kennis van die spesifieke gedeelte te ondervra en daarop te let of die verworwe kennis reeds eie besit geword het. Aan die einde van die belydenisklas en wanneer die katkisant aansoek doen om aflegging van belydenis van geloof, gaan die ondersoek oor die beweegredes tot die aansoek en die lewe van die aansoeker en of daar geloofsrypheid is.

Dit moet beklemtoon word dat die aflegging van belydenis van geloof nie as die outomatiese afsluiting van die belydenisklas of die katkisasie gesien moet word nie. Aflegging van belydenis van geloof moet 'n rype, mondige, persoonlike belydenis van geloof wees, en daarop moet die onderrig in die belydenisklas gerig wees.

## 5.7 SAMEVATTING

Deur die kategese in te rig soos in 5.1 en uit te voer soos in 5.2 tot 5.6 gestel sal aan die vereiste vir aflegging van geloofsbelydenis ten beste voldoen word. Hierdeur kan die praktiese en maatskaplike eise wat as 'n struikelblok tot 'n welbewuste, rype, persoonlike geloofsbelydenis kan dien uit die weg geruim word.

Hierdeur sal die ouers ook behoorlik in staat gestel word om toe te sien dat hulle doopbelofte uitgevoer word en dat die verbondskinders van dooplidmate (onvolwasse lidmate) tot belydende (volwasse) lidmate gebring word vóórdat hulle die huis verlaat.

Só kan ook die probleem van kategetiese nasorg geneutraliseer word en kan die verbondskind na aflegging van geloofsbelydenis werklik as volwasse lidmaat van die kerk ontvang en behandel word.

Só kan aflegging van geloofsbelydenis werklik die hoogste doel van die lewe dien deurdat dit die eer en verheerliking van God bevorder.

# S L O T

Die antwoord op die probleemstelling (1.1) : Kan 'n sekere leeftyd as <u>terminus ad quem</u> vir aflegging van geloofsbelydenis vasgestel word? word bepaal deur die prinsipiële beskouing van wat geloofsbelydenis is.

Histories was die beskouing oor geloofsbelydenis altyd bepalend vir die leeftyd waarop belydenis afgelê is (kyk 2). Die beskouing oor geloofsbelydenis het gewissel van die opvatting dat dit die belydenis van die eie, persoonlike geloof in gehoorsaamheid aan die verbond is (die vroeë Christelike kerk en die Reformatore), tot 'n siening dat dit slegs die voorwaarde vir toelating tot die nagmaal is (in die Na-Reformatoriese tyd). Gedurende die Middeleeue is die geloofsbelydenis selfs vervang deur die sakrament van die vormsel.

In aansluiting by die beskouing oor geloofsbelydenis het die rypheidsleeftyd gewissel. Dit toon 'n stygende lyn van 12 jaar in die vroeë Christelike kerk, 14-15 jaar gedurende die Reformasie, tot 16 en selfs 20 jaar in die Na-Reformatoriese tyd. By die vormsel is geen bepaalde rypheid vereis nie.

Die prinsipiële konklusie oor geloofsbelydenis waartoe in hierdie studie gekom is (3.4.1), is dat geloofsbelydenis 'n persoonlike, welbewuste, selfstandige daad is waardeur die belyer in gehoorsaamheid aan die verbond van God sy eie geloof in God Drie-enig bely. Dit is 'n handeling wat alreeds by die doop moes plaasgevind het maar wat noodwendig weens die fisieke en psigiese onvermoë van die suigling uitgestel moes word.

Dié leeftyd waar die verbondskind in sy fisieke, psigiese en godsdienstige wording in so 'n mate tot geloofsrypheid gekom het dat sy geloofsbelydenis 'n eie, persoonlike, welbewuste daad is, is die adolessensie en die vroeë jare van volwassenheid, dit wil sê van 17 tot 21 jaar (kyk 4). Gedurende hierdie jare kan die verbondskind van vandag in 'n groot mate voldoen aan die vereistes wat aflegging van geloofsbelydenis, die kerk en volwasse lidmaatskap van die kerk aan hom stel.

Geloofsrypheid word egter nie net deur leeftyd bereik nie maar ook deur opvoeding. Daarom het die kerk 'n besondere taak en verantwoordelikheid om deur middel van die kategese die kind so te lei dat hy gedurende die rypheidsleeftyd wel gereed sal wees om belydenis van sy geloof af te lê. Om die doelpunt van die kategese, aflegging van geloofsbelydenis, gedurende die rypheidsleeftyd so doeltreffend moontlik te bereik moet die kerk 'n intensiewe kategetiese leerplan volg wat begin sodra die kind leer lees en skryf, en wat eindig in die adolessensiejare. Dit sal meebring

1. dat handboeke[1] vir kinders en kategete saamgestel word in ooreenstemming met die verskillende fases van die leerplan soos in 5.4;

---

1. Predikante uit die verskillende Afrikaanse Kerke het gemeld dat die huidige handboeke nie bevredig nie (kyk Bylaag 2, vr. 8).

2. dat 'n handleiding vir kategete ten opsigte van die metodiek van die onderrig van kategetiese stof soos dit in elke katkisasieklas gevind word, opgestel word en aan alle kategete beskikbaar gestel word en dat hulpkategete deeglik opgelei moet word;

3. dat meer tyd en aandag aan kategetiese onderrig bestee word as net een maal per Sondag en dat predikante 'n baie groter aandeel daarin moet neem as tot dusver.[2] Samewerking met die onderwysowerhede moet verkry word sodat skooltuiswerk en buitemuurse bedrywighede verminder word ter wille van meer kategetiese onderrig gedurende die week. Predikante behoort ook self alle klasse waar te neem en in gevalle waar dit vir hulle werklik prakties onmoontlik is, in elk geval soveel moontlik. Die gebruik van hulpkragte behoort alleen as noodmaatreël te dien.

Op hierdie wyse kan die kerk grootliks daartoe meewerk dat geloofsrypheid wel gedurende die rypheidsleeftyd teenwoordig sal wees. Só sal die eer van God en die welsyn van die Kerk die beste gedien word.

---

2. 95% neem die belydenisklas waar; 30% ook die voor-belydenisklas; 20% alle hoërskoolklasse; 3% st. 4 en 5; 0% ander (Bylaag 2, vr. 7).

## BYLAAG 1

### VRAELYS AAN PREDIKANTE

1. Wat beskou u as rypheid by aflegging van geloofsbelydenis?

2. Op watter leeftyd of in watter skoolstanderd lê verbondskinders in u gemeente geloofsbelydenis af?

3. Beskou u dat verbondskinders op dié leeftyd of skoolstanderd genoem in 2 genoegsame rypheid besit?

4. Indien nie, om watter praktiese redes lê hulle op genoemde leeftyd belydenis van geloof af?

5. Wat doen u aan die hand as oplossing vir die probleem wat met vrae 1 - 4 saamhang?

6. Wat is u mening omtrent die stelling dat aflegging van geloofsbelydenis 'n outomatiese, meganiese afsluiting van die kategese geword het?

7. Watter katkisasieklasse word deur u self waargeneem?

8. Is daar enige besondere probleme rondom aflegging van geloofsbelydenis wat u graag sou wil noem?

# BYLAAG 2

## ONTLEDING VAN ANTWOORDGEGEWENS VAN VRAELYSTE AAN PREDIKANTE

### VRAAG 1

Van die predikante het 91% rypheid gekwalifiseer as geestelike rypheid. Dit bestaan uit: kennis van die Bybel en die leer van die kerk; die in staat wees om kennis toe te pas; die toe-eiening van die verbond en geloofsekerheid; verantwoordelikheid; die in staat wees om selfstandig besluite te kan neem; die geloofsoortuiging wat tot ontplooiing gekom het.

Samevattend: Geestelike rypheid omvat die verstandelike, die psigologiese en die godsdienstige vermoëns van die kind.

Van die predikante het 9% rypheid gekwalifiseer as 'n sekere leeftyd. Dit is aangedui van 15 tot 23 jaar, met 18 jaar as die mees waarskynlike leeftyd.

### VRAAG 2

Van die predikante het 55% 16 jaar as die leeftyd aangedui waarop belydenis van geloof afgelê word;

38% begin van matriek,
30% einde st. 9,
15% 17 jaar,
7% st. 8,
4% 18 jaar.

Dit blyk dus dat 16 jaar en matriek die tyd is waarop deur die meerderheid belydenis van geloof afgelê word.

Belangrik is dit dat 'n klein persentasie op 18 jaar belydenis aflê, waarskynlik omdat die meeste dan reeds skool verlaat het.

VRAAG 3

Van die predikante is 51% oortuig daarvan dat kinders op die leeftyd of skoolstanderd waarop hulle belydenis aflê, oor die algemeen nie ryp genoeg of glad nie ryp is nie;

47% meen dat slegs sommige wel die nodige rypheid besit, en

37% is tevrede dat die meeste kinders ryp genoeg is of heeltemal ryp is om belydenis van hulle geloof af te lê.

VRAAG 4

Van die predikante is 27% van mening dat skoolverlating en skoolwerk die vernaamste praktiese oorweging is waarom belydenis van geloof op 'n bepaalde tyd (vr. 2) afgelê word.

Ander praktiese redes is soos volg aangegee:

1. Vrees van ouers dat kind nie tot belydenisaflegging sal kom wanneer huis verlaat is - 20%;

2. weens drang van skoolwerk en ouers - 18%;

3. weens sinodale ouderdomsgrens - 15%;

4. uit gewoonte - 13%;

5. begeerte van ouers om doopbelofte uit te voer - 7%;

6. weens stigma indien geen belydenis gedoen is nie - 3%;

7. weens afhandeling van katkisasieleerplan - 3%.

VRAAG 5

Die volgende oplossings is aangebied ter voorkoming van probleme wat saamhang met vr. 1 - 4:

1. Intensiewer en meer doelgerigte kategese veral deur die predikant self - 21%;

2. opvoeding van ouers ten opsigte van die regte houding teenoor belydenis van geloof - 20%;

3. aanmelding uit eie begeerte na afsluiting van kategese, d.w.s. nie outomaties oorgaan tot geloofsbelydenis nie - 17%;

4. intensiewer huiskatkisasie en katkisasie deur die kerkraad - 11%;

5. tevrede met huidige toestand - 9%;

6. opskuif van minimum leeftyd - 7%;

7. na-kategetiese onderrig - 5%;

8. kampe, landswye geestelike opvoedingsprogram, inskakeling van jongmense by kerklike aktiwiteite, beter toegeruste hulpkragte - 3%;

9. 22% het geen oplossing voorgestel nie.

VRAAG 6

Van die predikante het 53% geantwoord dat dit in die meeste gevalle waar is.

24% het gemeen dat dit slegs in sommige gevalle waar is.

20% was van mening dat daar geen waarheid in steek nie.

Van die 53% het sommige hulle antwoorde só gemotiveer:

60% het gemeen dat die kerk self die grootste skuld hiervoor moet dra.

20% het gemeen dat dit die ouers se skuld is.

10% het die skuld op die kind en op omstandighede geplaas.

VRAAG 7

Van die predikante het 95% geantwoord dat hulle die belydenisklas waarneem.

30% het ook die voor-belydenisklas waargeneem.

20% het gemeld dat hulle alle hoërskoolklasse waarneem.

Slegs 3% het gemeld dat hulle st. 4 en 5 van die laer-skool ook waarneem.

VRAAG 8

'n Verskeidenheid antwoorde is as probleme aangestip, waarvan slegs die mees voorkomende persentasiegewys uitgedruk kan word.

13% het gekla oor te min tyd vir kategese.

10% het gesê dat onrypheid die grootste probleem is.

9% het gekla dat die entoesiasme en erns ontbreek.

Ander probleme en wenke wat genoem is, is die volgende:

Ouers en onderwysers beskou geloofsbelydenis as te terloops.

Handboeke bevredig nie.

Sinodale katkisasielesrooster is onprakties.

Huiskatkisasie is swak.

Bybelkunde op skool verbeter nie Bybelkennis nie.

Belydenisaflegging geskied te onpersoonlik.

Vroeë belydenis by een kerk beïnvloed kinders van 'n ander kerk.

Die kerk doen te min vir jong lidmate na skoolverlating.

Hulpkragte is onbevredigend.

Skoolverlating maak van belydenisaflegging kunsmatige rypheid.

Hoë leeftyd (25 jaar) bring probleme: hulle wil dan liewer vry wees en nie aan belydenis gebonde nie.

Katkisante is nie genoeg selfwerksaam nie.

Katkisasies moet gedurende die week gehou word, en op Sondag moet alleen eredienste bygewoon word.

Meer geleentheid moet per jaar gegee word vir belydenisaflegging.

# ABSTRACT

Confession of faith must be a mature, personal, independent, self-conscious act. Maturity in faith is therefore the norm for confession of faith. The problem with which we have to deal is whether it is possible to indicate exactly when maturity has reached the same stage so that a personal independent act of confession of faith is possible with the result that the child of the covenant can take his place in the congregation as a mature member.

During the time of the Old Testament a child at the age of 12 to 13 years became bar-mitswa "son of the law". In the early Christian Church as well as shortly before, during and shortly after the Reformation 12 to 14 years were reckoned as the anni discretionis of the child. That was the time for the covenant child to confess his faith. In the Reformed Churches in South Africa, children generally confess their faith at the age of 16.

The question at hand is whether the child of the covenant of today is able to do a mature, personal, independent, selfconscious confession of faith at that age, seeing that life today is much more complicated than during the time of the Reformation as a result of which maturity is reached at a later stage.

The psychology of development has done much to promote a better understanding of the transitional stage between childhood and adulthood. From infancy up to

adulthood, the religion of the child shows a genesis, and it is only in the early adolescent years when the faith of the child shows a resemblance to maturity. Thus there is a close relation between age and maturity in faith. Therefore the years 10 to 16 must be rejected on psychological grounds as a possibility when confession of faith can take place as a personal, mature act because those years are especially the years of puberty. Only at the age of 17 the youth reaches the stage in adolescence when he becomes an adult. The adolescent years and the early years of adulthood, 17 to 21, is the time for the covenant child to confess his faith.

A solution for the problem (where the problems in everyday practical life as well as sociological circumstances are taken into consideration) can be that the church must in future, through medium of her ecclesiastical instruction, especially through the minister, take a much more active part in bringing the covenant child to maturity in faith and confession of faith. It is thus recommended that the church must follow an intensive instruction programme starting when the child enters school and concluding in the first quarter of the matric year. Confession of faith can take place during the last quarter of this year, after a written application, in which the reasons for confession of faith are stated, has been handed to the Church Council.

In this way it can be assured that there is the necessary knowledge of faith, so that a mature, independent,

self-conscious confession of faith can be made. The psychological demands should have been met when the child of the covenant is in his adolescence, and the practical and sociological problems will no longer be stumbling blocks.

In this way all the demands for a mature, selfconcious personal confession of faith can be met.

# BIBLIOGRAFIE

## AANGEHAALDE BRONNE

ACHELIS, E.C. 1906. Praktische Theologie. Utrecht, Kemink. 512p.

BAVINCK, H. 1916. De opvoeding der rijpere jeugd. Kampen, Kok. 257p.

BAVINCK, H. 1901. De offerande des lofs. 's Gravenhage, Verschoor. 121p.

BERKELBACH VAN DER SPRENKEL, S.F.H.J. 1956. Catechetiek. Nijkerk, Callenbach. 390p.

BIESTERVELD, P. 1900. Het karakter der catechese. Kampen, Kok. 109p.

BIJLSMA, R. 1962. Kleine catechetiek. Nijkerk, Callenbach. 304p.

BINGLE, H.J.J. 1940. Enkele godsdienstige opvattinge van die middelbare skoolleerlinge. (Ongepubliseerde proefskrif, P.U.K. vir C.H.O.) 428p.

BINGLE, H.J.J. 195 ? Metodiek van godsdiensonderrig op die middelbare skool. Interkerklike Uitgewerstrust. 78p.

BOERTIEN, M. 1974. Het Joodse leerhuis. Kampen, Kok. 80p.

BOUWMAN, H. 1934. Gereformeerd kerkrecht, dl. 2., Kampen, Kok. 704p.

BROMILEY, G.W. 1968. (In: Kittel, G. red. Theological dictionary of the New Testament, pt. 3. Grand Rapids, Michi., Eerdmans.

BROMILEY, G.W. 1970. (In: Kittel, G. & Friedrich, G. red. Theological dictionary of the New Testament, pt. 5. Grand Rapids Michi., Eerdmans.

BROMILEY, G.W. 1971. (In: Kittel, G. & Friedrich, G. red. Theological dictionary of the New Testament, pt. 6. Grand Rapids, Michi., Eerdmans.

BRONKHORST, A.J. 1956. Aanneming van lidmaten. (In: Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P. red. Christelijke encyclopedie, dl. 1. Kampen, Kok. p. 25-6.)

BRILLENBURG WURTH, G. 1955. Christelijke zielzorg. Kampen, Kok. 332p.

CALVYN, J. Institusie kyk: Sizoo.

CALVYN, J. Kommentare kyk: King; Parker; Pringle.

COETZEE, J.C. 1944. Teoretiese opvoedkunde. Stellenbosch, Pro Ecclesia. 414p.

COETZEE, P.J. 1975. Kategese van kleuters is belangrik. Die Kerkblad van die Geref. Kerk in S.A. 78(2287):25. 19 Febr.

DE GRAAFF, A. 1968. The educational ministry of the Church. Nutley, N.J., Craig Press, 175p.

DE GROOT, D.J. 1949. Het werk van de Heilige Geest. (In: Berkouwer, G.C. & Toornvliet, G. red. Het dogma der Kerk. Groningen, Haan. p.407-444).

DE VILLIERS, D.W. 1957. Die kategese in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom, Pro Rege. 377p.

DE WET, C.J.H. & COETZEE, J.C. 1943. Die beginsels, metode en geskiedenis van die kategetiese onderwys. Kaapstad, Nasionale pers. 126p.

DIE BYBEL. AFRIKAANS. 1958. Die bybel met verklarende aantekeninge. Onder red. van B. Gemser e.a. dl. 1. Kaapstad, Verenigde Protestantse Uitgewers.

DIJK, K. 1952. De dienst der kerk. Kampen, Kok. 261p.

DIJK, K. 1954. De dienst aan de kerkjeugd. Kampen, Kok. 196p.

DIJK, K. 1957. Catechese. (In: Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P. red. Christelijke encyclopedie. dl. 2. Kampen, Kok. pp. 116-7.

DU PLESSIS, L.J. 1883. Aanneming. De Maandbode. 10(12):1.

FABER, H. 1952. De godsdienstige ontwikkeling van onze kinderen. Amsterdam, Ploegsma, 122p.

GEREFORMEERDE KERK. 1862, 1863, 1866, 1873, 1979, 1904. Handelinge. Kaapstad, Saul Solomon.

GEREFORMEERDE KERK. 1891. Verzameling van de Algemene bepalingen der Synoden der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika vasgesteld door haar zesde Synode in 1876. Paarl, du Toit, 93p.

GEREFORMEERDE KERK. 1936, 1939, 1961, 1967, 1973. Handelinge. Potchefstroom, Administratiewe Buro.

GILHUIS, C. 1951. De zin van onze belijdenis. (In: Brillenburg Wurth, G. & Gilhuis, C., red. Het grote ja. Zwolle, La Rivière & Voorhoeve p. 26-42).

GREYLING, E. 1944. Godsdiensonderwys in die huisgesin in die Ou Testamentiese tyd. Koers 11:216, Jun.

HAGENBEEK, D.S.A. 1957. De moderne leerkerk. Kampen, Kok, 133p.

HIGGO, G. 1968. Die sielkunde as hulpmiddel vir die kategese. (Ongepubliseerde Th.M.-verhandeling, Stellenbosch) 220p.

HOEKSTRA, T. 1916. Psychologie en catechese. Nijverdal, Bosch. 87p.

HOGE, J.M.H. 1934. Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 18de eeu. Kaapstad, Nasionale Pers. 59p.

HONIG, A.G. 1938. Handboek van de Gereformeerde dogmatiek. Kampen, Kok. 867p.

JAMIESON, R., FAUSSET, A.R. & BROWN, D. 1961. A commentary on the Old and New Testaments. Vol. 6. Grand Rapids, Michi., Eerdmans.

JOOSTE, J.P. 1957. Diktaat kategetiek. Potchefstroom, Pro Rege. 27p.

JOOSTE, J.P. 1965. Studiegids vir kategetiek. Potchefstroom, Pro Rege. 69p.

KEMPFF, D. 1975. Lei tot belydenis. <u>Die Kerkblad van die Geref. Kerk in S.A</u>. 78(2311):3 6 Aug.

KING, J. 1948. Calvin's commentaries: Genesis, I. Grand Rapids, Michi., Eerdmans. 2dle.

KOEHLER, L. & BAUMGARTNER, W. 1953. Lexicon in Veteris Testamenti libros. Leiben, Brill. 1138p.

KRUGER, M.A. 1975. Nuwe ontwikkelinge op die gebied van die kategese. <u>In die Skriflig</u>. 9(35):18-34 Sept.

KUYPERS, A. 1947. De ziel van het kind. Wageningen, Zomer & Keuning. 145p.

LIDDELL, H.G. & SCOTT, R. 1953. A lexicon abridged from Liddell and Scott Greek - English lexicon. Oxford, (Claredon Press, 804p.)

MIJNHARDT, C.F. 1956. Afrikaanse Bybelkonkordansie. Pretoria, Van Schaik. 644p.

MOORREES, A. 1937. De Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1652-1873) Kaapstad, S.A. Bybelvereniging. 1010p.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK, 1857. Acta Synodi. Handelingen der eerste vergadering van de Algemeene Synode 1824. Kaapstad, Pike.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. 1966. Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk gehou in Bloemfontein.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK. 1967. Kerkwet.

PARKER, T.H.L. 1959. Calvin's Commentaries: St. John 1-10, Vol. I. London, Oliver & Boyd. 2 dle.

POLMAN, A.D.R. 1958. Geloof. (In: Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P. red. Christelijke encyclopedie, 3 Kampen, Kok. p. 137-9).

POP, F.J. 1958. Bijbelse woorden en hun geheim, dl. 2. s' Gravenhage, Boekencentrum.

POSTMA, F. 1939. Beknopte woordeboek. Latyn - Afrikaans. Pretoria, De Bussy. 350p.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O. 1975. Regulasies en sillabusse. Fakulteit Opvoedkunde. (In: Jaarboek. Potchefstroom. p. 383-476).

RUTGERS, F.L. 1922. Kerkelijke adviezen. dl. 2. Kampen, Kok.

SCHMOLLER, A. 1953. Handkonkordanz zum griechischen Neuen Testament. Stuttgart, Privileg. Württ Bibelanstalt. 543p.

SIZOO, A. 1956. Johannes Calvijn Institutie: 3. Delft, Meinema.

SNIJMAN, P.C. 1909. Onze gevaren. (In: Lion-Cachet, J. red. Gedenkboek der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika. Potchefstroom, Koomans, p. 183-191).

SPOELSTRA, B. 1973. Aanbieding van kerkgeskiedenis op katkisasie. In die Skriflig. 7(27):34-41. Sept.

SPOELSTRA, C. 1906. Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitse Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika. dl. 1. Amsterdam, Kaapstad, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers Mpy.

TEN HAVE, P. 1948 Een metode van bijbelse catechese. Groningen, Wolters. 232p.

VAN RONGEN, G. 1968. De liturgie van Gods verbond. Groningen, de Vuurbaak. 38p.

VAN 'T VEER, M.B. 1942. Catechese en catechetische stof bij Calvijn. Kampen, Kok. 351p.

VAN 'T VEER, M.B. 1942? Calvijn over de belijdenis des geloofs. (In: Van 't Veer, M.B. red. De goede belijdenis. Terneuzen, Littooij, p.13-30).

VAN VELDHUIZEN, A. 1925. Katechetiek. Groningen. Wolters. 259p.

VAN VELDHUIZEN, G. 1903. Het moeilijke uur. Kampen, Kok. 35p.

VAN WYK, J.H. 1972. "Rypheid" en belydenisaflegging van geloof. In die Skriflig. 6(21): 33-40 Maart.

VAN WYK, J.H. 1974. "Kategetiese onderrig". <u>Enkele metodiese aanwysinge</u>. P.U. vir C.H.O. Fakulteit Opvoedkunde. Potchefstroom, 17p.

WATERINK, J. 1955. Puberteit. Wageningen, Zomer & Keuning. 181p.

ANDER BRONNE

BAVINCK, H. 1917. Paedagogische beginselen. Kampen, Kok. 187p.

BEKKER, J. 1975. Godsdiens en die kind. Ondervoeding, oorvoeding, of wanvoeding? <u>Fokus</u> 3(1):40-50.

BEETS, N. 1961. De grote jongen. Utrecht, Bijleveld. 239p.

BIESTERVELD, P. 1897. Calvijn als bedienaar des woords. Kampen, Bos. 198p.

BINGHAM, C.W. 1950. Calvin's commentaries: Harmony of Exodus, Leviticus, Deuteronomy and Numbers. Vol. I (4 dle). Grand Rapids, Michi., Eerdmans.

COETZEE, J.C. 1940. Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 66p. (Ossewareeks nr. 2.)

COETZEE, J.C. 1933. Die kind en sy godsdiens, dl. 1. Pretoria, Van Schaik.

DAVIDSON, B. 1959. Analytical Hebrew and Chaldee lexicon. London, Bagerter. 1784p.

DE KLERK, P.J.S. 1943. Kerk en verbond. Stellenbosch, Pro Ecclesia. 65p.

DE KLERK, W.J. 1964. Wending? Potchefstroom, Pro Rege. 184p.

DE KLERK, W.J. 1975. Pastorale sensitiwiteit. Johannesburg, Perskor. 122p.

GREIJDANUS, S. 1925. Korte verklaring der Heilige Schrift. Ephize. Kampen, Kok. 141p.

JOOSTE, J.P. 1957. Kom in sy voorhowe. Potchefstroom, Jubileum Boekefonds Administratiewe Buro. 56p.

KUYPER, A. 1899. Het calvinisme. Zes stone lezingen. Kampen-Amsterdam. 168p.

KUYPER, A. 1909. Encyclopedie der heilige godgeleerdheid. dl. 3. Kampen, Kok.

KUYPERS, A. 1963. Inleiding in de zielkunde. Kampen, Kok. 440p.

LAYCOCK, S.R. & MUNRO, B.C. 1966. Educational psychology. Vancouver, Copp Clark. 470p.

NARRAMORE, C.M. 1974. Councilling youth. Grand Rapids, Michi., Zondervan. 113p.

PARKER, T.H.L. 1961. Calvin's commentaries: St. John 11-21. Vol. 2. London, Oliver & Boyd.

PRINGLE, W. 1957. Calvin's commentaries. Commentaries on the epistles of Paul to the Galatians and Ephecians. Grand Rapids Michi., Eerdmans. 383p.

STEWART, C.W. red. 1969. Childhood and adolescent religion. Pastoral psychology, 20(191):5-66.

TERBLANCHE, T.J. 1973. Doelstellings van die opvoedkunde. Fokus, 1(2):99-107.

VAN DER MERWE, D.C.S. 1973. Twintigste-eeuse liturgiese vernuwing. Waarheen? Vorentoe of agteruit? Potchefstroom, Pro Rege. 46p.

VAN RULER, A.A. s.j. Hoe functioneert de belijdenis? Wageningen, Veeneman. 36p.

VAN WYK, J.H. 1973. Jy moet dit jou kinders inskerp; 'n handleiding by die godsdiensonderrig. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., Departement Teoretiese Opvoedkunde, 16p. (Voorligtingstukke oor opvoeding en onderwys, nr. 3.)